
# *Raaiselster*

## Troula Goosen

Human & Rousseau, 2019




"Historiese jeugromans wat vir hedendaagse lesers geskryf is, bestaan amper nie. Daarom wonder 'n mens of Goosen nie dalk 'n heel nuwe genre geskep het met *Raaiselster* nie." – J.B. Roux

Hierdie gids mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.

# Inhoudsopgawe

Bladsy

\

Voorwoord 4

**Pre-lees**

Historiese agtergrond 5
Genre 10
Oor die skrywer 10
Die boek se omslag 11
Opsomming van die roman 14

Elemente in die bou van 'n roman 17

- Karakterisering 17
- Milieu (ruimte en tyd) 20
- Vertellersperspektief 27
- Intrige 28
- Konflik 32
- Styl 33
- Temas en die morele les 34

**Post-lees**

Kort opsommings van elke hoofstuk mét woordverklarings en kontekstuele vrae 37

Antwoorde op kontekstuele vrae 70

Hersieningsvrae en antwoorde 88

Langer vrae en antwoorde 93

Konsepvraestelle met antwoorde 95

Verrykingsaktiwiteite 104

- Mondelinge klas-aktiwiteite: voorbereid en onvoorbereid 104
- Blokkiesraaisels 110
- Skriftelike opdragte 114

Bronnelys 122

# Voorwoord

Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskik vir gebruik in die Senior Fase. Hoewel die gids geskryf is met Graad 7 Huistaal as hooffokus, is dit ook bruikbaar as 'n gids vir ouer leerders – veral Graad 8 en 9 Eerste Addisionele Taal – omdat dit 'n eenvoudige manier bied waarop die wêreld van die letterkunde vir leerders in hierdie grade ontsluit kan word.

Die gids sluit biografiese inligting oor die skrywer in. Dit bevat 'n opsomming van die roman, asook ŉ bespreking aan die hand van ŉ aantal vrae oor die omslag. Dit behoort as ŉ goeie inleiding te dien tot die lees van die boek. Die historiese agtergrond se doel is om die leser voor te berei vir die milieu waarteen die verhaal afspeel sodat dit binne daardie konteks gelees kan word.

Dan volg 'n bespreking van die elemente waaruit 'n roman opgemaak word. Teksverwysings word gegee sodat die onderwyser vir leerders konkrete voorbeelde van hierdie elemente uit die teks kan gee.

Daarna word die verhaalgegewe hoofstuk vir hoofstuk opgesom, gevolg deur woordverklarings en kontekstuele vrae ten einde te verseker dat die leerder snap wat pas gelees is. Ná hierdie uiteensetting word die antwoorde op die kontekstuele vrae verskaf. Omrede hierdie teks 'n historiese agtergrond het, is daar waarskynlik heelwat woorde wat vir die hedendaagse jong leser onbekend sal wees; vandaar die woordverklarings wat op elke hoofstuk se opsomming volg.

Aanvullend tot die kontekstuele vrae word ook hersieningsvrae verskaf wat meer oorskouend van aard is en nié noodwendig hoofstukgebonde is nie. Hierdie afdeling word deur ŉ stel langer, meer omvattende vrae gevolg wat eweneens as onderwerpe vir ŉ groepsgesprek óf individuele mondeling hanteer kan word. Hierdie toetsafdeling word afgesluit met ŉ aantal kontekstuele vrae wat in die vorm van konsepvraestelle – soos dit die geval is met die langer opsteltipe vrae – vir die gerief van die onderwyser voorsien is met die meegaande nasienriglyne.

In die afdeling met verrykingsaktiwiteite is daar ŉ verskeidenheid aktiwiteite wat deur die onderwyser benut kan word, waaronder mondelinge oefeninge, blokkiesraaisels en skriftelike opdragte. In alle gevalle is die fokus noukeurig op die onderhawige teks behou met die verwagting dat dié verrykingsaktiwiteite nie net sal help met die vaslê en begrip van die literêre teks nie, maar dat dit tegelykertyd ŉ aangename en stimulerende ervaring sal wees vir beide leerder en onderwyser.

Ons hoop dat u die gids nuttig sal vind. Lekker lees!

**Hierdie gids is saamgestel deur Louis Esterhuizen, en bygewerk en hersien deur Hettie van Zyl en Troula Goosen.**

# PRE-LEES

## Historiese agtergrond

*Raaiselster* vat die leser op ’n tydreis 150 jaar terug in die verlede. Mense se kleredrag en haarstyle het anders gelyk. Rytuie soos kapkarre. spaaiders, treppies, ossewaens, bokwaens en vierperdekarre se wiele het stof uit die grondpaaie en strate geskop. Stoomskepe het in die hawe anker gegooi. Kom ons kyk na ’n paar mense, plekke en dinge wat eie was aan hierdie tyd in Suid-Afrika:

### San en die Khoikhoi

Daar is op baie plekke in Suid-Afrika rotstekeninge wat bewys dat die San van die eerste bewoners van Suider-Afrika was. Hulle was hoofsaaklik jagters wat met pyl en boog gejag het. Baie van hierdie vroegste bewoners is later deur veeboere vermoor en sommige is gevange geneem en moes vir die boere werk. Die laaste oorblyfsels van hierdie stam het in die Kalahari gewoon.

Die Khoikhoi het in die Kaap gewoon toe die eerste Europeërs na Suid-Afrika gekom het. Hulle was nomadiese veewagters wat met skape en beeste geboer het. Die Europese setlaars het met hulle handelgedryf deur produkte soos krale, koper en tabak te ruil vir vee.

### Feit of verbeelding?




**Vraag**: In *Raaiselster* ontdek die karakters ’n handafdruk in ’n bakkrans in die Skurweberge. Bestaan daar so-iets?
**Antwoord**: Feit! Handafdrukke kom dalk nie in die Skurweberge voor nie, maar wel op verskeie plekke in Suid-Afrika. Die afdrukke is gemaak deur rooi of geel okerpoeier te gebruik. Die antieke inwoners het geglo dat die verf ’n essensie bevat wat ’n geestelike en genesende krag vrystel wanneer jy met jou hand daaraan raak.

### Slawe

Slawehandel het sedert 1658 in Suid-Afrika plaasgevind. Slawe is veral vanuit die Ooste en ander Afrika-lande ingevoer. Al die slawe wat nie deur die Kompanjie (Nederlandse regering in Suid-Afrika) gebruik is nie, is op ’n publieke veiling vir die hoogste bod verkoop. Dit was vir die koper belangrik dat die slaaf jonk en sterk moet wees. Daar is soms ook vroue verkoop en sommige het nooit weer hulle kinders gesien nie. Slawe was verplig om enige werk wat

aan hul opgedra word uit te voer in ruil vir kos en klere. Hulle is baie swaar gestraf indien hulle nie die reëls nagekom het nie of weggeloop het.

Na die tweede Britse besetting in 1806 is die invoer van slawe van ander lande verbied. Daar was egter steeds slawe in Suid-Afrika. Die slawe se lewensomstandighede het geleidelik verander, want baie het getrou en hul eie kinders gehad. In 1838 was slawerny in Suid-Afrika heeltemal verbode.

**Groentemarkplein en Burgerwaghuis**

In Kaapstad was die ingang van die Kompanjiestuin in Tuinstraat, terwyl daar aan die bokant van Heere-, Rijger en Olifantstraat ’n markplein ontstaan het. Op die Groentemarkplein is die groente van die Kompanjie asook die van die boere van die hand gesit. Geboue soos gewone woonhuise is rondom die plein gebou.



Later het ander geboue gevolg soos die Burgerwaghuis. Hier kon waens en karre gehuur word. Die suidweste kant was die plek waar werkers gestaan het, boodskappers en draers wat ook gehuur kon word. Dit het byvoorbeeld 2c gekos om ’n brief of pakkie wat minder as 50 pond (22,7 kilogram) weeg, ’n halfmyl verder af te lewer.

Die plein was ook ’n bymekaarkomplek vir die deftige burgers van die stad. Die ryk dames is in mooi versierde draagstoele rondgedra wanneer hulle êrens gaan kuier het. Na die oprigting van die Stadsaal by die Parade het baie van die groentestalletjies daarheen verskuif.

**Posdiens**

Een keer per maand, vanaf 1815, het ’n posboot (posskip) uit Engeland na Kaapstad gereis. Hierdie skepe het tot honderd en veertien dae geneem om die Kaap te bereik. Die *Enterprise*,’n stoomskip, wat in 1825 in Kaapstad se hawe vasgemeer het, se reistyd was agt en vyftig dae. Die Windsor Castle was die laaste posskip wat in September 1977 uit die hawe van Kaapstad vertrek het.

Die eerste poskoets het in 1801 tussen Kaapstad en Simonstad met passasiers en pos gery. Die Zeederberg-poskoets se roete was tussen Kaapstad en Kimberley.

Poskoetse het ook passasiers vervoer en was die vinnigste manier om te reis. Indien daar geen teenspoed was nie, het dit ’n poskoets bv. 7 tot 8 dae gevat van die Kaap tot in Kimberley. Dit was omdat poskoetse elke 20 myl van vars perde of muile voorsien was.

**Die ossewa en die bokwa/transportwa**

Die ossewa het uit drie dele bestaan: die onderstel, buikplanke en die bak. Die bak het sykante gehad waaroor die watent gespan is. ’n Juk van hout is op die nekke van die osse gespan.

’n Ossewa is getrek deur ’n span osse wat gewissel het van agt tot sestien osse. Die osse het name gehad en het altyd in dieselfde posisie, bv. voor of agter, getrek. Die span osse is gewoonlik deur ’n jong seun (touleier) met ’n sambok gelei terwyl die drywer voor op die wakis gesit het. Elke wa het ’n tent gehad wat oor ’n raamwerk gespan is. Potte en panne is onder die wa vasgemaak.

Die transportwa, ook ’n bokwa genoem, het uit die ossewa ontwikkel. Dit was sterker as groter as die ossewa en het ’n yseras gehad. Swaarder vragte van tot drie ton kon dus vervoer word en daarom is dié wa gebruik om negosieware na en van die binneland te vervoer.



**Transportryers (togryers)**

Transportryers was handelaars wat bokwaens gebruik het om hul handelsware te vervoer. Afgeleë gemeenskappe was van hierdie togryers afhanklik om benodigdhede te bekom en op hulle beurt produkte na die groter sentra en hawens te stuur. Produkte soos meubels, klerasie, wol, vars vrugte, groente konfyt, biltong, varkspek, tabak , drank olifant-en seekoeitande ens.is deur die togryers vervoer.

Die lewe van ’n togryer was moeilik en gevaarlik. Hulle moes self sorg vir kos en was oorgelewer aan die natuur se elemente, aan wilde diere en aan struikrowers.



**Visbedryf**

Kaapstad van die 19e eeu het na vis geruik! Die vissers het met saknette en sleepnette in die see visgevang. Wanneer ’n vissersboot in die hawe aangekom het, is die vangs van die vissers deur die blaas van die vishoring aangekondig. Handelaars het dan vis by die vissers gaan koop. Sommige handelaars het die vis met perdekarre by die huise van inwoners gaan aflewer. Hierdie smouse het deur die woonbuurte gery en op hul blikhorings geblaas om inwoners te nooi om vars vis te koop.

**Landbou**

Die Kaap is aanvanklik as ’n verversingspos ingerig om skepe wat na die Ooste verbygevaar het van vars vrugte en groente te voorsien. Hendrik Bloom was die eerste tuinier in die Kaap. Hy het die fynbos uitgespit en groentesaad gesaai in die Kompanjiestuin.

In 1657 het die eerste vryburgers plase in die Liesbeeck-vallei aan die beskutte oostelike kant van Tafelberg gekry. Hulle het graan geplant en later wingerde aangelê. Vrugtebome is uit Europa en die Ooste ingevoer. Boere het die grond met houtgrawe en pikke bewerk. Later is ploeë, wat deur osse getrek is, gebruik.

Met verloop van tyd is plase ook in die binneland aangelê. In 1729 het die eerste groente-en vrugteboere hulle in die vrugbare Bokkeveld gevestig.

**Geldstelsel**

Met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 is goue en silwer munte vanaf Europa gebruik. Laat in die agtiende eeu is spesiale munte soos duite (kopermunte), silwer dukatons en guldens gebruik. Daar is ten tyde van die oorlog tussen Nederland en Engeland papierbanknote (riksdaalders) uitgereik omdat daar ’n tekort aan munte ontstaan het.

Na die eerste Britse besetting aan die Kaap is koperpennies ingevoer en later het goue ponde en silwermunte gevolg. In 1848 het Engeland se sterling (ponde, sjielings en pennies) die enigste wettige geldstelsel in Suid-Afrika geword. Die pennie was baie min werd en is soms ’n oulap genoem. 14 Februarie 1961 is die Britse pond met die Suid-Afrikaanse rand, wat in honderd sente verdeel is, vervang. Goud en silwer in die Suid-Afrikaanse Reserwebank se kluise moes die bedrag dek van alle banknote wat vervaardig is.

**Boustyle**

Die fort (kasteel) is van klei en klip gebou. Die eerste huise van die setlaars het uit drie kamers bestaan. Die mure is gebou van klip en klei wat van seeskulpe gemaak is. Die dakke is met riete gedek.

Gewelhuise is later gebou. Die gewels het gekeer dat reën van die dak op die stoep drup of dat brandende dekriet op die mense val. Later het die gewels al hoër geword met versierings van onder andere druiwe, sterre en blomme wat aan die voorkant van die huise aangebring is. Die Kaaps-Hollandse boustyl is beïnvloed deur Nederland, Duitsland en Indonesië en was tot in die middel van die 19e eeu alledaags.

Tydens die Britse beheer aan die Kaap het die Engelse boustyl inslag gevind. Dit is die Georgiaanse styl genoem na aanleiding van koning George III wat op daardie stadium aan bewind van Engeland was. Die argitektoniese nabootsing van die Kapenaars was die Kaaps-Georgiaans boustyl.



Tydens die heerskappy van koningin Victoria (1837-1901) het ’n nuwe boustyl posgevat. Gietyster in sierlike krulle (“broekieskant”), geronde sinkdakke en ingewikkelde vensters met loodglaswerke en sierpilare was kenmerkend van hierdie tipe argitektuur. Die styl het torings, fasades, relings, hoë ingange en boligte ingesluit.

**Kimberley**

Kimberley het in 1871 ontstaan na die ontdekking van diamante. Die eerste diamant is in 1866 deur ’n vyftienjarige seun, Erasmus Jacobs naby Hopetown opgetel. Baie fortuinsoekers het na Kimberley gestroom en geglo dat hulle gaan ryk word. Cecil John Rhodes het geleidelik die meeste van die delwersmaatskappye gekoop en in 1888 is die De Beers Consolidated Mines gestig. Die diamantmynbou is steeds een van die grootste myindustrië in Suid-Afrika. Die eerste elektriese straatligte in Suid-Afrika is in 1881 in Kimberley in gebruik geneem.

**Ceres**

Die eerste inwoners van Ceres, die Koue Bokkeveld en die Tanqua Karoo was die San en die Khoi. In 1729 het die eerste boere die Witzenberg oorgesteek en plase in die Bokkeveld gevestig. Die voltooiing van Michellspas het die streek meer toeganklik gemaak en het aanleiding gegee tot die ontstaan van die dorp, Ceres, Die eerste dorpserwe is in 1849 aan die oewer van die Dwarsrivier verkoop.

In die laat 1800’s, met die ontdekking van diamante in Kimberley, word die roete deur Ceres die hoofroete vanaf Kaapstad na die diamantvelde. Van Kaapstad af, was Ceres die laaste belangrike dorp op die roete.
https://www.facebook.com/Cerestown/videos/511689353102801

Daar is geglo dat Ceres se klimaat baie gesond is en ’n bestaande losieshuis is in 1878 omskep in ’n sanatorium vir teringlyers.

**Nagmaalsnaweek**

Nagmaal is gewoonlik een keer per kwartaal deur die NG-kerk gehou. Dit was ’n groot okkasie wat ’n hele naweek geduur het en al die gemeentelede het die nagmaal bygewoon. Boere van verafgeleë plase het met hulle perdekarre en ossewaens na die dorp gereis. Omdat die reis lank geduur het, moes hulle al ’n dag of twee tevore ry sodat hulle betyds kan wees. Sommige het tente opgerig waarin hulle oornag het. Ander het by familielede in die dorp tuisgegaan. Van die ryk mense het selfs dorpshuise gekoop waarin hulle tydens nagmaalsnaweek gewoon en daarna weer na hulle plase teruggekeer het. Dit is tuishuise genoem.

**Tuberkulose**

Tuberkulose is ’n aansteeklike siekte wat die longe aantas. ’n Lyer sal simptome soos nagsweet, moegheid, gewigsverlies en ’n droë hoes ervaar. Daar word jaarliks meer as 50 000 tuberkulose gevalle aangemeld. Mense wat in groot getalle in een huis woon, kan maklik slagoffers van tuberkulose word wanneer een persoon in die huishouding die siekte onder lede het.

SANTA (Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose-assosiasie) is in 1947 gestig, want Suid-Afrika is een van die lande in die wêreld wat die ergste deurloop onder tuberkulose.

## Genre




Vandag gaan jy met ’n opwindende avontuur begin: Jy gaan ’n **roman** lees!

Stories word op verskillende maniere vertel. So kry ons bv. dramas, kortverhale, en novelles of romans. Dié verskillende soorte stories word **genres** genoem.

*Raaiselster*, die boek wat jy gaan bestudeer, is ’n **roman.** Die uitgewer beskryf dit as ’n spannende historiese jeugroman wat tegelykertyd fantasie-, avontuur-, en spookverhaal is.

## Oor die skrywer

Sonder skrywers sal daar nie boeke wees nie. Wanneer ons ’n boek oopmaak en begin lees, stap ons dus as’t ware in die skrywer se verbeeldingswêreld in.

Die skrywer van *Raaiselster*, is **Troula Goosen**.




Troula het op verskillende dorpe in die Weskaap grootgeword, en het op Ceres, waar *Raaiselster* afspeel, gematrikuleer. Sy wou van kleintyd af stories skryf. Na matriek het sy drama en Biblioteekkunde op Stellenbosch studeer, maar toe sy met ’n predikant trou, het haar lewe ander draaie geloop. Later het sy as besigheidsvrou en binneversierder gewerk. Toe sy en haar man, oom Chris, op Bettysbaai aftree, het sy egter haar ou jeugdroom afgestof en begin skryf.

Troula Goosen se eerste publikasies was kortverhale en novelles vir opvoedkundige uitgewers (Via Afrika en Oxford University Press). In 2016 is *Spooksoene* (2015: Protea Boekhuis), haar eerste vollengte jeugverhaal, met ’n ATKV-Woordveertjie bekroon. Daarna volg *Maanlig- Meermin* (2017: Tafelberg Uitgewers) en *Raaiselklip* (2018: Human & Rousseau). *Raaiselster* (2019: Human & Rousseau) is dus die tweede aflewering in die reeks “Raaiselstories” – boeke wat van die leser vereis om eers ’n raaisel op te los. Die derde boek in die reeks, *Raaiselsee*, verskyn in 2020.

Sy is die ouma van drie kleinseuns en het die storie, *Raaiselster*, op Bettysbaai geskryf.

Gaan kyk gerus na die skrywer se bladsy op sosiale media:
[www.facebook.com/Troulaskrywer](www.facebook.com/Troulaskrywer)

## Die boek se omslag




**Het jy geweet?**

Die boek se voorblad moet treffend wees. So ook die titel. Baie mense sal kies om die boek te lees net omdat die omslag vir hulle mooi is. Die omslag moet jou nuuskierig maak oor die boek en dit moet jou lus maak om die boek te lees.

Die illustrasies of foto's wat op omslae gebruik word, kom gewoonlik van foto-databasisse of word deur 'n fotograaf geneem. Die ontwerp van 'n goeie omslag is 'n hoogs gespesialiseerde beroep en word gewoonlik deur 'n grafiese ontwerper gedoen. As ons kyk na die kolofoninligting binne-in die boek waar die publikasie-inligting gegee word, sien ons dat die omslagfoto deur Danie Janse van Vuuren geneem is en dat die omslagontwerp deur Flame Design, Kaapstad, gedoen is. Die foto van die meisie op die voorblad is dus spesiaal vir hierdie boek geneem.

## Vrae

Wat dink jy van die omslag en wat vertel dit jou van die storie wat jy gaan lees? Gee jou eerlike mening aan die hand van die volgende vrae:

**Voorplat (voorkant van ’n boekomslag)**

1 Wie is die boek se outeur (skrywer) en wat is die boek se titel (naam)?

2 Die titel verwys na ’n ster. Maar wat is anders aan dié ster?

3 Wat is ’n raaisel?

4 Agter die meisie kan ons die oë van ’n dier sien. Watter tipe dier se oë kan dit moontlik wees?

5 Watter gevoel ervaar jy wanneer jy kyk na hierdie oë wat so oor die meisie se skouer loer?

6 Die lettertipe (font) waarmee die titel geskryf is, lyk anders as die gewone. Hoekom dink jy het die uitgewer dié lettertipe gekies? Kan jy aan nog voorbeelde van titels dink wat jy met so ’n lettertipe sou kon skryf?

7 Die meisie op die omslag het nie tipiese meisieklere aan nie. Noem ten minste twee goed wat meisies gewoonlik dra en nie mans nie.

8 Die hemp kan egter ’n meisiehemp wees en ook ’n manshemp. Stem jy saam? Kan jy sê wanneer dit mode was vir mans om sulke swierige hemde te dra?

9 Bestudeer die lokteks:
“’n Weeskind . . . ’n tollenaar . . . en ’n <u>oer</u>ding wat verdwaal het in die Skurweberg se poort.”
a) Verduidelik wat ’n weeskind is.
b) Waarom moet ’n mens tolgeld betaal?
c) Wat is die betekenis van die onderstreepte deel van die woord “<u>oer</u>ding”?

10 Op watter plekke sal ons vandag nog tolgeld betaal?

11 Kan jy twee goed op hierdie omslag raaksien wat jou laat dink dat ons hier met ’n baie ou storie te make het wat lank gelede plaasgevind het?

12 Hoekom dink jy is die berg se naam “Skurweberg”. Weet jy wat ’n berg se poort is en waarom sal dit maklik wees om in Skurweberg se poort te verdwaal?

**Bestudeer die rugkant (die “spine” in Engels) van die boek en bespreek dan die volgende vrae daaroor:**

1 Wat beteken die klein illustrasie/logo (H&R) op die rug? (Dit verskyn ook op die boek se agterblad.)

2 Hoekom dink jy is die titel en die outeur se naam so duidelik op die rug gedruk?

3 Dink jy die donkerblou agtergrond en die sterre werk goed? Motiveer jou antwoord.

**Bestudeer nou die boek se agterblad en bespreek dan die volgende vrae daaroor:**

1. Wat is die werk van die outeur in die skep van ’n roman?

2. Wie is die uitgewer van die boek?

3. Waar kan jy meer te wete kom oor die uitgewer se jeugfiksie?

4. Wat is die werk van die uitgewer in die skep van ’n roman? (Voorstel: Doen vir die pret bietjie navorsing oor hoe ’n boek gemaak word.)

5. Wat is die doel van die strepieskode (barcode) en waarom staan die woord “Jeugfiksie” bo die kode?

6. Wat is die doel van die lokteks (beskrywing) op die agterblad?

7. Die lokteks op die agterblad moet ’n leser lus maak om die boek te lees. Dink jy hierdie lokteks slaag daarin? Waarom sê jy so?

8. Onderaan hierdie lokteks is daar ’n afbeelding van die skrywer se vorige boek. Wat is die funksie daarvan?

9. As ons *Raaiselklip* en *Raaiselster* se omslae langs mekaar sit, is dit interessant om te sien hoeveel dinge dieselfde is. Hoekom dink jy is dit so? Noem alles wat ooreenstem.

10. As jy deur net na die omslag te kyk moet besluit of jy lus is om die boek te lees, sal jy dit doen? Gee redes waarom jy so besluit.




Nou is dit tyd om die boek oop te maak en te begin lees . . .

*Raaiselster* is ’n spannende historiese jeugroman wat tegelykertyd fantasie, avontuur én spookverhaal is en ál die bestanddele bevat van die soort boeke wat jongmense graag wil lees: avontuur, spanning, ’n bietjie kalwerliefde en karakters waarmee geïdentifiseer kan word. Feite en fiksie word op ’n slim manier vermeng sodat lesers ’n unieke blik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis kry.

## Opsomming van die roman

*Raaiselster* speel af in Kaapstad, in die jaar 1880.

Leopold, die hoofkarakter, is 14 jaar oud. Hy is die enigste kind van ’n skatryk Kaapse vrou.

Maar Leopold se wêreld stort in duie toe sy ma sterf en hy ontdek dat hulle rykdom verdwyn het. Van sy pa weet hy niks en Mieta, wat hom grootgemaak het, is te arm om vir hom te sorg. Oornag is hy ’n weeskind wat na homself moet omsien.

Hy ontmoet ’n togryer –’n boggelrugman met ’n vreemde wit hond, Asem, – wat hom ompraat om by die transportwa aan te sluit en sy fortuin op die diamantvelde te soek. Al wat hy met hom saamneem is sy ma se beursie. Daarin is net ’n paar munte en ’n waardelose klip wat hy as gelukbringer hou.

Die eerste deel van die reis is ’n nagmerrie. Leopold weet nie hoe om osse in te span of kamp op te slaan nie, en Sarel, oom Barend se onbeskofte touleiertjie spot met hom. Die misvormde togryer is ongeskik en Leopold voel verlore. Boonop kan hy Sarel se bangmaakstories oor ’n Verdwaalding wat in die Skurweberge rondsluip, net nie uit sy kop kry nie.

Uiteindelik bereik hulle die tolhuis in Michellspas. Leopold wag ongeduldig terwyl oom Barend die tolgeld betaal. Hy brand om uit die Skurweberge te kom, voor hulle dalk in die Verdwaalding vasloop.

By die staanplek op Ceres aangekom, trek ’n beeldskone meisiekind Leopold se aandag. Hy wil nog kennis maak, toe word oom Barend onverklaarbaar siek en stuur hy Leopold terug tolhuis toe om medisyne by die tollenaar te kry.

Doodbang vir die Verdwaalding, waag Leopold dit terug in die donker berg. Oom Arius, die tollenaar, is egter vriendelik en gee hom ’n sakkie met medisyne. Terug by die staanplek ontdek Leopold dat oom Barend met togwa en al verdwyn het. Ook van Sarel en die hond, Asem, is daar geen teken nie.

Die nag is winterkoud en Leopold verkluim amper. Honger en verward dwaal hy die volgende oggend deur Ceres se witgerypte strate. Tot sy verbasing sien hy vir Asem saam met ’n vreemde vrou in ’n swierige lykswa. In die hoop dat die hond hom na oom Barend sal lei, sit hy die lykswa agterna en loer deur die venster. Hy kap amper om toe hy die mooi meisiekind van die vorige nag in ’n oop kis sien lê. Toe sy boonop regop kom en vir hom kyk, skrik hy hom boeglam. Vas onder die indruk dat sy ’n spook is, vlug hy teen die berg uit.

Tussen die kranse loop hy vir Sarel raak en kom agter dat die touleier eintlik ’n meisie, Sara, is wat haarself as ’n seun vermom het. Sy is op soek na die merk van haar voormense waarvan haar pa haar vertel het.

Die dapper Sara is egter doodbang vir spoke en toe Leopold haar van die meisie in die doodskis vertel, kies sy die hasepad. Leopold sit haar agterna en hulle kom by die tolhuis uit waar die tollenaar hom oor hulle ontferm.

Sara besluit om by die tollenaar te bly sodat sy na haar voormense se merk kan gaan soek. Leopold kry nie die mooi meisie uit sy gedagtes nie en gaan terug Ceres toe om haar te soek.

Hy ontdek sy is nie ’n spook nie, maar Emily, die dogter van ’n geoloog. Haar pa bestudeer ’n meteoriet wat jare gelede in die Bokkeveld geval het en het van die brokstukke wat hy gevind het, huis toe gebring. Emily is heldersiende en die klippe “praat” met haar. Volgens haar het hierdie “stersplinters” iets te doen met ’n donker wese wat al ’n halfeeu lank in die Skurweberge ronddwaal. Emily glo Leopold en Sara is gestuur om haar te help om die geheim te ontrafel en die Verdwaalding se skrikbewind stop te sit. Leopold kom ook agter dat die vrou in die lykswa Emily eksentrieke goewernante, juffrou Estrelita, is – ’n lid is van ’n geheimsinnige “sterbrigade” wat teen die hartseer in die wêreld veg.

Terug by die tolhuis erken oom Arius dat hy van die Verdwaalding weet en dat hy snags in die berge ingaan om die monster se bose werk te probeer keer. Terwyl oom Arius uit is, kom Leopold af op ’n sakkie diamante wat in die skoorsteen weggesteek is.

Emily sluit by Leopold en Sara aan. Die drie kinders se soektog kry rigting wanneer hulle op ’n foto en ’n dagboek afkom wat in die doodskis op die tolhuis se solder gebêre word. Duidelik steek oom Arius ’n hartseer geheim weg.

Hulle maak nog ’n ontdekking. In die sakkie wat die tollenaar vir oom Barend gestuur het, is daar niks medisyne nie, net ’n vreemde klip en ’n raaisel. Emily herken die klip as ’n “stersplinter” en Leopold besef dat die klip in sy ma se beursie ook van die meteoriet afkomstig is. Sara dra nog die hele tyd ’n sakkie om haar nek en toe sy die ander klippe sien, wys sy vir Leopold en Emily wat daarin is. Ook ’n stersplinter!

Asem lok vir Sara in die berg in en oom Arius gaan na haar soek. ’n Sneeustorm steek op en Leopold en Emily besluit om te gaan help. Hulle vind vir Sara en skuil in ’n bakkrans waar Sara op die merk van haar voormense – ’n handafdruk teen die rots – afkom. Hulle is nog besig om daarna te kyk, toe hulle die Verdwaalding hoor nader kom. Nou kan net die raaisel hulle red! Die monster verskyn in die bakkrans. Die oomblik toe hulle die raaisel ontrafel, verskrompel die Verdwaalding. Al wat oorbly is oom Arius wat in ’n hopie op die grond lê.

Veilig terug by die tolhuis vertel oom Arius dat hy een van die bandiete was wat Michellspas gebou het en dat hy en die Verdwaalding se paaie só gekruis het. Die Verwaalding, ’n buiteruimtelike wese, het tydens die meteorietval op die aarde beland en snags van oom Arius se liggaam besit geneem. Noudat die raaisel opgelos is, is nie net oom Arius nie, maar ook die Verdwaalding vry. Leopold en Sara leer ook dat oom Arius hulle oupa is.

Die lykswa hou by die tolhek stil en laai oom Arius op. Dit verdwyn in die sneeustorm, maar nie voor Leopold en Sara sien dat oom Barend en Asem saam met juffrou Estrelita in die lykswa is nie. Oom Barend, Asem en juffrou Estrelita is dus die drie lede van die “sterbrigade”, engele wat gekom het om oom Arius weg te vat van al die hartseer van sy verlede.

Leopold en Emily vind mekaar en Leopold en Sara besluit om op Ceres te bly en die sakkie diamante te gebruik om ’n nuwe toekoms te bou.


## Feit of verbeelding?


**Vraag**: Het daar regtig ’n meteoriet in die Bokkeveld geval?
**Antwoord**: Feit! Dit het egter in die oggend gebeur en nie in die nag soos die skrywer impliseer nie. Sy het dus haar skrywersvryheid gebruik om die werklikheid “aan te pas”. Dit is tog interessanter om van ’n sterrereën te lees as net van ’n oorverdowende lawaai. Lees hier wat werklik gebeur het:




http://historicfalls.com/19th-century-meteorites-1/cold-bokkeveld-meteorite/

## So het Adderleystraat gelyk in die 19e eeu:





# Elemente in die bou van ’n roman

Geluk! Jy het ’n historiese jeugroman gelees. Nou gaan ons *Raaiselster* van naderby bestudeer. Heel eerste gaan ons kyk na die elemente waaruit ’n roman opgebou word.

Wat geniet jy die meeste in ’n storie?

- Interessante karakters, elkeen met sy eie persoonlikheid en agenda? ’n Hoofkarakter wat probleme het, maar van wie jy so baie hou dat jy die avontuur saam met hom/haar wil beleef? Vriende wat hom/haar help en die bose of gemene skurk wat keer dat hy/sy slaag?
- ’n Lekker plek – geheimsinnig, spokerig, romanties, eksoties – waar daar sommer baie dinge kan gebeur?
- Opwindende avonture? Die hoofkarakter het ’n probleem of daar is iets wat hy/sy baie graag wil hê, maar die teenstander steek ’n stokkie daarvoor. Hoe swaarder die karakters kry, en hoe slegter sake lyk, hoe lekkerder is die storie, nie waar nie?
- Na vele avonture los die hoofkarakter en sy/haar vriende die probleem op. Dankie tog, net betyds!
- ’n Einde wat jou tevrede laat voel en bly maak dat jy die boek gelees het?

## Karakters en karakterisering

Karakters is die mense wat in die verhaal voorkom.
Ons leer ’n karakter ken deur wat hy/sy doen, dink en sê en ook deur wat ander karakters van hom/haar dink en sê en hoe hulle teen hom/haar optree.

Wanneer ’n karakter nuwe insig kry en/of as mens ontwikkel, sê ons dat die karakter groei.

Tipes karakters:

**1. Protagonis**

Die **protagonis** of (hoofkarakter) is die karakter waaroor die verhaal gaan en die storie handel oor iets belangriks wat in sy/haar lewe gebeur.

Omdat die leser hierdie karakter goed leer ken, moet hy/sy oor eienskappe beskik – goed sowel as sleg – wat hom/haar soos ’n regte mens laat voel, iemand vir wie die leser genoeg omgee (en dus **empatie** mee het) om te wil weet wat met hom/haar gaan gebeur.

In die geval van *Raaiselster* is die hoofkarakter **Leopold**. Leopold besluit ná sy ma se dood om saam met ’n transportryer (togryer) na die Kimberley se diamantveld te reis om daar sy fortuin te gaan soek. Soos die storie ontvou, leer ons hom goed ken. Sy karakter is **driedimensioneel** (veelkantig) omdat ons die heeltyd weet wat hy dink en hoekom hy doen wat hy besluit het. Omdat ons die storie deur sy oë beleef, weet ons van sy drome, onsekerheid, braafheid en lojaliteit teenoor ander mense.

**2. Antagonis**

Teenoor die hoofkarakter of protagonis vind ons die opponent, oftewel **antagonis**. Dit is gewoonlik die skurk in die verhaal.

Die hoofkarakter se lewe of drome hang daarvan af dat hy suksesvol is en die antagonis is die persoon of idee wat keer dat dit gebeur. Die teenstander moet ook ’n sterk karakter wees, iets of iemand wat die hoofkarakter tot die uiterste sal toets. In dié proses ontstaan **konflik** en dit skep daardie naelbyt spanning wat maak dat die leser nie kan wag om om te blaai nie.

Enige karakter wat die hoofkarakter opponeer, is ’n antagonis. Daar kan dus meer as een antagonis in die storie wees.

In *Raaiselster* is die bose teenwoordigheid van die **Verdwaalding** die antagonis. Die hoofkarakter, Leopold, moet die raaisel oplos deur uit te vind wie of wat die monster werklik is. So ontstaan daar konflik. Teen die einde hang Leopold en sy vriende se lewens daarvan af dat hulle slaag, terwyl die Verdwaalding op sy beurt vir sy eie oorlewing veg.

**3. Newekarakters**

Die ander karakters in die storie word **bykarakters** of **newekarakters** genoem.
Die hoofkarakter het vriende, familie en soms ander helpers wat hom bystaan. Hierdie karakters speel ’n belangrike rol omdat hulle ’n direkte invloed op die hoofkarakter het en dus op hoe die storie ontvou. Gewoonlik is hulle **tweedimensionele** of **plat karakters**.
**Bykarakters i**n *Raaiselster* is Leopold se vriende, **Sarel/Sara** en **Emily**, **oom Arius** die tollenaar en die lede van die Sterbrigade, **oom Barend, Asem** en **juffrou Estrelita**.

**4. Randfigure**

Daar kan ook **randfigure** wees – dit is bykomende karakters wat bloot toevallig teenwoordig is en daarom meestal **eendimensioneel** (stereotipies) of **plat** is. Hulle speel nie ’n belangrike rol nie, daarom leer die leser hulle nie goed ken nie.

Randfigure in *Raaiselster* is Leopold se ma, **Isabella, Mieta,** sy grootmaakma, sy vriend **Frans** en die **witkopseun** wat hy by die staanplek op Ceres ontmoet.

**Kom ons bekyk ’n paar van R*aaiselster* se karakters van naby:**

**Leopold** is die hoofkarakter in die storie. Die leser ontmoet hom waar hy saam met sy vriend, **Frans** (’n randfiguur), op pad is na die hawe in Kaapstad om na die Britse posboot, die Trojan, te gaan kyk. Dit was die eerste stoomskip met elektriese gloeilampe in die eetsaal en die Kapenaars was nuuskierig om hierdie nuwe vorm van beligting te sien. Terwyl Leopold en Frans loop en gesels, kom ons agter dat Leopold se ma ernstig siek is en dat Oudok, die huisdokter wat na sy ma omsien, vir hom soos ’n “pa” is.

As hoofkarakter is Leopold orals waar daar konflik is. Hierdie konflik kan **innerlik** (in die karakter se kop) of **uiterlik** (stryd tussen karakters) wees.

Aan die begin van die storie ervaar Leopold **innerlike konflik** omdat sy ma ernstig siek is. Hierdie konflik verdiep wanneer sy ma sterf, en Leopold ontdek sy was bankrot. Sonder ’n erfporsie om van te leef, moet hy besluit oor sy toekoms. Bang en onseker oor wat op hom wag, aanvaar hy die togryer se aanbod om saam te reis. Toe hulle op Ceres uitspan en oom Barend geheimsinnig verdwyn, verander sy innerlike konflik na **uiterlike konflik**. Leopold se **uiterlike konflik** neem algaande toe wanneer hy by die Tolhuis gestrand raak en die raaiselagtige gebeure wat daarna volg, soos die verskyning van die Verdwaalding.

Ons het reeds gesien dat karakters **groei of ontwikkel** wanneer hulle nuwe insigte kry of as mense ontwikkel. Die konflik in die storie stel hulle voor uitdagings wat hul persoonlikhede of

karakters toets en hulle dwing om hul vaardighede te ontwikkel. Hierdie emosionele groei en/of **ontwikkeling** hou die leser enduit aan die lees omdat hy/sy wil weet wat van die hoofkarakter (en sy vriende) gaan word.

In *Raaiselster* leer ons Leopold ken wanneer sy bevoorregte lewe as die aantreklike seun van ’n ryk sosiale vlinder uitmekaar val. Van iemand wat alles gehad het, verander sy lewe na dié van een wat niks het nie. Dit maak hom onseker en bang, maar soos die storie ontvou, vermeerder sy selfvertroue en begin hy homself verdedig en leiding neem. Uiteindelik sien hy kans om ’n nuwe toekoms op Ceres aan te pak, om verantwoordelikheid te neem vir die mense wat vir hom goed was (Mieta en Moos) en het hy die vrymoedigheid om vir Emily te sê dat hy haar liefhet.

Nie net leer ons Leopold as hoofkarakter in die eerste bladsye van *Raaiselster* ken nie, maar ook drie belangrike **newekarakters**:

- **Sarel**, ’n skraal seun ongeveer twee jaar jonger as Leopold. Sarel is ’n touleier wat in die begin van die storie bitsig teenoor Leopold optree en dus soos ’n antagonis oorkom. Later vind ons uit Sarel is nie wie hy voorgee om te wees nie.

- **Asem**, ’n hond met ’n jakkalsgesiggie en ’n vreemde rooi merk op sy oor. Die hond lei Leopold na oom Barend se transportwa en teen die einde besef die leser dat hy een van die helpers is.

- **Oom Barend**, die geheimsinnige boggelrug-togryer wat met sy transportwa onderweg is na die Kimberleyse diamantvelde.

Naas Leopold as hoofkarakter is daar twee **belangrike newekarakters**:

- **Sara** – wat ons aanvanklik as die kleingeboude touleier Sarel leer ken.


- **Emily**, die beeldskone meisie met die donker hare wat heldersiende is en die “stersplinters” kan hoor praat. Emily se rol in die storie is baie belangrik omdat sy help om die raaisel rondom die Verdwaalding op te los.

**Sara is die meisie wat op die voorblad afgebeeld word.** In die begin leer ons haar ken as Sarel die touleier, maar later vind ons uit dat sy eintlik ’n meisie is op soek na haar voormense se merk. Sy het haarself as touleier vermom om so saam met die togryer na Ceres te reis waar haar oorlede pa gesê het sy die merk sal vind. Sara as newekarakter het dus ook ’n interessante agenda. Teen die einde ontdek ons sy is Leopold se niggie. Sara se **innerlike konflik** sentreer rondom haar bitterheid ten opsigte van haar agtergrond (veral haar pa wat homself “dood gesuip” het) en wanneer sy haar voormense se “merk” vind (bladsy 138). Omdat dit ’n handafdruk teen die rotswand in ’n bakkrans is, is sy ontnugter oor hoe min hulle as “eerste mense” nagelaat het. Regdeur die verhaal is Sara baie dapper: sy is as meisie vermom as seun bereid om die vreemde binne te vaar. Uiteindelik is sy die een wat die Verdwaalding agterna sit en konfronteer. Haar emosionele groei is dat sy aan die einde van die verhaal sowel haar moeilike kinderdae en haar teleurstelling in die “erfenis” van haar voormense verwerk. Nou is haar wens om presies daar waar haar voormense en haar oupa (oom Arius) was, te bly, en na hul nalatenskap om te sien.

**Emily** is ook ’n belangrike newekarakter omdat sy as ’n brug dien tussen die werklike (reële) en die fantasmagoriese wêreld wat ons in hierdie verhaal teëkom. Daar ontstaan ook ’n romantiese verhouding tussen haar en Leopold. Van die eerste oomblik wat Leopold haar te

sien, is sy ’n baie misterieuse figuur. Aanvanklik dink Leopold en Sara sy is ’n spook! Hulle kom egter gou agter Emily is ’n regte mens en dat sy ook die een is wat in staat is om die raaiselagtigheid van die boosaardige Verdwaalding en die vreemde rotstekeninge in die grot te ontsyfer. Anders as Leopold en Sara wat baie emosionele groei toon as karakters, bly die karakter van Emily relatief konstant en is daarom meer eendimensioneel en minder volrond as dié van Leopold en Sara.

Ander **newekarakters** wat in dié kategorie val, is **oom Arius**, die tollenaar wat eintlik Leopold en Sara se oupa is, en die lede van die **Sterbrigade**: oom **Barend**, **Asem** en **Estrelita**, Emily se eksentrieke goewernante en die koetsier van die lykswa.





### Het jy geweet?

Skrywers doen baie moeite om eers hulle karakters te leer ken, voordat hulle begin skryf. Soms soek hulle selfs prente van hoe hulle dink die karakter sou lyk. As jy moet raai, watter twee karakters in *Raaiselster* stel die volgende prente voor?
Soek prente om te wys hoe jy jou die karakters in *Raaiselster* voorstel.

## Milieu (ruimte en tyd)

Die milieu is die **agtergrond** waarteen ’n verhaal afspeel. Dit gaan oor beide die **plek** en die **tyd** waarin die storie gebeur. Tyd sluit in die tyd van die dag, die seisoen, en ook watter jaar dit is. In *Raaiselster* is dit veral belangrik omdat ons hier met ŉ **historiese jeugroman** te doen het; iets wat betreklik ongewoon is. ’n Historiese roman is ’n verhaal wat ’n sekere tyd in die geskiedenis kies as agtergrond.

Die feit dat hierdie storie teen ’n historiese agtergrond afspeel, word reeds deur die boek se omslag gesuggereer. Die meisie op die omslag het ŉ ouderwetse hemp aan met kruisbande en ŉ veldhoed in haar hande. Die omslag wek dadelik die indruk van ouwêreldse swier. Die vermoede dat hierdie storie nie in moderne tye afspeel nie, word deur die flapteks (beskrywing op die agterblad) bevestig wanneer ons lees van ŉ togryer, transportwa en die diamantvelde.

Wanneer ons begin lees, vind ons reeds in die eerste paragrawe verwysings na Adderleystraat in Kaapstad, perde en ŉ kapkar en daarom vermoed die leser dat hierdie verhaal lank terug – vóór daar motorvoertuie was – in die Kaap gaan afspeel. Wanneer ons dan enkele bladsye verder (bladsye 5 – 6) lees van die Trojan wat die eerste posboot met elektriese beligting is, besef ons dat dié verhaal in die 1880’s, kort ná die ontdekking van elektrisiteit afspeel:

Frans klik sy tong. "Aag, jy ken vir Oudok. Jou ma sal gesond word, jy sal sien."
"Dink jy regtig so?"
"Natuurlik!" Frans begin 'n pad deur die ander voetgangers baan. "Wat meer is, sy sal bly wees ek het jou omgepraat om na die Trojan te kom kyk. Jy weet mos hoe mal sy daaroor is as 'n Engelse skip in die baai vasmeer."
Leopold maak sy mond oop om te antwoord, maar Frans gee hom nie kans nie.
"Kan jy glo! Die eerste stoomskip ooit met gloeilampe in die eetsaal. Ek sê jou, een van die dae is elektrisiteit orals. In die strate. In ons huise . . ." Sy stem breek.
Leopold trek sy asem diep in. Die lug ruik na see, êrens in die verte roep 'n vishoring en om hom wemel dit van voetgangers en rytuie. Dit lyk of al wat Kapenaar is op pad hawegebied toe is, en dis g'n wonder nie. Die Trojan, 'n posboot op sy nooiensvaart van Engeland om die Kaap, het anker gegooi.
Hy brand om dit te sien, maar kan ook nie help om skuldig te voel as hy aan sy siek ma dink nie.
(bl. 1 – 2)

Met die verdere verloop van die verhaal verskuif die gebeure na **Ceres** en die **Skurweberge**, met Arius se tolhuis en 'n bakkrans in die klowe as belangrike plekke.
Die tydsplasing bly steeds die jaar 1880. Aan die begin van die storie is dit laatherfs in die Kaap, maar wanneer oom Barend se togwa op Ceres kom, is dit reeds diep in die winter.




## Feit of verbeelding?


**Vraag**: Was daar regtig 'n tolhuis in Michellspas?

**Antwoord**: Feit!

Michellspas is tussen 1846 en 1848 deur Andrew Geddes Bain en 'n span bandiete gebou. 'n Tolhek is opgerig met die tolhuis as verblyf vir die tollenaar. Hierdie tolhuis was dus geleë op die belangrike roete tussen Kaapstad en die vrugbare boerderystreek in die binneland. Toe diamante in die laat 1800's in Kimberly ondek is, het die roete nog belangriker geword. Reisigers moes betaal om deur die tol te gaan: 3 pennies per wiel, 1 pennie vir pakdiere, 'n halfpennie per skaap, bok of vark en 2 pennies vir elke ander dier.

Die tolhuis is in 1971 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en is vandag bekend as die Tolhuis Bistro, 'n gewilde restaurant op die roete.

**Vraag**: Spook dit regtig daar?
**Antwoord**: Gaan eet gerus vetkoek in die restaurant en vra die personeel uit. Besluit dan self of jy hulle glo.



## Feit of verbeelding?

**Vraag**: Het daar regtig 'n posboot met die naam Trojan in Tafelbaai anker gegooi?


**Antwoord**: Feit!

Die Trojan het op sy nooiensvaart in1880 besoek afgelê in Kaapstad. In die werklike lewe, nes in die storie, het dit groot opwinding veroorsaak omrede dit die eerste stoomskip was wat ook van elektrisiteit gebruik gemaak het vir beligting.

**Michellspas vandag en Michellspas van die 19e eeu.**







https://www.youtube.com/watch?v=R4Wgao_Hnv4

Die kranse van die Skurweberge waardeur Michellspas kronkel laat Leopold aan 'n tronk of 'n monster se fort dink.
Stem jy saam?

Die foto regs is van Andrew Geddes Bain wat Michellspas gebou het.
Weet jy watter passe hy nog gebou het?

https://www.facebook.com/275157542850912/videos/141099353992740/UzpfSTg5Njk2MDY5Mzc4OTkzMzoxNjI4ODg5ODQ3MjYzNjc3/

## Kopkrapper:

Die feit dat daar in die storie van ossewaens, kapkarre ens. gepraat word, gee ook vir ons ’n kykie in die milieu waarin die storie afspeel.

Die volgende rytuie word almal in *Raaiselster* genoem: ’n treppie (plaaskinders het dikwels hiermee skool toe gery), ’n vierperdewa (ook ’n nagmaalswa genoem – hiermee het die families dorp toe gery), ’n togwa (met ossewa in die agtergrond) en ’n lykswa. Kyk of jy dit kan uitken:









In *Raaiselster* is oom Barend se togwa se seil swart. As jy na die kleur van die seil op die foto kyk, sal jy verstaan dat dit ongewoon was en dus ’n teken dat daar iets “anders” aan oom Barend wa was. Rooi was egter nie ’n ongewone kleur vir die wiele nie.

## Feit of verbeelding?

**Vraag**: *Raaiselster* speel in 1880 af. Het daar regtig daardie jaar ’n diamantroof in die Kaap plaasgevind?

**Antwoord**: Feit!

Lees hier om uit te vind wat gebeur het:



"JOHN BRAMSTON,
"The Agent-General for South Australia."

GREAT DIAMOND ROBBERY AT THE CAPE.

[From the *Cape Argus*, March 23.]

The leading event of the week has been quite sensational in its character. At an early hour on Tuesday morning, March 16, it was discovered that the greatest robbery ever known in South Africa had been perpetrated at the General Post-Office in Cape Town. The attendant circumstances, so far as they are publicly known, were as follows :—The Kimberley post, which is timed to arrive in Cape Town an hour before the

https://trove.nla.gov.au/newspaper/article/43099569

## Het jy geweet?

Ceres is ’n gewilde toeristebestemming, ook in die winter wanneer dit op die berge sneeu en mense daar gaan ski. *Raaiselster* speel in die winter af.
Hier sien jy ’n onlangse foto van Ceres se hoofstraat, geneem omtrent op die plek waar Leopold wakker geword het, die oggend nadat hy agtergekom het oom Barend en sy togwa het verdwyn. As jy mooi kyk sal jy regs die afdak van Baumann se winkel sien. Die gebou is vandag nog daar en huisves ’n kettingwinkel. Tussen die bome is die brug waaroor Leopold geloop het is sigbaar. In die agtergrond is Oukop en die Skurweberge waar *Raaiselster* afspeel.



(Foto: Witzenberg gemeenskapsblad Facebook.)

## Het jy geweet?

Die **bergrosie** wat Emily in haar hande hou, is ’n spesie protea, bekend as **protea nana**, wat in verskeie berggebiede van die Groot Winterhoek tot by Du Toitskloof en oor die Skurweberge naby Ceres aangetref word. Die genus **protea** is vernoem na ’n mitologiese Griekse god wat van vorm kon verander. **Nana** kom van Latyn wat dwerg beteken. **Protea nana** is ’n fyn struik met diepgroen naaldvormige blare. Die takkies is grasieus en dra pragtige blommetjies wat in kleur wissel van helderrooi, wynrooi en groen. Omdat die groeiwyse veroorsaak dat blommetjie se koppie hang, word dit as “skaam” beskryf. (Inligting en foto’s: SANBI.)





## Het jy geweet?



Die kerk op die Boereplein (Riebeeckplein) waar Leopold na die begrafnis wakker word, staan vandag nog. Dit is aan die einde van die 18e eeu as die eerste operahuis/teater aan die Kaap gebou en het onder andere bekend gestaan as Di Schouwburg. Slawe het dit Die Komediehuis genoem. In die 1830’s het dit ’n ruk lank leeg gestaan. Later was dit ’n skool vir slawekinders en het die NG kerk dit gekoop. Vandag is dit steeds die kerkgebou van die St. Stevens gemeente. Die plein langsaan, waar oom Barend se wa gestaan het, was eers ’n plek waar boere hul waens kon uitspan. Later het dit ’n mark geword en vandag doen dit diens as parkeerplek.

## Kopkrapper:




**Vraag**: Leopold was nie baie verbaas om in die solder op ’n doodskis af te kom nie. Hoekom nie?

**Antwoord**: Vroeër jare het mense dikwels hulle kiste laat maak en gebêre vir wanneer hulle dit sou nodig kry. Intussen is dit as bêreplek gebruik.

**By die uitspanplek rondom ’n kampvuurtjie en tipiese eetgerei uit daardie tyd.**







## Het jy geweet?


Die strykyster wat Mieta gebruik het, het dalk só gelyk. Dit was van yster gemaak en warm kole is by die opening ingesit. Sommige ysters is op die vuur gesit om warm te word. Dit het ’n sisgeluid gemaak wanneer dit op klam materiaal neergesit is.

## Vertellersperspektief

Tensy die skrywer sy eie lewensverhaal (outobiografie) skryf, vertel hy/sy nie self die verhaal nie. 'n **Verteller** word gebruik om dit te doen. Die manier waarop die verteller hom van sy taak kwyt, word die **stem** van die verhaal genoem.

Daar is drie soorte vertellers wat in 'n roman kan voorkom:

- Die **"ek"-verteller (eerstepersoonsverteller)**. Een van die karakters, gewoonlik die hoofkarakter, vertel die die storie in sy/haar eie woorde. Voornaamwoorde soos "ek" en "ons" word gebruik en alles wat die karakter dink, doen, sien, voel en weet word uit sy/haar eie mond aangebied.
  Die "ek"-verteller kan net vir ons vertel wat die gesigspuntkarakter beleef en wanneer jy so 'n storie lees, voel dit soos 'n goeie maat wat al sy/haar geheime met jou deel.




- Die **"hy/sy"-verteller (derdepersoonsverteller)**: In die geval klim die skrywer in een (of meer) van die karakters se koppe, en voornaamwoorde soos "hy" en "sy" word gebruik. Die leser beleef die storie deur daardie karakter se oë, amper asof hy/sy self daardie karakter word.

**Hoe verskil die "ek"-verteller van die "hy/sy"- verteller**?

In albei gevalle beleef die leser die storie deur 'n die hoofkarakter se oë, maar die derdepersoon gee meer afstand deur die gebruik van die voornaamwoorde "hy" en "sy".

Ander karakters in die storie leer ons ken uit wat hulle sê en doen, hulle voorkoms, lyftaal ens.

*Raaiselster* is 'n voorbeeld van 'n "hy"-verteller. Die leser beleef die storie deur die hoofkarakter, Leopold, se oë. So weet ons as leser bv. wat Leopold voel en dink, maar ons weet net wat die ander karakters dink of voel wanneer hulle dit vir Leopold sê of wanneer hulle optrede of lyftaal dit verklap.

- Skrywers gebruik ook soms 'n derdepersoonsverteller wat as **die alomteenwoordige verteller** bekend staan. In hierdie geval klim die verteller *nie* (soos bo) in een van die karakters se kop nie, maar weet hy alles van almal af, amper soos 'n alomteenwoordigheid wat van buite af inkyk en alles sien wat gebeur.

## Intrige (plot)

Die intrige of plot is al die opwindende dinge wat in die lewe van die hoofkarakter, en dus tussen die bladsye van ’n storieboek, gebeur. Hierdie storiegebeure hou met mekaar verband en vorm ’n patroon of volgorde. Soos die leser die “roete” volg, word daar spanning geskep en sien hy/sy daarna uit om te ontdek wat om die volgende draai wag.

Alhoewel die vertelling (teksaanbod) nie in alle romans **chronologies** aangebied word nie, is dit wel so in *Raaiselster*. Die vertelling (**narratief**) begin op ’n herfsdag in 1880 toe Leopold se ma sterf. Hierna sluit hy by oom Barend, die onbekende togryer, aan en reis hy saam na Ceres, onderweg na Kimberley. Die narratief eindig in die winter, enkele weke later nadat Leopold-hulle die raaisel rondom die Verdwaalding en die “stersplinters” opgelos het.

Die intrige hou dus direk verband met die **storielyn** en het talle onverwagse **wendings** sodat dit al hoe moeiliker word vir die leser om te voorspel wat volgende gaan gebeur. Dit verras die leser en maak hom/haar nuuskierig en lus om verder te lees.

Die **intrige** vorm ’n **storielyn:**

- ’n Goeie storielyn het ’n duidelike BEGIN, MIDDEL en EINDE.
    - In die BEGIN leer die leser die karakter, die milieu en die aanvanklike probleem ken.
    - In die MIDDEL gebeur die konflik. Die verhaal ontwikkel en word interessant gemaak deur die konflik tussen karakters wat spanning laat opbou.
    - Daar is ’n KLIMAKS wanneer die spanning ’n hoogtepunt bereik.
    - Daarna kom die AFLOOP en ONTKNOPING.

## Die fases van intrige

1. **Motoriese moment.** Die gebeure wat die verhaal aan die gang sit, word die **motoriese moment** genoem. Dit is ook die plek waar die spanningslyn begin.
   In *Raaiselster* vind ons die aanloop (inleiding) in Hoofstukke 1 tot 3 met die **motoriese moment** op bladsy 15 (Hoofstuk 4) wanneer Leopold by die huis kom en sy ma sterwend vind:

> “Leopold?” Geraamtevingers vou om syne.
> “Ek’s hier, Ma.”
> Haar ooglede fladder. “Ek moet . . . praat.” Sy begin hoes en soek-soek na haar sakdoek. Leopold kry dit tussen die lakens en hou dit teen haar lippe. Toe hy dit wegvat, is dit vol donker spatsels.
> “Stadig nou, Ma,” sê hy toe dit lyk of sy weer asem het. “Rus eers ’n bietjie.”
> Isabella se kop rol heen en weer op die kussing. “Jy moet weet. Van hom . . .”
> Leopold druk haar saggies terug. “Van my pa?” vra hy die vraag wat hom al van kleintyd af pla.
> Isabella maak ’n gebaar met haar hand. “Swart. Die swart man. Hy weet.” ’n Nare roggel rasper uit haar keel. “Jy moet uitvind wat gebeur het. Die boodskapper . . . Daar’s fout.” Dit lyk of die praat haar uitgeput het, want haar lyf smelt weg tussen die beddegoed.
> “Ma!” Leopold tik teen haar wang. “Asseblief, Ma, moenie my alleen los nie.” Hy sak op sy knieë af en slaan sy arms om haar lyf.
> “Jy móét dit kry, Leopold. Anders ...”

Die storie (intrige) begin dus met Leopold se ma se dood en die opdrag wat sy aan hom gegee het om die "swart man" op te spoor.

2. **Verwikkeling**. Direk ná die motoriese moment wanneer die intrige/plot begin, word die storie ontwikkel om die **spanningslyn** te vestig. In *Raaiselster* begin die fase van verwikkeling wanneer Leopold ná die begrafnis ontdek dat sy ma niks aan hom nagelaat het nie:

> Leopold spits sy ore. Een van die stemme ís Mieta s'n en dit klink of sy huil. Toe praat 'n man. Behoedsaam, sodat die houtvloer nie raas nie, sluip Leopold nader en maak homself plat teen die muur. Die kombuisdeur staan op 'n skreef oop en in die geel lig van binne af sien hy vir Mieta waar sy met haar elmboë op die skoon geskropte greinhouttafel sit. Haar gesig is in haar hande en haar skouers ruk.
>
> "Mastag, Mieta," kom die mansstem, wat hy as Moos s'n herken, van die stoof se kant. "Dit help nie jy verknies jou nie. Daar's tog niks wat ons kan doen nie."
>
> "Hoe kan jy so sê, Moos?" raas Mieta met haar man. "Die kind het voor ons grootgeraak, ons kan hom mos nie nou aan die genade oorlaat nie."
>
> Skrik skiet deur Leopold se lyf. Waarvan praat Mieta?
>
> "En as daar nie geld is nie?" wil Moos weet. "Jy't self gehoor Oudok het gesê daar's nie 'n pennie in die boedel nie. Waar die rykdom vandaan gekom het waarvan sy mammie Isabella al die jare so lekker geleef het, weet g'n niemand nie."
>
> Leopold moet aan die muur vashou om nie om te kap nie. Hy droom seker. Niks hiervan kan waar wees nie! Al wat hy van sy pa weet, is dat hy dood is in 'n jagongeluk diep in Afrika, maar hy het tog 'n fortuin agtergelaat.
>
> Aan die voetstappe wat opklink, hoor Leopold hoe Moos heen en weer loop oor die swart en wit teëls op die kombuisvloer. "Nou moet hierdie grênd huis verkoop word om die skuld te betaal, ek en jy sit op straat en nie eens Oudok wil Leopold inneem nie, nie so sonder 'n erfporsie nie."
>
> "Ek sê jou, die kind gaan nié weeshuis toe nie." Mieta druk-druk met haar voorskoot se punt aan die hoeke van haar oë. "Ons sal vir hom sôre, al is dit iewers in 'n pondok."
>
> Straat . . . Weeshuis . . . Pondok . . . Die oorde tuimel deurmekaar in Leopold se kop. Stadig gly hy af teen die muur en gaan sit in 'n hopie op die plankvloer, sy kop in sy hande.

Nie net is hy nou 'n weeskind nie, maar hy is ook sonder inkomste en heenkome. Hy het dus geen ander keuse as om die boggelrug-togryer se aanbod te aanvaar en saam te reis na Kimberley se diamantveld om sy fortuin daar te gaan soek nie. Hy bly egter vasberade om eendag terug te keer en na Mieta en Moos om te sien.

3. **Ontwikkeling.** Vanuit die motoriese moment en die verwikkeling wat daaromheen ontstaan, vind ons **die ontwikkeling (eksposisie)** van verskillende storielyne. Tydens die reis is daar byvoorbeeld die touleier, Sarel, se vyandigheid jeens Leopold.

> "Trek jy al lank saam met oom Barend?" probeer Leopold 'n geselsie aanknoop. "Was jy al op die diamantvelde?"
>
> "My kom en gaan traak jou nie." Sarel snuif en vee oor sy neus sodat daar 'n blink streep op sy stowwerige wang agterbly. "Gaan sit saam met die ouman op die wakis, hier's jy net in die pad."
>
> "In die pad?" Die beskuldiging tref Leopold soos 'n klap in die gesig. Hy bal sy vuiste om te keer dat hy die tengerige seun aan sy vuil kraag naderpluk. "Hei, tel jou woorde, kluitkop!"
>
> Sarel ruk hom op en druk 'n swart vingernael onder Leopold se neus. "Wie's jou kluitkop?"
>
> Leopold klap die hand weg. "Met wie dink jy praat jy, mannetjie?"

> "Ga!" Sarel kyk Leopold op en af. "Oor jy duur klere dra, dink jy ek is jou hierjy, nè? Al wat jy kan doen, is om jou bek warm te praat. Ek is 'n tóúleier. My pa het my geleer. Die drywer sit op die wa en gee bevele, maar as ek verkeerd loop, trap die span deurmekaar en rol die wa. "Kyk!" Sy kneukels span om sy sweep se handvatsel. Die voorslag swiep met 'n swierige swaai deur die lug en die volgende oomblik sien Leopold net vere warrel. 'n Mossie tuimel uit die lug en beland voor sy voete.
> Verskrik spring hy terug terwyl hy met afgryse na die dooie voëltjie kyk. "Vir wat doen jy dit?"
> "Ek waarsku jou, jy wil nie met my sukkel nie." Sarel se oë glim.

Later ontdek Leopold dat Sarel eintlik 'n meisie genaamd Sara is wat soos hy op reis is saam met die togryer, oom Barend, wat sy ook maar pas ontmoet het. Ook sý reis met 'n opdrag wat haar oorlede pa aan haar gegee het, naamlik om hul voormense se merk in die Skurweberge naby Ceres te gaan soek.

Op Ceres aangekom, ontwikkel die storie verder wanneer Leopold vir Emily ontmoet en sy hom vertel van die boosaardige gedierte, die Verdwaalding, wat in die omliggende berge ronddwaal en mense verskeur.

> "Die Verdwaalding?" Dit voel vir Leopold of die aarde onder hom padgee.
> "Hier sluip al langer as veertig jaar 'n gedrog in die Bokkeveld rond," verduidelik Emily. "Die meeste van die tyd dwaal hy in die berge rond waar hy wilde diere verskeur, maar hy het ook al vee op plase aangeval."
> "Ag nee wat, dit klink na 'n storie waarmee mense hulle kinders bangmaak!" praat Leopold sy eie skrik weg.
> Emily skud haar kop.
> "Hier is seker nog roofdiere in die berge?" probeer hy weer. "Luiperds en so aan?"
> "Hier is, ja," gee sy toe, "maar die Verdwaalding is anders. Van die togryers wat ná donker op pad was, vertel ook dat hulle 'n bose teenwoordigheid kon aanvoel."
> "Dronkverdriet," brom Leopold en probeer om nie te dink aan die nag in die berg toe hy die medisyne gaan haal het nie.
> "Miskien," sê Emily, "maar my pa drink nie 'n druppel nie."

4. **Klimaks**. Die intrige (storie) se **klimaks (of hoogtepunt)** word deur die **krisis** voorafgegaan. Dit is wanneer al die vernaamste spanningslyne bymekaarkom in 'n krisis, wat tot die klimaks van die storie lei. Die krisis in *Raaiselster* is wanneer oom Barend skielik siek word (Hoofstuk 12) en Leopold, doodbang vir die stories oor die Verdwaalding, alleen in die donker moet teruggaan tolhuis toe om medisyne by die tollenaar, oom Arius, te gaan kry.

> Leopold lig die stormlamp en begin met die tolpad langs aanstap. Aan die begin is al wat hy hoor die gekras van sy stewels op die gruis, maar hoe verder hy gaan, hoe meer voel dit of die berg lewe kry. 'n Uil vlieg geruisloos uit die ligkring op en smelt weg in die nag. Groen oë blink agter 'n bossie. Takke ritsel, al roer daar nie 'n bries nie, en in die verte huil 'n jakkals.
> Sweet bars op sy voorkop uit en hy slaan oor na 'n drafstap. Die lamp gooi grillerige ligkolle oor die pad. Die regaf kranse word glimmende grafstene, die diep skaduwees tussenin geheimsinnige figure wat uit die maag van die aarde opstaan. Paniekerig begin hy hardloop. Sy voetstappe eggo deur die kloof.

> Toe dring dit tot hom deur: Dis nie net sy eie voetstappe nie, daar is iemand agter hom. Iemand wat stadig en afgemete loop, maar nogtans onheilspellend vinnig nader kom.

Hierdie krisis word erger wanneer Leopold terug is op die dorp en vind dat oom Barend met sy wa en al spoorloos verdwyn het. Hierdie gegewe gee direk daartoe aanleiding dat Leopold, Sara en Emily hul weg vind na die tolhuis in 'n poging om antwoorde te vind op die raaiselagtige gebeure. Die **klimaks** word bereik wanneer dié drie in die grot eers die raaisel van die rotstekeninge moet ontrafel en dan die Verdwaalding moet konfronteer.

5. **Ontknoping en slot.** Dikwels vind ons direk ná die klimaks 'n slotwending – normaalweg iets wat die leser nié kon voorsien en het nie en hom/haar daarom verras. In *Raaiselster* is dit wanneer die boosaardige Verdwaalding onder die drie jongmense se aanslag verskrompel en hulle ontdek dat die Verdwaalding niemand anders was as oom Arius nie (bladsy 144).

> Paniek gly oor Emily se gesig. "Sit julle arms om mekaar!" sis sy weer.
> Dit ruk Leopold tot sy sinne. Met sy laaste krag gehoorsaam hy en is verlig toe hy Sara se arm oor sy skouers voel. Ten minste gaan hy nie alleen dood nie.
> "Jy is darem nie so sleg nie, sawwe handjies," hoor hy haar stem by sy oor.
> "Ek is bly ek het jou geken, kluitkop." Hy knyp sy oë toe en staal hom teen die pyn wat gaan kom.
> Dit gebeur nie. In plaas daarvan begin die groen sterre in die rotstekening gloei asof 'n lig van binne aangesteek is. Die sterre kom los uit die koue klip, dwarrel deur die grot en steek ligte aan in die kinders se verbaasde oë. Dit swiep om die donker figuur van die Verdwaalding tot dit hom heeltemal toevou. En toe dans dit in 'n silwergroen streep by die bek van die grot uit en omskep die lug in 'n skouspel van lig.
> Leopold blaas sy asem bewerig uit. Dis of die sterre die donkerte wat die lewe uit hom gedruk het, weggevee het sodat hy weer kan asemhaal. Maar wat is besig om met die monster te gebeur? Sy afgryslike lyf verskrompel stadig totdat daar net 'n patetiese figuur op die grond bly lê.
> 'n Figuur met silwer hare en 'n lang swart jas.
> Sara se hande vlieg na haar gesig. "Dis dan oom Arius," fluister sy hees.

Hierna word die **ontknoping** aangetref. Dit is wanneer die verwikkeling en slotwending verduidelik word en die intrige se "knoop" ontrafel word. Normaalweg is hierdie fase nie lank nie. In *Raaiselster* beslaan dit die 12 bladsye van Hoofstukke 27 en 28 wanneer dit bekend gemaak word dat oom Arius eintlik Leopold en Sara se oupa is en dat hulle na hom gebring is deur die Sterbrigade (oom Barend, Asem en Estrelita) om hom "vry" te maak. Daar word ook verduidelik hoe dit gebeur het dat hy as die Verdwaalding verskrikking in die omgewing gesaai het. Daarna word hy deur die Sterbrigade in die lykswa weggevoer en beraam die drie jongmense hul toekomsplanne, naamlik om die tolhuis in bedryf te hou.

> Leopold kyk vir oulaas na die plek waar die lykswa met sy vier insittendes verdwyn het. Toe tref dit hom. Daar is geen wielspore in die sneeu nie. "Die Sterbrigade," fluister hy verwonderd. "Asem snuffel die seer uit, oom Barend karwei dit en juffrou Estrelita vat dit weg na iewers tussen die sterre waar niemand dit kan kry nie".
> "Engele. Hulle was die hele tyd engele." Emily se hand glip in syne. "Oom Arius is veilig op pad na sy Vytjie en hulle tweeling."
> Leopold kyk af na haar en 'n glimlag wat hy nie kan keer nie, sprei oor sy gesig. "Dis rooi!" roep hy uit.
> Haar wenkbroue word vraagtekens. "Waar val jy nou uit? Wat's rooi?"

> “Die lewe! Ek is mal verlief daarop. En weet jy wat? Ek is mal verlief op jóú, Emily.” Hy lig haar van haar voete af en swaai haar uitgelate in die rondte.
> “Nee, los! Jy laat my kop draai,” protesteer sy laggend.
> “Dis presies wat ek wil doen. Jou kop laat draai, vir altyd en altyd.” Leopold lig albei haar hande na sy lippe en soen haar kneukels. “Belowe jy sal saam met my loop, waarheen die pad ons ook al vat?” Sy glimlag en knik, en hy vou haar linkerhand in sy regterhand toe en sit hulle hande saam in sy baadjiesak. Hand aan hand stap hulle terug na die tolhuis.

## Konflik

Vir ’n storie om boeiend te wees, moet daar spanning en dus **konflik** wees. Konflik is die **wrywing** of **onmin** wat tussen karakters ontstaan en is daarom ten nouste verweef met die **spanningslyn**. Dié konflik/wrywing het ŉ direkte invloed op die karakters se keuses en handeling. Dit dra die intrige (storie) van een krisismoment na die volgende en dryf dus die storielyn vorentoe omdat die leser wonder hoe die krisis opgelos gaan word. Dit maak hom/haar dus lus om verder te lees. Die geleidelike oplos van konflikte lei tot die suksesvolle afloop van die verhaal (intrige).

Konflik kan uiterlik of innerlik wees. I**nnerlike konflik** is iets wat ons nie kan sien nie, maar gebeur wanneer die karakter met sy gedagtes of gewete stoei. Dit bestaan dus in die karakter se kop of hart. **Uiterlike konflik** aan die nader kant, is die optrede wat spruit uit die stryd tussen die karakters.

1. **Innerlike konflik**. In *Raaiselster* baklei Leopold met homself wanneer hy eerder by sy ma wil wees as by die hawe saam met sy vriend Frans; hy is hartseer en verward wanneer sy ma sterf en hy besef dat hy nou inderdaad ŉ weeskind sonder heenkome is; hy twyfel oor sy toekoms tydens die reis na Ceres en wanneer hy Emily ontmoet en moet besluit of hy gaan inval met haar planne om die raaisel rondom die Verdwaalding op te los. Daarteenoor is daar Sarel/Sara se soektog na haar herkoms en haar uiteindelike aanvaarding van haar omstandighede. Aan die begin deel sy nie Leopold se vrees vir die Verdwaalding nie, maar sy is doodbang vir spoke. Ten slotte is sy die dapper een wat buitentoe storm om die monsteragtige Verdwaalding direk te konfronteer.

2. **Uiterlike konflik.** Die eerste teken van uiterlike konflik is Sarel se vreemde aggressie jeens Leopold. Sy verkleinerende en uittartende houding gee direk aanleiding tot die stryery waartydens Leopold ontdek dat Sarel inderwaarheid ŉ meisie is (bladsy 72).

> Van wanneer af skrik ek vir jou, sawwe handjies?” Sara gee ’n snorklaggie.
> “Gaan jy my vertel wie jy is, of nie?”
> Sy lig ’n skouer, vou haar arms om haar opgetrekte knieë en vroetel met die sakkie wat om haar nek hang. ’n Veraf kyk kom in haar oë. “My voormense se merk is hier iewers in die berge.”
> Leopold bekyk haar onderlangs. Hy wonder of haar kop besig is om uit te haak, maar sy is al mens hier wat hy ken en as hy wil uitvind wat aangaan, moet hy haar aan die praat hou.
> “Watse merk is dit?” vra hy.
> “Dis wat ek wil uitvind. My pa het gesê ek moet dit kom soek. Hy wou my nog meer vertel, maar toe is hy dood.” Sy snuif en kyk anderpad.

> Leopold vee oor sy nek. "Dan is jy ook 'n weeskind."
> Sara se laggie klink meer soos 'n snik. "Dalk was jy reg oor die hond. Dalk jag Asem patetiese weeskinders."

Hierna word hulle bondgenote, maar nou verskuif die uiterlike struweling na die krisismoment en die direkte bedreiging wat die monster in die berge bied.

## Styl

Styl het te make met **die manier waarop die storie vertel word** en nie noodwendig met die inhoud nie. Dit is **hoe** die storie vertel word, eerder as **wat** in die storie gebeur. Dit verwys dus na dinge soos **woordkeuse** (diksie), beskrywing (**beeldspraak**) en karakteriserende **dialoog**.

In die geval van *Raaiselster* het ons met 'n storie te make wat baie lank gelede plaasgevind het. Dit is daarom nie vreemd dat daar dikwels vreemde, outydse woorde, gebruike en verwysings gevind sal word wat waarskynlik vir 'n moderne leser minder bekend sal wees nie. Dit is immers die bekoring én die skoonheid van historiese fiksie: om te lees hoe mense van toentertyd geleef en gedink het. Daar is baie voorbeelde hiervan en hulle word in die volgende afdeling as **Woordeskatverryking** aangebied.

Wat besonder treffend is van *Raaiselster* se teksaanbod (styl) is die pragtige en treffende beskrywings wat regdeur voorkom. Voorbeelde hiervan is die volgende:




> Voor hom is 'n straat omsoom deur winterkaal bome. In die deurskynende oggendlig lyk dit sprokiesmooi, soos die prentjies op die Kerskaartjies wat sy ma altyd van Engeland af gekry het. Alles is wit geryp. Die stofstraat. Die rietdak van die huis skuins oorkant. Die kaal boomtakke.
> (bl. 63)

Hierdie beeldende taalgebruik het tot voordeel dat die leser hom/haar ook visueel binne die bepaalde situasie kan plaas.

Nog iets wat die teksaanbod kenmerk is die gebruik van **deurlopende motiewe** wat meehelp om die narratief te "bind". Voorbeelde hiervan is die deurlopende verwysings na kleur, veral die kleur rooi. So begin die narratief met Leopold wat sê dat rooi die kleur van die dood is (bladsy 1) omdat dit die kleur van die bloedvlekke op sy ma se sakdoek is.

> "Dis rooi." Leopold kap met sy vuis teen sy voorkop en loop blindelings voor die verkeer in Adderleystraat in.
> 'n Perd runnik en 'n stofwolk warrel op soos 'n kapkar uitswaai. "Onnosel!" swets die drywer en skud sy vuis.
> Frans spring agterna en pluk Leopold terug. "Waarvan praat jy?" 'n Bekommerde plooi verskyn tussen sy oë. "Wat's rooi?"
> "Die dood."

Daarna is daar verwysings na die rooibruin kol op die rondloperhond, Asem, se oor (bladsye 4, 19, 20, 93, 106); die rooi roos wat hy op sy ma se kis gooi (bladsy 19); die transportwa met sy swart tentseile en bloedrooi wiele (bladsye 20 en 33); die blinkrooi vonkies van die kampvuur (bladsy 27); die rooi Afrikanerosse (bladsye 31 en 46); die dieprooi rose van Emily-hulle se huis (bladsye 66 en 92); die oranjerooi kole in die es (bladsy 84); die helderrooi gehekelde tjalie om Sara se skouers (bladsye 89 en 106); die rooi serp wat Sara om Leopold se nek bind (bladsy 125); die rooibruin handafdruk teen die rotswand (bladsye 134, 135 en 141) en die Verdwaalding se bloedrooi oë (bladsy 142). Die motief van "rooi" bereik dan in die laaste hoofstukke voltooiing wanneer die rooibruin vlek op Asem se oor verdwyn (bladsy 153) en ten slotte – as deel van die ontknoping – Leopold wat die rooi serp van sy nek pluk (bladsy 153) en op die sneeu gooi waar dit "soos 'n plas bloed bly lê".

Die hoogtepunt is wanneer ons die volgende lees:

> Leopold kyk af na haar en 'n glimlag wat hy nie kan keer nie, sprei oor sy gesig.
> "Dis rooi!" roep hy uit.
> Haar wenkbroue word vraagtekens. "Waar val jy nou uit? Wat's rooi?"
> "Die lewe! Ek is mal verlief daarop. En weet jy wat? Ek is mal verlief op jóú, Emily." Hy lig haar van haar voete af en swaai haar uitgelate in die rondte.
> "Nee, los! Jy laat my kop draai," protesteer sy laggend.

Ons kan dus tot die slotsom kom dat Leopold se hele storie en sy ontwikkeling as hoofkarakter lê in daardie ontwikkeling van rooi as die kleur van die dood (bladsy 1) na rooi as die kleur van die lewe (bladsy 154). Boonop besef die leser dat hierdie wending reeds met die narratief se openingpassasie voorberei is en dat dié deurlopende motief (ook bekend as "**leitmotief**") die storie op treffende wyse sluit.

Nog 'n interessante motief wat regdeur die vertelling voorkom is die afdruk van 'n handpalm met vyf vingers. Ons kom dit die eerste keer teë op wanneer Leopold die kol op Asem se oor beskryf as iets wat lyk soos 'n handpalm met vyf vingers (bladsy 4); aan die einde van die verhaal, wanneer Sara uiteindelik die merk van haar voormense vind (bladsy 134), is dit ook in die vorm van 'n hand wat in rooibruin verf gedoop is en toe teen die rotswand afgedruk is.

## Temas

Temas is die **sentrale idees** wat in 'n boek voorkom. Dit het te make met die **onderwerp**, oftewel dit **waaroor die storie handel,** en is gewoonlik abstrak van aard. In *Raaiselster* vind ons heelwat temas waarmee jong lesers kan identifiseer. Temas soos **identiteit** en **groepsaanvaarding** is belangrik in die verhaal, gepaardgaande met vrae oor **lewe** en **dood**. Die belangrikste tema is egter **vrees** en hoe om dit te oorkom.

Vir Leopold wek die dood van sy ma onsekerheid en vrees vir die toekoms. Hy is nou ’n weeskind en weet nie hoe hy vir homself gaan sorg nie. Hy neem egter die “dapper” besluit om die vreemde in te trek op soek na sy fortuin (toekoms) in die diamantveld. Hierdie besluit lei nie net tot avontuur nie, maar veroorsaak dat hy baie vrese in die gesig moet staan – die ergste daarvan die vreesaanjaende en boosaardige Verdwaalding. Om sy vrees te trotseer en die Verdwaalding te verslaan, het Leopold die liefde en lojaliteit van sy vriende nodig. Leopold, Sara en Emily moet “saamstaan” teen die ongedierte. Dit beteken dat **lojaliteit en vriendskap** ook ’n tema word in hierdie verhaal.

Vir Sara se karakter is die die subtema van **identiteit** belangrik. Daarom is dit nie toevallig dat ons haar aanvanklik met ŉ “valse identiteit”, naamlik as Sarel die touleier, leer ken nie. Daarna tree sy na vore as Sara, ŉ meisie op soek na haar voormense se merk. Wanneer sy wel dié merk opspoor is sy aanvanklik teleurgesteld in hoe min haar voormense bereik/nagelaat het. Tog, toe die Verdwaalding hul lewens bedreig besef sy dat hy oorwin kan word as sy haar hand op die handafdruk van haar voormense plaas. So word die kloof tussen die verlede en die hede oorbrug as ŉ simboliese gebaar van aanvaarding.


Die **boodskap (morele les)** hiervan is dat haat en vrees – wat veroorsaak kan word deur die pyn van die verlede – monsters is wat ons kan vernietig. Elkeen van die karakters het pyn en moeilikheid ervaar in hulle verlede. Om die verlede te verander is onmoontlik, maar ons kan dit as basis gebruik om ons vrese te oorwin en na die toekoms uit te reik. In die krisisoomblik, toe die monster dreig om hulle te vernietig, verklaar Leopold en Emily hulle liefde aan mekaar. Hulle liefde verteenwoordig die toekoms, maar ook die oorwinning van die liefde oor die bose verteenwoordig.

Dit is interessant om daarop te let dat die boosaardige energie (Verdwaalding) wat van oom Arius besit neem, met die verlede verband hou. As gevolg van die slegte dinge wat in die verlede met oom Arius gebeur het, het hy só verbitterd en opstandig geraak dat dit vir die monster moontlik was om van sy liggaam besit te neem en as die Verdwaalding verskrikking in die berge te saai. Dit is eers toe oom Arius as die Verdwaalding gekonfronteer word met ŉ aanvaarding van die verlede (Sara) en verklaring van liefde (toekoms) dat hy as monster “verskrompel” en as ŉ patetiese figuur op die grond bly lê (hede).

Die **ironie** – wanneer die teenoorgestelde gesê word as wat bedoel word – is dat Leopold en Sara die Verdwaalding se toekoms verteenwoordig omdat hulle as sy kleinkinders van sy bloed is. Daarom kan hy vrygestel word van sy bittere lyding om saam met die Sterbrigade en hul lykswa hemelwaarts te vertrek na die plekkie tussen die sterre.

Die **morele les** (wat die leser uit die storie leer) word netjies verwoord wanneer oom Arius sê: “Begin oor, my kinders.” [...] “Vergeet van gister se verkeerd en seer. Hoe erg dit ook al was, dit sal net maak dat julle mekaar en alles om julle uitroei, soos ek en die Verdwaalding. Vat mekaar se hande, wees dapper en moenie toelaat dat die verlede julle toekoms steel nie.” (bl. 151)

Hierin lê ook ’n boodskap vir die kinders van ons reënboogland: Ons moenie toelaat dat die verkeerde dinge in die verlede tot haat en vrees aanleiding gee en ons só keer om ’n nuwe, positiewe toekoms, te skep nie.



## Kort opsomming van elke hoofstuk

Omdat hierdie ŉ historiese roman is, word daar dikwels gebruik gemaak van woorde en uitdrukkings wat die leerder nie noodwendig sal ken nie. Daarom is daar ná elke opsomming woordverklarings. Die kontekstuele vrae is om seker te maak dat die leerder die gebeure van dié bepaalde hoofstuk verstaan en sal onthou. Na elke vraag is die punte wat die vraag tel in ronde () hakies geplaas en die kognitiewe vlak word daarnaas in vierkantige [ ] hakies aangetoon.

**Hoofstuk 1** (bladsye 1-5)

Die storie begin met Leopold en sy vriend Frans wat vroegoggend in Kaapstad in Adderleystraat af stap. Dit is mistig en hulle is op pad na die hawe om na die Engelse skip Trojan te gaan kyk; die eerste stoomskip met gloeilampe (elektrisiteit) in die eetsaal. Perde en kapkarre ry verby en ons vermoed dus dat hierdie verhaal afspeel in die vroeë 1800's, kort ná die ontdekking van elektrisiteit. Leopold vertel aan Frans dat sy ma baie siek is, maar dat Oudok – wat vir hom soos ŉ pa is ná sy eie pa oorlede is – reken dat sy spoedig weer gesond sal word. Die stinkryk Hugo's ry in hul spoggerige spaaider verby en die beeldskone Milly loer vir Leopold. Frans trek sy siel uit en Leopold bloos. Daarna praat hulle oor die opspraakwekkende bankroof vroeër die jaar toe honderduisend pond se diamante uit die poskantoor se kluis verdwyn het. Frans se pa was een van die verdagtes. Hulle gesels nog so, toe 'n vreemde hond na hulle aangehardloop kom. Haar gesiggie lyk soos 'n jakkals s'n en sy het ŉ pluimstert. Haar pels is sneeuwit en op haar linkeroor is ŉ rooibruin kol wat soos ŉ handpalm met vyf vingers lyk. Die hond rol op haar rug sodat Leopold haar pens kan krap. Iemand fluit en toe Leopold opkyk, sien hy ŉ man met ŉ boggelrug en gesig wat só geplooi is dat dit na ŉ ou landkaart lyk. Die man groet nie. Trek net sy pet oor sy oë en loop weg. Tot Leopold se teleurstelling volg die tefie hom.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *erfgenaam* | Na 'n persoon se dood word die testament gelees wat bepaal wie die oorledene se aardse besittings mag erf. Die persoon wat die erflating ontvang, word 'n erfgenaam genoem. |
| *kapkar* | 'n Perderytuig met twee wiele wat 'n permanente tent of 'n kap gehad het. |
| *nooiensvaart* | (Eng. maiden voyage) Die heel eerste seereis van 'n skip. |
| *ogies maak* | 'n Verliefde persoon maak ogies vir iemand waarvan hy/sy hou deur te wys dat hy/sy belangstelling toon en graag in 'n verhouding met hom/haar wil wees. |
| *posboot* | 'n Skip wat pos vanaf Engeland na Kaapstad vervoer het. |
| *pruimpie* | Tabakblare wat in 'n string gedraai en dan opgerol word. 'n Stukkie |

| | |
|---|---|
| | tabak is afgesny en dan gekou. Wanneer die tabak sy geur verloor het, het die gebruiker die oorblyfsel uitgespoeg. |
| *slobberig* | Kwylerig. Speeksel (spoeg) wat afgeskei word deur 'n dier. |
| *spaaider* | 'n Ligte, goed geveerde rytuig met vier wiele wat deur perde getrek is. |
| *vishoring* | 'n Klein horing wat 'n skerp geluid maak wanneer daarop geblaas word. Die vissers het die vishoring geblaas wanneer hulle in Kaapstad se hawe aangekom het om hulle vangste aan te kondig. Die geluid het handelaars genooi om vis op die hawe aan te koop. |
| *vryperd* | Jongmans het destyds per perd na hulle meisies gery om te gaan kuier. |

**Vrae:**

1. In watter ruimte bevind Leopold hom? Haal TWEE frases (opeenvolgende woorde/ 'n deel van 'n sin) op die eerste bladsy van hoofstuk 1 aan om jou antwoord te motiveer. (3) [2]

2. Verduidelik waarom Leopold en sy vriend op pad is na die hawe toe? (2) [2]

3. Hoekom, dink jy, sê Leopold dat die dood se kleur rooi is? Watter tipe siekte dink jy het Leopold se ma? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3) [4,3]

4. Verklaar waarom Leopold skuldig voel om saam met sy vriend na die hawe te gaan. (1) [3]

5. Dink jy dat Leopold van Millie Hugo hou? Motiveer jou antwoord. (1) [3]

6. Verduidelik waarom Frans se pa 'n verdagte is in die diamantroof. (2) [3]

7. Leopold is bang dat sy ma nie sy vriendskap met Frans sal goedkeur nie. Watter karaktereienskap van haar kan jy hieruit aflei? (1) [3]

8. Lug jou mening (sê wat jy daarvan dink) oor die vreemde gedrag van die hond wat reguit op Leopold afpyl. (1) [5]

9. "Hy het 'n verslete grys mantel aan en sy gesig is vol plooie wat <u>soos die lyne op 'n ou landkaart lyk."</u>

9.1 Wie is die "hy" in die aanhaling? (1) [1]
9.2 Hoe weet jy die man is oud? Noem 'n ander kenmerk in die voorkoms van die persoon. (2) [2]
9.3 Benoem die soort beeldspraak wat voorkom in die onderstreepte woorde. (1) [3]
9.4 Waarom dink jy voel Leopold kriewelrig oor die man? (1) [4]

10. Noem twee items in hoofstuk 1 wat bewys dat die verhaal in 'n vorige eeu afspeel. (2) [3]

(21 punte)

**Hoofstuk 2** (bladsye 6-10)

Adderleystraat wemel van die mense. Frans is haastig om by die hawe te kom, maar alhoewel Leopold ook nuuskierig is om die skip te sien, voel hy skuldig oor sy siek ma. Hy besluit om terug te gaan huis toe, maar stap eers na Groentemarkplein om daar ŉ slukkie helder fonteinwater te kry. Vir ŉ oomblik wonder hy oor die slawe wat vroeër jare in kettings op die plein gestaan het om verkoop te word. Terwyl hy na die vars produkte kyk, vang sy oog ŉ skraal seun, ongeveer twee jaar jonger as hyself, wat tussen die werkers staan wat hulle dienste te huur aanbied. Die outjie lyk heeltemal uit sy plek tussen die volwasse manne. Dieselfde hond as vroeër verskyn en spring teen die seun op wat haar laggend probeer wegdruk. Die boggelrugman met die landkaartgesig kom uit die skaduwees tussen die geboue en loop na die seun toe. Hulle gesels vir ŉ oomblik, en dan verdwyn hulle om die hoek met die hond op hulle hakke.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *afgetrokke* | Wanneer iemand diep in sy eie gedagtes vasgevang is en skaars waarneem wat rondom hom/haar gebeur. |
| *bamboesjuk* | ’n Tropiese boomagtige rietgewas wat in hierdie geval oor die nek en skouers gedra is. |
| *boggelrugman* | (Eng. hunchback)’n Man met ’n abnormale konvekse kromming van die rug. Dit lyk soos ’n bult op die rug. |
| *douvoordag* | Baie vroeg in die oggend, voordat die son opkom. |
| *fontein* | ’n Kunsmatige waterbron waar mense op openbare plekke kon water drink |
| *hink* | Mank. ’n Onegalige manier waarop iemand loop, gewoonlik weens ’n besering of ’n aangebore defek. |
| *slawe* | Slawe is opgeveil en verkoop aan eienaars. Hulle is sonder betaling vir die eienaars te werk. |
| *voorouers* | Iemand uit die voorgeslag soos jou ouma en oupa of oumagrootjie en oupagrootjie. |

**Vrae:**

1. Wat is Leopold se ma se naam? Watter soort konflik ervaar Leopold wanneer hy dink aan sy siek ma en skuldig voel omdat hy nie by haar is nie? (2) [1,3]

2. Hoekom dink Frans sou Leopold se ma hulle aan boord van die skip kon kry? (2) [1]

3. Waarom is dit ironies dat Leopold en Frans so angstig is om helder oordag die Trojan te sien. (1) [3]

4. Haal ’n sin op bladsy 7 aan wat bewys dat Frans onseker is dat Leopold se ma sal gesond word. (1) [2]

5. Wie is Mieta? (1) [2]

6. Noem twee verskille (kontras) tussen Frans en Leopold. (2) [3]

7. Verduidelik waarom Frans nie daarin slaag om vir Leopold beter te laat voel oor sy siek ma nie. (1) [3]

8. Waarom, dink jy, lyk die seun wat Leopold op die hawe sien "uit sy plek uit" (p 9)? (1) [3]

9. Saam met wie verdwyn die seun om die hoek? (2) [1]

10. Hoe verskil die ou man met die boggelrug se reaksie teenoor Leopold van die vorige keer toe hy hom gesien het? (1) [3]

11. Is daar na jou mening 'n goeie verhouding tussen die bruin seun en die boggelrugman? (1) [4]

(15 punte)

**Hoofstuk 3** (bladsy 11-13)

Die kerkklok op Groenetmarkplein se gelui ruk Leopold terug na die werklikheid. Dit is twaalfuur en hy besef hy moet hom terug huis toe haas. Hy is bekommerd oor sy ma; veral toe hy Oudok se spaaider voor hulle nuwe Victoriaanse huis in die Tuine sien staan. Dit is nie hul huisdokter se gewone besoektyd nie en dit maak Leopold onrustig. Die rytuig vertrek egter voor hy kan sien wie die drywer is. Bekommerd draai hy die voordeur oop en gaan binnetoe. Wat as ...? Hy hoor 'n tsj-tsj-geluid en besef dat Mieta in die kombuis besig is om te stryk.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *boemelaar* | Iemand wat nie 'n vaste woning het nie en rondswerf. |
| *brak* | 'n Benaming vir 'n klein, baster hondjie. |
| *gestyfde tafeldoek* | Nadat 'n item soos 'n tafeldoek gewas is, is dit in 'n mengsel van stysel (Eng. starch) en kookwater gedoop. Wanneer dit droog en gestryk is, het dit dan 'n netjiese, stywe voorkoms gehad. |
| *katalogus* | 'n Geordende lys artikels wat te koop aangebied is. |
| *kiaatvoordeur* | 'n Deur aan die voorkant van 'n huis wat van 'n duursame, swaar, bruinerige hout gemaak is. |
| *laning* | 'n Opening tussen twee rye dig, aangeplante bome. |
| *porseleingoed* | Fyn erdewerk soos koppies en pierings. |
| *stokrose* | 'n lang, regop plant met helderkleurige blomme |

**Vrae:**

1. Hoekom is Leopold geïrriteerd wanneer hy by die Tuine indraai na hulle Victoriaanse huis toe? Gee TWEE redes. (2) [2]

2. Twee jaar gelede het sy ma besluit dat hulle na 'n nuwe huis moes trek.

2.1 Waarom het Leopold se ma besluit om na 'n nuwe huis te trek? (2) [2]
2.2 Watter handeling van Mieta bewys dat sy nie saamgestem het nie? (1) [3]
2.3 Noem TWEE redes wat Mieta aanvoer wat bewys dat sy teen 'n nuwe huis gekant is. (2) [2]
2.4 Waarom dink jy het Isabella de Villiers nuwe items vir die huis per katalogus bestel en nie die plaaslike handelaars ondersteun nie? (1) [4]

3. Isabella de Villiers het baie mense onthaal in die nuwe huis.
Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

4. Wie is Oudok? Waarom laat Oudok se besoek vir Leopold onrustig voel? (2) [2]

5. Toe Leopold by die huis instap voel hy dat iets nie reg is nie. Noem TWEE redes waarom hy so voel. (2) [2]

(13 punte)

**Hoofstuk 4** (bladsye 14-16)

Mieta is duidelik ontsteld, maar sy stel Leopold gerus, en stuur hom kamer toe om sy ma, Isabella, te gaan groet. Leopold skrik toe hy haar sien. Sy het so maer geword dat sy nes 'n hopie bene onder die lakens lyk. Uitgeput sukkel sy om te praat en haar woorde is so onsamehangend dat Leopold nie verstaan wat sy vir hom wil sê nie. Al wat hy kan uitmaak is dat daar fout is en dat hy iets by 'n man in 'n swart jas moet kry. Sy kan egter nie verduidelik wat dié "iets" is waarna sy verwys nie; herhaal net dat die man met die jas weet en dat hy wat Leopold is, dapper moet wees. Hierna sterf sy en Mieta kom om Leopold te troos.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *bedink hom* | Wanneer iemand nadink oor iets en van plan verander. |
| *drumpel* | Die onderste stuk deurkosyn waarop die deur rus. |
| *gedempte* | 'n Sagte, onderdrukte geluid. |
| *roggel* | 'n Harde geluid wat uit die keel uitkom soos wanneer iemand sukkel om asem te haal. |
| *sakdoek* | 'n Sagte doek wat gebruik word om die neus te snuit. |
| *stryktafel* | Voor die gebruik van strykplanke is houttafels gebruik om op te stryk. 'n Strykkombers met 'n laken bo-oor is oor die tafel gegooi om die hout te beskerm teen die hitte van die strykyster. |
| *sypel* | Deursyfer. |

**Vrae:**

1. Hoekom dink jy bewe Mieta se mondhoeke wanneer sy Leopold groet? (1) [4]

2. Hoe voel Leopold wanneer hy na sy ma se kamer loop? Haal ’n sin aan wat jou antwoord motiveer. (2) [2]

3. “... daar is ’n hopie bene onder die wit lakens.”
Is hierdie aanhaling letterlik of figuurlik? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

4. Met haar laaste asem sê Leopold se ma twee dinge aan hom. Wat is dit? (2) [2]

5. Ons lees dat Mieta inkom en Isabella (Leopold se ma) se hande oor haar bors vou en die laken oor haar gesig trek. Wat is die betekenis van hierdie handeling? (1) [3]

(8 punte)

**Hoofstuk 5** (bladsye 17-22)

Dis die dag van sy ma se begrafnis en Mieta kom roep Leopold in sy kamer. Sy maak sy klere netjies en troos hom. Hulle gesels oor sy erfporsie en hy probeer uitvind of sy iets weet van die man met die swart jas. Sy skud haar kop. Leopold vra wat sy van sy pa onthou, maar sy antwoord dat sy hom nooit geken het nie. By die graf hoor Leopold ’n tjankgeluid en hy gewaar die vreemde hond tussen die bome. Terwyl die kluite op die kis gegooi word, oorweldig alles hom. Hy stoot Oudok se arm weg en hardloop by die kerkhof uit. Later – toe die wit hond hom in die gesig lek – kom hy tot sy sinne op die trappe van die St. Stephens kerk op Boereplein. Die hond lok hom na ’n ossewa met ’n ongewone swart seil wat op die plein uitgespan is. By die wa tref Leopold die boggelrug en die skraal seun wat hy vantevore op Groentemarkplein gesien het, aan. Die ou man stel homself bekend as oom Barend, ’n transportryer. Die seun is sy touleier, Sarel, en die brakkie – glo ’n uitstekende jaghond – se naam is Asem. Oom Barend bied aan dat Leopold saam met hulle na die diamantvelde toe kan reis, maar Leopold voel skielik bang en maak hom uit die voete.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *huisorrel* | ’n Klein harmonium (orrel) waarop musiek gespeel word. |
| *lanferlap* | Swart, kreukelrige materiaal wat simbolies is van rou. |
| *retireer* | Terugtree. |
| *temerige* | ’n Eentonige, vervelende manier van praat. |
| *testament* | ’n Dokument waarin daar uiteengesit word wie die oorledene se besittings mag erf. |
| *touleier* | Iemand wat voor ’n span osse, met die touriem in die hand, loop en help om die osse te stuur. |
| *waspop* | ’n Speelpop waarvan die kop met ’n soort wit was (soos kerswas) gemaak is. |

**Vrae:**

1. Noem TWEE karaktereienskappe wat die verteller op bladsy sewentien van Isabella de Villiers aan die leser meedeel. Watter tipe verteller word in die roman gebruik? (3) [1,3]

2. Mieta sê aan Leopold dat hy sy ma "moet gaan bêre". Wat bedoel sy daarmee? (1) [3]

3. Noem DRIE dinge wat Mieta dink in Isabella se testament staan. (3) [3]

4. Verklaar waarom Mieta nie weet wie Leopold se pa is nie. (1) [1]

5. Wat het gebeur toe Leopold die rooi roos op die kis gooi? Wie het die hond weggejaag? (2) (1)

6. "Kluite <u>klap</u> op die kis."

6.1 Op watter manier word hierdie sin uitgehef (beklemtoon)? (1) [3]

6.2 Watter klankverskynsel kom voor in die onderstreepte woord? (1) [2]

6.3 Waarheen het Leopold weggehardloop? (1) [1]

7. Dink jy dat die verskyning van die hond met rooibruin kol op haar linkeroor by die begrafnis en later op op die plein 'n bonatuurlike verskynsel is? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

8. Waarheen lei die hond vir Leopold? Wat is die hond se naam? (2) [2]

9. Het die boggelrugman se optrede teenoor Leopold jou verras? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1) [5]

10. Hoe lank neem dit om met die transportwa Kimberley toe te reis? Waarom was Kimberley op daardie tydstip van die geskiedenis 'n goeie plek om jou "fortuin" te gaan soek? (2) [2,3]

11. Leopold hardloop weg van oom Barend af. Wat dink jy is die rede vir sy optrede? (1) [4]

(20 punte)

**Hoofstuk 6** (bladsye 23-27)

Toe Leopold by die huis kom is alles donker. Die begrafnisgangers is dus weg en die testament seker al gelees. Hy glip binnetoe. In die kombuis hoor hy Mieta se stem. Dit klink of sy huil. Haar man, Moos, is by haar en toe Leopold nader gaan, hoor hy hulle praat oor die feit dat daar geen geld oor is in Isabella de Villiers se boedel nie. Die huis sal verkoop moet word en nie net sit hulle twee nou sonder heenkome nie, maar so ook Leopold. Sonder geld stel Oudok nie daarin belang om sy voog te wees nie en al wat sy, Mieta hom kan bied, is 'n armoedige lewe in 'n pondok. Leopold is verpletter. Hy sien egter nie kans om 'n las vir Mieta te wees nie, en later die aand sluip hy by die huis uit. Al wat hy met hom saamvat is sy ma se beursie. Daarin is net 'n paar munte en 'n vreemde

klip wat hy as ’n gelukbringer bêre. Sy besluit is geneem: Hy gaan oom Barend, die transportryer, se aanbod te aanvaar en sy fortuin op die diamantvelde soek. Daarna sal hy terugkom en vir Mieta en Moos sorg. Op die Boereplein gekom, sit die boggelrug-transportryer nog steeds langs die vuur, besig om ’n beeldjie uit hout te kerf. Leopold sien dat dit ʼn monsteragtige figuur is met ʼn gesig wat vertrek is van vrees; asof dit vlug vir iets waarvoor dit banger is as vir die dood.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *behoedsaam* | Baie versigtig. |
| *gebreide velletjie* | ’n Vel van ’n dier wat gesout en gedroog is en dan oor en oor gevryf en gebrei word om dit sag te kry. |
| *gelukbringer* | (Eng. mascot) ’n Voorwerp wat deur iemand saamgedra word wat skynbaar voorspoed vir die draer bring. |
| *grynslag* | ’n Spottende lag. |
| *kakkerlak* | (Eng. cockroach) ’n Soort insek wat in huise voorkom. |
| *pennie* | ’n Kopermuntstuk wat minder as ’n sent werd is |
| *pondok* | ’n Klein, nederige huisie waarin die arbeiders destyds gebly het. |
| *verknies* | Wanneer iemand baie bekommerd is. |

**Vrae:**

1. Watter TWEE afleidings maak Leopold toe hy met sy terugkoms sien dat die huis se vensters donker is? (2) [2]

2. Waarom is slaap die enigste ding wat vir Leopold belangrik is? (1) [2]

3. Bespreek kortliks die ontstellende nuus wat Leopold te hore kom wanneer hy die gesprek tussen Mieta en Moos afluister. (4) [2]

4. Verduidelik die ironie in Oudok se reaksie aangaande Leopold na die testament voorgelees is. (1) [3]

5. Wanneer Leopold die huis die volgende oggend verlaat, vat hy sy ma se beursie saam waarin daar ʼn klip is. Hoekom besluit hy om die klip te hou? (1) [1]

6. Wat besluit Leopold om te doen om situasie te verbeter? Dink jy dit is ’n wyse besluit? Motiveer jou antwoord. (2) [2,4]

7. Waaruit kan jy aflei dat Mieta werklik vir Leopold omgee? (1) [3]

6 Gee ʼn kort beskrywing van die houtsneewerk waarmee oom Barend besig is. (2) [2]

(14 punte)

**Hoofstuk 7** (bladsye 28-33)

Daardie nag slaap Leopold op seiltjie langs die wa. Hy droom dat die monster wat oom Barend besig was om te kerf, hom bespring, maar dan maak Sarel, die touleier, hom wakker. Sarel trap hom uit omdat hy verslaap het, maar Leopold besluit dat hy hom nie gaan laat onderkry nie. By die kampvuur sit oom Barend ook al en wag. Hy beveel Leopold om solank die osse in te span. Leopold het egter geen benul hoe nie en Sarel wys hom wat om te doen. Leopold probeer ʼn geselsie aanknoop, maar Sarel reageer aggressief. Wanneer die son opkom begin hulle met die trek. Vir oulaas kyk Leopold om na Tafelberg en na sy lewe wat verby is. Dit voel asof sy hart wil breek.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *Afrikanerosse* | ’n Taai inheemse beesras gekenmerk deur ’n hoë skof, weglêhorings, ’n trotse houding en ’n rooi of geel velkleur. |
| *agterosse* | Die twee agterste osse wat die wa trek in ’n trekspan. |
| *kluitkop* | Neerhalende aanmerking wat daarop dui dat ’n persoon dom is. |
| *sawwe handjies* | Sagte handjies. ’n Neerhalende aanmerking wat beteken dat iemand nie gewoond is aan fisiese werk nie. |
| *skei uit* | Hou op met die bakleiery. |
| *tentflap* | ’n deel van ’n tent wat opgeklap kan word vir ’n deurgang. |
| *verskietende ster* | (Eng. shooting star) ’n Meteoriet wat ’n planeet se atmosfeer binnedring word ’n meteor of ’n verskietende ster genoem. Dit word waargeneem as ’n ligblits in die hemelruim. |
| *vir oulaas* | vir die laaste keer. |
| *voorslag* | ’n Dun riempie aan die voorste punt van ’n sweep. |

**Vrae:**

1. Verskaf twee moontlike redes waarom Leopold nie ’n lekker nagrus gehad het nie. (2) [3]
2. Is dit regtig ’n monster (bladsy 28) wat vir Leopold teen die ribbes geskop het? Verduidelik. (1) [3]
3. Hoekom is Sarel vies vir Leopold wanneer hy hom die volgende oggend wakker maak? (1) [2]
4. Wat is die simboliese teken van die verskietende ster wat Leopold sien? (1) [1]
5. Haal ’n frase op bladsy 29 aan wat bewys dat Leopold gewoond is aan ’n gemaksugtige lewe. (1) [3]
6. Leopold besluit om “dapper” te wees soos sy ma gesê het hy moet wees. Verduidelik volledig wat hiermee bedoel word. (2) [2]
7. Noem die name van drie osse wat die bokwa trek. (3) [1]
8. Dink jy dit is regverdig dat Sarel vir Leopold sê dat hy “sawwe handjies” het? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

9. Ons lees op bladsy 33 dat Leopold só hard op sy kieste byt dat hy die bloed in sy keel proe. Hoekom byt hy so op sy kieste? (1) [3]

10. "'n Skyfie gou son **loer** net-net oor die horison ...

In die onderstreepte gedeelte van die aanhaling word 'n menslike eienskap aan 'n lewelose voorwerp toegeken. Watter soort beeldspraak kom hier voor? (1) [3]

(14 punte)

**Hoofstuk 8** (bladsye 34-39)

Leopold sit op die wakis langs oom Barend terwyl Sarel loslit langs die span osse loop. Hy probeer 'n geselsie aanknoop, maar die ou oom is stug en die gesprek wil nie vlot nie. Later kan Leopold dit nie meer uithou nie. Hy klim af en gaan stap langs Sarel, net om agter te kom dat hy daar ook nie welkom is nie. Sarel is duidelik onder die indruk dat hy skatryk is, en eers wanneer Leopold uitblaker dat hy wees is en sonder erfporsie, word die touleier vriendeliker. Hulle begin gesels en Leopold kom agter dat Sarel oom Barend ook eers onlangs ontmoet het. Volgens Sarel het oom Barend gesê dat Asem hom "uitgekies" het daardie dag op Groentemarkplein. Leopold vertel dat presies dieselfde met hom gebeur het, dit was amper asof die hond hom doelbewus na die wa gelei het. Meteens wonder hy daaroor. Oom Barend het mos gesê Asem is 'n jaghond. Kan dit wees dat sy hulle soos prooi uitgesnuffel het?

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *afjak* | 'n Beledigende antwoord. |
| *bokwa* | 'n Groot, sterk wa met relings wat veral vir die trek van osse bedoel was. |
| *disselboom* | 'n Lang paal vooraan 'n wa. |
| *karwats* | 'n Sweep aan 'n kort stok. |
| *ondeunde* | stoute |
| *poskoets* | 'n Outydse koets wat deur perde getrek is en pos tussen dorpe en stede vervoer het. |
| *skaai* | Steel / gaps |
| *smous* | 'n Rondreisende handelaar. |
| *transportwa* | 'n Wa waarmee goedere teen betaling vervoer word. |

**Vrae:**

1. Oom Barend se wa is nie 'n ossewa nie, maar 'n bokwa. Wat is die verskil?(1) [1]

2. Watter guns vra Leopold van Sarel? Hoekom wil Sarel hom nie help nie? (2) (2)

3. Watter goedere word normaalweg met 'n transportwa vervoer? Noem drie items. (3) (1)

4. Hoekom, dink jy, wil oom Barend nie toelaat dat Sarel onder die seil kyk nie? (1) [4]

5. Waarom is Leopold verbaas om te hoor dat Sarel nie vir oom Barend ken nie. (1) [3]

6. Wat is die nare vermoede wat Leopold aan die nekhare beetkry? (2) ,2]

(10 punte)

**Hoofstuk 9** (bladsye 40-44)

Later span hulle uit vir middagete. Oom Barend sit eenkant onder 'n boom, besig om aan sy aaklige houtbeeld te kerf, Sarel pluk 'n fisant vir die pot en Leopold maak vuur. Die twee seuns gesels saggies. Leopold vra uit oor die ou man se kerfwerk en Sarel vertel dat dit glo 'n beeld is van die Verdwaalding wat in die Skurweberge ronddwaal. Die Skurweberge is duskant Ceres en hulle moet dit oorsteek om by hulle bestemming te kom. Sonder dat hy weet waarom, maak die storie Leopold bang. Weer spot Sarel met hom en skielik kan Leopold dit nie inhou nie. Hy vertel aan Sarel dat sy ma dood is en dat hy nie weet wat van sy pa geword het nie, maar dat daar mense is (Mieta en Moos) vir wie hy moet sorg, Hy kan daarom nie omdraai nie, hy moet deurdruk na die diamantveld toe om daar sy fortuin te soek. Toe hy Sarel probeer dwing om op sy beurt te vertel wie hy is en wat hy by die wa soek, vererg Sarel hom en stap weg om te gaan "fluit".

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *fluit* | urineer |
| *handbyl* | 'n Klein, ligte byl wat 'n mens met een hand kan hanteer. |
| *maermerrie* | skeenbeen |
| *onheilspellend* | Iets wat dreigend is en 'n ramp voorspel. |
| *rampokker* | 'n Misdadiger wat mense beroof en vermoor. |
| *rewolwer* | 'n Kort handwapen met 'n draaiende magasyn, wat verskeie skote kan afvuur voordat hy weer herlaai moet word. |
| *tronkvoël* | Iemand wat dikwels gearresteer word vir misdade en tronkstraf moet uitdien. |
| *wriemel* | Woel om los te kom. |

**Vrae:**

1. Watter tipe voël, wat deur oom Barend geskiet is, word deur Sarel vir ete voorberei? (1) [1]

2. Wat noem oom Barend die houtbeeldjie wat hy besig is om uit te kerf? Waarna verwys dié naam en hoekom steur Sarel hom nie daaraan nie? (3) [2]

3. Noem TWEE dinge wat vir Leopold pla oor die ou man. (2) [2]

4. Wat beteken dit as iemand met die helm gebore is? (1) [2]

5. Beskryf kortliks die roete wat hulle na die diamantvelde gaan volg. (3) [2]

6. Wie het die roete so aan Sarel verduidelik? (1) [1]

7. Hoekom sal dit nie meer nodig wees vir die togryers om hul waens uitmekaar te haal soos die eerste trekkers moes doen om oor die berge te kom nie? (1) [1]

8. Noem DRIE gevare wat hulle dalk op die reis kan teëkom. (3)[2]

9. Kry jy vir Leopold jammer as gevolg van die situasie waarin hy verkeer. Motiveer jou antwoord. (1) [4]

10. Wie is die mense op bladsy 44 wat Leopold moet versorg? Stem jy saam dat dit Leopold se verantwoordelikheid is om die mense te versorg? Motiveer jou antwoord. (2) [3,5]

11. Wat gee aanleiding tot die uiterlike konflik tussen Leopold en Sarel op bladsy 44? (2) [3]

(20 punte)

**Hoofstuk 10** (bladsye 45-50)

Uiteindelik hou hulle in Michellspas voor die tolhek stil. Die tollenaar (Arius) is egter nie op sy pos nie en vererg omdat sy tyd gemors word, stuur oom Barend Leopold om te gaan kyk of hy in die tolhuis is. Dis al laatmiddag en die geruis van die wind in die akkerbome laat Leopold se nekhare kriewel. Hy is verlig toe hy die tollenaar – ŉ man met ŉ sonverbrande vel en geklee in ŉ swart jas – kry en gaan terug om oom Barend te roep. Oom Barend vat so lank om die tol te betaal dat Leopold en Sarel later na hom gaan soek. Die twee mans is in die tolhuis en dit klink of hulle argumenteer. Toe oom Barend buitentoe storm, is hy duidelik ontsteld. Terug by die wa haal die togryer sy houtbeeld uit. Leopold skrik toe hy sien dat die beeldjie se gesigsuitdrukking nie meer vertrek van vrees is nie, maar van haat.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *blouseep* | ’n Sekere soort seep wat gebruik word vir klere was soos Bingo. |
| *deurskynend* | Wat lig deurlaat sodat daar deur gesien word. |
| *fort* | ’n Veilige vesting of skans wat deur troepe beset word. |
| *kluisenaar* | ’n Persoon wat verkies om afgesonderd te leef. |
| nael | vinnig hardloop |
| (d*iamante)smokkel* | Onwettig handeldryf met ongeslypte diamante. |
| *snerpende* | ysige |

| | |
|---|---|
| *swets* | vloek/skel |

**Vrae:**

1. Hoekom het Leopold besluit om eerder uit "die outjie" (Sarel) se pad te bly? (1) [2]

2. Benoem die beeldspraak wat voorkom in die volgende sinne:
Kies uit die volgende: vergelyking, metafoor of personifikasie)

a) "... onder die geraamtes van winterkaal eikebome"
b) "die wind wat soos ’n verdwaalde siel ..."
c) "Die wind vroetel met koue vingers in sy nek ..." (3) [3]

3. Hoeveel moet oom Barend betaal aan tolgeld? Watter karaktereienskap van oom Barend kom na vore in sy dialoog op bladsy 46? (2) [3]

4. Hoe voel Leopold wanneer hy na die tollenaar se huis gestuur word? Verduidelik waarom hy so voel. (2) [3]

5. Wat is die naam van die tollenaar? (1) [1]

6. Wat hoor die twee seuns wanneer hulle later na oom Barend gaan soek? (1) [2]

(10 punte)

**Hoofstuk 11** (bladsye 51-55)

Leopold-hulle kom in Ceres aan. Die twee seuns verkyk hulle aan die dorp en al die bedrywighede. Sarel laat val dat hierdie omgewing lank gelede sy voormense se plek was, lank voor die boere daar aangekom het. Dit raak donker en ná hulle afgepak het, gaan kry Leopold water. Hy kom ’n witkopseun teë met wie hy ’n kortstondige gesprek voer. Toe hy terugloop wa toe, sien hy ’n pragtige meisie op die winkelstoep onder die lig van ’n lantern staan. Sy kyk reguit na hom en met haar donker oë en swart hare was niemand nog ooit vir hom só mooi nie. Voor hy hom egter aan haar kan bekendstel, kom Sarel daar aangehardloop. Leopold moet kom help, oom Barend het siek geword en dit lyk of hy wil doodgaan. Die seuns haas hulle terug en tref die togryer langs die wa aan. Daar is skuimbolle om sy mond en hy hyg na asem. Die ou man sukkel om te praat, maar gee Leopold opdrag om terug te gaan tolhuis toe en medisyne by die tollenaar te kry. Leopold is bang vir die Verdwaalding wat in die nag in die Skurweberge ronddwaal, maar hy het nie ’n keuse nie. As hy oom Barend wil help, moet hy dit waag.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *bewussyn verloor* | flou val |
| *goëlaar* | Iemand wat toertjies doen wat soos towerkuns lyk. |
| *moeselienbloes* | ’n Bloes wat van sagte, dun katoenstof gemaak is. |
| *myl* | 1.6 kilometer |
| *sleurwerk* | Allerhande vervelende, klein takies. |
| *spekulant* | ’n Persoon wat produkte koop en later weer verkoop. |
| *voorbarig* | ’n Opdringerige houding. |

Idiome: lepel in die dak steek / die emmer skop: Betekenis: om dood te gaan

**Vrae:**

1. Wanneer hulle Ceres binnery sê Sarel: "Dis die plek." Wat bedoel hy daarmee? (1) [3]

2. Noem DRIE take wat die seuns moet verrig wanneer hulle uitspan? (3) [1]

3. Gee TWEE redes waarom daar so baie mense in Ceres was. (2) [2]

4. Wanneer Leopold gaan water haal sien hy ’n meisie eenkant staan. Hoekom, dink jy, "stol" Leopold se asem in sy keel? (1) [4]

5. Waarom het Sarel vir Leopold kom roep? (1) [2]

6. Waarheen het oom Barend vir Leopold gestuur? Wat moet hy daar gaan maak en hoe ver is dit daarheen en terug? (3) [2]

7. Waarvoor is Leopold bang wanneer hy hoor dat hy in die donker moet loop oor die Skurweberge? (1) [1]

(12 punte)

**Hoofstuk 12** (bladsye 56-62)

Leopold is doodbang om terug te gaan na die donker berg en Sarel spot hom daaroor. Uiteindelik brand sy stormlantern en kan hy vertrek. Voor die winkelstoep waar die swartkopmeisie gestaan het, lê iets op die grond. Dit is die klein protea wat sy in haar hand gehad het. Hy tel dit op en steek dit in sy sak. In die dorp stap hy by die hotel verby waar ’n goëlaar besig is om die mense te vermaak. Leopold se hart is swaar. Hy sou veel eerder dáár wou wees as om in die donker deur die berg te sukkel en die gevaar te loop dat hy die Verdwaalding gaan teëkom. Die strate raak donkerder en die mense minder. Hy kyk op toe hy die geluid van perdepote hoor. Dit hom uit die berg, van die tolhuis se kant. Toe die voertuig verby hom jaag, sien hy dis ’n lykswa. Hy bereik die berg veilig, maar kom agter iemand agtervolg hom. Hy is verlig toe hy sien dis oom Arius, die tollenaar. Leopold vertel hom van oom Barend wat siek is en hulle loop saam tot by die tolhuis. Daar gekom, lig Arius ’n trommel van ’n rak af. Hy haal ’n seilsakkie uit en gee dit vir Leopold met die opdrag dat hy dit met sy lewe moet beskerm. Ook maan hy hom om haastig deur die berg te loop. In die dorp aangekom is die wa met die swart tent nêrens te siene nie. Daar is geen spoor of teken dat die togryer, sy wa, hond óf touleier ooit daar was nie. Leopold vra die

witkopseun en sy meisie wat eenkant sit en vry of hulle weet wat van die wa geword het, maar hulle het niks gesien nie.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *bonkige* | Grof gebou/gespierd |
| *glimmend* | Blink/glansend |
| *lykswa* | ’n Rytuig waarmee ’n lyk graf toe vervoer word. |
| *salon* | ’n Groot saal/ kroeg;’n plek waar drank verkoop en mense vermaak word. |
| *stormlamp* | (Stormlantern)’n beskutte lamp wat in ’n storm gebruik kan word. |
| *tontel* | ’n Lig vlambare doek of linne wat deur die vonk van die vuurslag aan die brand gesteek kan word. |
| *verbleikte bene* | geraamtes |
| *vuurslag* | ’n Stuk staal waarmee vonke uit ’n vuursteen geslaan word. |

**Vrae:**

1. Wat het Leopold voor die winkelstoep waar die meisie gestaan het, opgetel? (1) [1]

2. Watter bedekte waarskuwing hoor Leopold van die deftige, gryskop man wat die ander mans voor die winkel toespreek? (1) [3]

3. Wat kom op volle vaart deur die tol gejaag? Hoekom is dit vreemd? (2) [2,3]

4. Sou jy kans gesien het om soos Leopold so ver in die nag alleen rond te stap? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

5. Wat ontdek Leopold wanneer hy weer terug is by die kampeerplek? Verduidelik waarom dit ironies is. (2) [2,3]

6. Wat dink jy het met oom Barend gebeur? (1) [4]

(8 punte)

**Hoofstuk 13 (bladsye 63-67)**

Die volgende oggend word Leopold alleen en verkluim wakker op die stoep van ’n winkel waar hy die nag deurgebring het. Die winkelier verwilder hom en skaam en erg jammer vir homself strompel hy in die straat af. Ryp kraak onder sy voete. Op ’n straathoek kom die lykswa van die vorige aand weer by hom verby. Leopold snak van verbasing. Die koetsier is ’n vrou wat soos ’n man uitgevat is en by haar voete lê Asem, die togryer se hond. In die

hoop dat die hond hom na oom Barend sal lei, sit hy die lykswa agterna. Hy haal dit in waar dit in die straat voor ’n indrukwekkende dubbelverdiepinghuis staan. Die koetsier en hond is egter nêrens te sien nie. Leopold wonder of dit oom Barend se lyk is wat in die wa lê en trek die fluweelgordyntjies weg om te kyk. Die volgende oomblik skrik hy hom boeglam. In ’n kis, met haar hande oor haar bors gevou, lê die swartkopmeisie! Dit voel of sy hart breek terwyl hy na haar kyk. Al het hy haar nie geken nie, wil hy nie hê dat sy dood moet wees nie. Hy haal die bergrosie wat hy die vorige aand opgetel het, uit sy sak en raak per ongeluk aan die seilsakkie met medisyne wat hy by die tollenaar gekry het. Hy lê die bergrosie op die meisie se bors neer, haar oë fladder oop en kyk reguit in syne.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *manel* | ’n Swart, deftige baadjie wat aan die voorkant tot in die middel gekom het met twee lang punte aan die agterkant. |
| *pluiskeil* | ’n Deftige hoed met ’n hoë bol. |
| *skoonveld* | Heeltemal weg. |
| *skorriemorrie* | ’n Skurk |
| *Nagmaalsnaweek* | Boere wat vêr van die dorp was, het die Vrydag of Saterdag per ossewa of perdekar na die dorp vertrek en daar oornag sodat hulle betyds kan wees vir die Sondag se nagmaal. |
| *volstruispluime* | Die lang, sierlike, wit stertvere van ’n volstruis. |

**Vrae:**

1. Waar het Leopold geslaap? Hoe laat is dit toe hy wakker word? (2) [2]

2. Hoekom is alles sprokiesmooi rondom Leopold wanneer hy die oggend wakker word? Waarmee vergelyk hy die toneel? (2) [3]

3. Waarom word daar na Leopold as ʼn “skorriemorrie” verwys. (2) [2]

4. Wanneer die lykswa verbykom, sien Leopold dat die koetsier ʼn vrou is. Beskryf haar kortliks. (1) [2]

5. Watter afleiding maak Leopold toe hy vir Asem op die lykswa sien? (2) [3]

6. Verduidelik wat Leopold in die lykswa sien. (2) [2]

7. Aan watter sprokie herinner die toneel wat Leopold by die lykswa sien? (1) [3]

(10 punte)

**Hoofstuk 14 (bladsye 68-72**

Buite homself van skrik vir die “spook” in die doodskis hardloop Leopold weg, deur die dorp se strate en later berg uit. Hy val in ’n vlak bergstroom waar hy swak van die honger en koue bly lê. Meteens hoor hy ’n geluid wat klink soos iemand wat handeklap. Hy steier op sy voete en kom op Sarel af waar dié besig is om om ’n kampvuurtjie te dans. Terwyl Sarel iets te ete maak, vertel hy vir Leopold dat oom Barend nog springlewendig was toe hy hom laas gesien het. Hy gaan egter nie verder saam met die wa trek nie omdat hy agtergekom het iets is fout: Oom Barend praat nog heeltyd van die belangrike vrag wat hy vervoer, maar Sarel het onder die seil ingekyk terwyl hy siek was en het gesien daar is geen negosieware binne nie. Leopold glo hom nie en hy probeer Sarel dwing om hom te vertel hoekom hy so lieg. In die stryery pluk Leopold Sarel se hoed af. Toe lang swart hare oor Sarel se skouers tuimel, besef Leopold tot sy skok dat die touleier al die tyd ’n meisie is.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *askoek* | ’n Stukkie deeg word in ’n bolletjie gerol en platgedruk sodat dit soos ’n plat koek lyk. Dit word dan in die as van ’n oop kampvuur gaargemaak. |
| *knapsak* | ’n (Leer)sak, wat gewoonlik op die rug gedra is. Reisigers het kos daarin gestoor. |
| *negosieware* | Artikels wat smouse mee handeldryf. Handelsware. |
| *verkluim* | Baie koud kry. |

**Vrae:**

1. Waarom het Leopold blindelings rondgehardloop? (1) [3]

2. Bestudeer die eerste paragraaf op bladsy 69. Wat noem ons vrae waarop daar geen antwoord verwag word nie? Wat is die funksie van hierdie soort vrae? (2) [2.3]

3. Watter geluid hoor Leopold wanneer hy by ’n bergstroom in die bos kom?(1) [1]

4. Vertel kortliks wat hy sien wanneer hy ondersoek instel. (2) [2]

5. Wat eet Sarel en Leopold? (2) [1]

6. Wat het Sarel vertel omtrent oom Barend en die wa wat verdwyn het? Waarom dink jy het oom Barend net voorgegee dat hy siek is? (3) [2,4]

7. Watter ontdekking maak Leopold toe Sarel se hoed afval? (1) [3]

(12 punte)

## Hoofstuk 15

Die meisie ruk los en hardloop weg. Leopold sit haar agterna, maar na ’n ruk gooi hy tou op en gaan sit uitgeput teen ’n rots. Hy raak aan die slaap, maar skrik wakker toe ’n stem bokant hom praat. Toe hy opkyk, sien hy dis die meisie. Sy vertel dat haar naam Sara is en dat haar pa haar kort voor sy dood na die Bokkeveld gestuur het om na haar voorouers se “merk” te soek. Sy weet nie hoe dié teken lyk nie, maar volgens haar pa sal sy dit herken as sy dit sien. Terwyl hulle praat, rol dik vlae mis oor die berg. Skielik verskyn daar ’n swewende gedaante in die mis. Eers dink Leopold dis ’n spook, maar dan besef hy dis dieselfde swartkopmeisie van vroeër met Asem by haar. Sy beduie aan Leopold en Sara dat hulle haar moet volg voor sy weer in die mis verdwyn.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *klipspringer* | ’n Klein wildsbokkie wat in rotsagtige bergomgewing aangetref word. |
| *spoggerige* | Baie mooi. |
| *statige* | Deftige / indrukwekkende |
| *suutjies* | stilletjies |
| *vermakerige* | Tergerig |
| *vermom* | Deur middel van die klere wat jy dra voor te gee dat jy iemand anders is. |

**Vrae:**

1. “... maar sy is <u>so rats soos ’n klipspringer</u> en toe hy weer sien het die mis haar ingesluk.”

a) Benoem die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte. (1) [3]

b) Het die mis werklik die meisie ingesluk? Verduidelik. (1) [2]

2. Wat is die doel van Sara se besoek aan Ceres? (1) [2]

3. Noem twee ooreenkomste tussen Sara en Leopold. (2) [3]

4. Wat bedoel Sara wanneer sy sê dat Leopold dalk reg was oor die hond? (2) [3]

5. Voltooi: Leopold is bang vir die Verdwaalding, maar Sara vrees ... (1) [3]

6. Wie dink Sara is die Verdwaalding? Hoekom dink sy so? (2) [3]

7. Hoekom het Leopold en Sara gedink dat die gedaante van die meisie wat hulle gesien het, swewend was? (2) [3]

8. Leopold en Sara staan aan die einde van hierdie hoofstuk voor ’n keuse. Hulle moet of die meisie volg of wegvlug. Wat sou jy gedoen het as jy in dieselfde situasie was? (1) [5]

(13 punte)

## Hoofstuk 16

Sara, vas onder die indruk dat die swartkopmeisie ’n dwaalgees is, probeer Leopold keer, maar hy is vasberade om agter haar aan te gaan. Die mis is dig en hulle sukkel om te sien waar hulle loop. Hy kry die meisie se bergrosie tussen die bossies en wys dit vir Sara. Sy skrik vir ’n donker voorwerp wat aan ’n tak hang en dink ’n lyk. Gelukkig herken Leopold dit as sy baadjie wat aan ’n boomtak vasgehaak het, vroeër toe hy van die lykswa af gevlug het. Dan hoor hulle die weersinwekkende geluid van iemand of iets wat rasend van woede óf in verskriklike pyn verkeer. Sara hardloop weg en swik haar enkel. Leopold help haar en hulle slaan op die vlug, maar dan verskyn ’n swart figuur in die mis. Sara dink dadelik dat dit die Verdwaalding is.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *blindelings* | sonder om rond te kyk of te dink |
| *dwaalgeeste* | spoke/ ’n Gees wat nie tot ruste kan kom nie. |
| *hardegat* | hardkoppig |
| *verswik* | Skeef getrap en jou enkel beseer/verstuit. |
| *weersinwekkende* | Iets wat afkeer en vrees veroorsaak. |

**Vrae:**

1. Wat doen dwaalgeeste, volgens Sara? (2) [1]

2. Sara dink dat Asem deur ’n dwaalgees geklap is. Hoekom sê sy so? (1) [2]

3. Verduidelik hoekom Sara gedink het dat die meisie haarself opgehang het. (1) [3]

4. Waarom het Leopold se baadjie aan die boomtak gehang? (1) [3]

5. Hoekom het Sara daarop aangedring dat hulle moet teruggaan? (2) [2]

6. Waarom wil Leopold die meisie wil volg? (1) [2]

7. Wat dink Leopold is die rede vir die weersinwekkende geluid? (2) [2]

(10 punte)

## Hoofstuk 17

Leopold spring tussen die donker figuur en Sara in, maar dan besef hy dat dit oom Arius, die tollenaar, is. Oom Arius kyk na Sara se enkel en stel voor dat hulle hom volg – by die tolhuis kan hy haar enkel versorg en daar is ook ’n lekker pot melkkos. Sara klim op Leopold se rug en hulle loop agter hom aan. By die tolhuis gekom, vertel hulle hom van oom Barend se verdwyning. Hy lyk bekommerd, amper asof hy weet dat dit iets onheilspellends beteken, maar bied aan dat hulle by hom in die tolhuis kan bly tot hulle ’n

nuwe geleentheid na die diamantveld kry. Daardie aand slaap Leopold in die solder saam met 'n swart doodskis.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *enemmel* | Glasagtige bedekking wat op 'n metaalbord of beker aangebring word. |
| *es* | 'n Vuurherd. Plek waar daar binnenshuis vuurgemaak word, soos 'n kaggel. |
| *huisapteek* | 'n Trommeltjie waarin die belangrikste medisyne vir 'n noodgeval in gebêre word. |
| *japtrap* | Baie vinnig. |
| *karos* | 'n Kombers wat van diervelle gemaak is. |
| *mankoliek* | Lendelam. Nie baie stewig nie. |
| *melkkos* | 'n Soort gereg wat van deegsnysels en melk gemaak en saam met kaneel en suiker bedien word. |
| *solder* | 'n Ruimte van die huis tussen die plafon en die dak. |

**Vrae:**

1. Aan wie het die voetstappe wat Leopold en Sara gehoor het behoort? (1) [1]

2. "Aag, los nou daai storie," sê Leopold. Watter storie moet Sara uitlos? Hoekom dring Leopold daarop aan dat sy die storie moet los? (3) [3]

3. Gee TWEE redes waarom Leopold wou teruggaan na die tolhuis. (2) [2]

4. Waarom dink jy het Sara nie teëgestribbel toe Leopold aanbied om haar te dra nie? (1) [4]

5. Wat is 'n huisapteek? (1) [2]

6. Noem TWEE soorte voedsel wat oom Arius vir Sara en Leopold te ete aanbied. (2) [1]

7. Waarom dink jy wil Sara nie hê dat Leopold vir oom Arius vertel van die merk van haar voormense nie? (1) [4]

8. Verduidelik waarom oom Arius verbaas is dat hulle nog nie op pad is Karoopoort toe nie. (2) [2]

9. "Die tyd is hier." Wat dink jy is die betekenis van hierdie woorde van oom Arius? (1) [5]

10. Op watter manier kan oom Arius vir Leopold help? Noem TWEE dinge. (2) [2]

11. Hoe word die laaste paragraaf in hierdie hoofstuk uitgehef? Wat is die funksie van die uitheffing? (2) [3]

(18 punte)

## Hoofstuk 18

Dit is Sondagoggend. Leopold word wakker en op pad kombuis toe ontdek hy ŉ kraal met beseerde diere agter die huis. Dit lyk of oom Arius hulle versorg. In die kombuis is Sara besig om ontbyt voor te sit. Oom Arius is vroeg reeds uit iewers heen en Leopold besluit om Ceres toe te gaan om te probeer uitvind wat van die swartkopmeisie geword het. Sara terg hom dat hy verlief is, maar moedig hom aan om te gaan. Gelukkig kry Leopold gou die pad na die dubbelverdiepinghuis waar die lykswa die vorige dag stilgehou het. Deur een van die vensters kom die hartseerste musiek. Leopold sluip met die tuinpaadjie af en loer deur die venster. Binne sit die meisie op ’n wiegstoel, besig om tjello te speel. Asem vlieg onder haar roksoom uit en blaf vir Leopold. Hy slaan op die vlug, maar gly in die modderige blombedding en word betrap toe die venster bokant hom oopgaan. Twee donker oë gryp syne vas.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *broekiekant* | Gietyster wat in sierlike krulle gevorm is om die aansig van ’n gebou af te rond. |
| *duikertjie* | ’n Klein wildsbok. |
| *eerste gelui* | Die eerste klok wat gelui word om die naderende erediens aan te kondig. |
| *tjalie* | ’n Gehekelde bykomstigheid (omslagdoek) wat ’n vrou om haar skouers dra om warmer te kry. (sjaal Eng. shawl) |
| *tjello* | ’n Musiekinstrument met vier snare wat tussen die knieë gehou word wanneer iemand dit bespeel. |

**Vrae:**

1. “Daar is ŉ byt in die lug.” Wat beteken dit? (1) [3]

2. Beskryf wat Leopold alles in dié kraal agter oom Arius se huis ontdek. (4) [1]

3. Hoekom dink Sara dat oom Arius vir hulle gejok het? (1) [3]

4. Watter moontlike verklaring het Leopold daarvoor? Waarom verskil Sara van hom? (2) [2]

5. Verskaf TWEE redes waarom Leopold reken dat oom Arius ŉ goeie mens is. (2) [23

6. Hoekom wil Leopold teruggaan dorp toe? (1) [2]

7. By die dubbelverdiepinghuis hoor Leopold ŉ geluid wat só vol verlange is dat dit “sy keel brand.” Verduidelik wat dit is wat hy gehoor het. (1) [2]

8. Watter “wit figuurtjie” kom op Leopold by die venster afgestorm? (1) [1]

9. Lug jou mening oor die hond, Asem, wat telkens op die onmoontlikste plekke opdaag. (1) [5]

(14 punte)

## Hoofstuk 19

Leopold dink hy sien 'n spook en wil vlug, maar die meisie keer hom en waarsku dat juffrou Estrelita, haar goewernante, hulle sal hoor. Om een of ander onverklaarbare rede ken sy Leopold se naam, en nooi hom na die tuinhuisie in die agterplaas waar hulle kan gesels. Daar gekom stel sy haarself voor as Emily en verduidelik sy dat sy heldersiende is. Dit is waarom sy weet wie hy én Sara is en dat hulle gestuur is om haar te help. Leopold is skepties, maar Emily verduidelik dat alles begin het vandat haar pa,'n geoloog, sekere klippe by die huis aangebring het. Hierdie klippe kom van 'n ster (meteoriet) wat in 1938 in die Bokkeveld geval het. Emily glo dat die klippe met haar praat en iets met die Verdwaalding – 'n monster wat 'n skrikbewind voer – te doen het. Sy smeek Leopold en Sara moet haar help om die monster te stop. Leopold leer ook dat dit Emily se goewernante is wat met die lykswa rondjaag. Juffrou Estrelita is glo lid van 'n geheimsinnige Sterbrigade wat teen die pyn en haat in die wêreld baklei – een spoor dit op, 'n ander een maak dit bymekaar en die derde lid (juffrou Estrelita) vat dit in haar lykswa weg na iewers tussen die sterre.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *dronkverdriet* | Dit gebeur soms wanneer iemand onder die invloed van alkohol so dronk is dat hy begin huil. |
| *goewernante* | 'n Vrou wat ander mense se kinders teen betaling tuis onderrig en versorg. |
| *heldersiende* | 'n Persoon wat 'n buitengewone gawe het om te sien wat vir ander mense verborge of onsigbaar is. |
| *katjiepiering* | 'n Blom van die katjiepieringboom wat lekker ruik. |
| *roofdier* | 'n Vleisetende dier wat ander diere vang en opeet. |

**Vrae:**

1. Verduidelik kortliks wie juffrou Estrelita is. (2)

2. Hoe is dit moontlik dat die meisie (Emily) Leopold se naam geken het? Watter ander persoon het ook Leopold se naam geken voordat hy homself kon voorstel? (2)

3. Emily is heldersiende. Wanneer het haar vermoë om dinge te "sien" begin? (1)

4. Hoekom is Emily se pa die heeltyd in die veld? (1)

5. Verduidelik volledig wat die Sterbrigade is. (3)

6. Emily vertel Leopold van die Verdwaalding. Wie of wat is dit en hoekom is almal bang daarvoor? (3)

7. Wat vertel die togryers wat ná donker op die pad is? (2)

8. Waarna verwys Emily se pa as hy van "stersplinters" praat? (2)

9. Emily is van mening dat Leopold en Sara "gestuur" is. Wat moet hulle na haar mening doen? (1)

(17 punte)

**Hoofstuk 20**

Terug by die tolhuis wag Leopold tot diep in die nag voor hy teen Sara se ruit gaan klop. Hy wil haar van Emily en die Verdwaalding vertel, maar nie voor oom Arius nie. Sara was reeds in die bed en toe Leopold na die tjalie kyk wat sy aan het, vertel sy hom dat oom Arius dit vir haar gegee het. Dit het aan sy vrou behoort en dié is seker dood, want die tollenaar lyk hartseer wanneer hy van haar praat. Op sy beurt vertel Leopold wat hy by Emily uitgevind het en hulle wonder of hulle oom Arius in hul vertroue kan neem. Sara vertel van 'n arm egpaar wat vroeër die dag met 'n treppie deur die tol wou gaan en hoe oom Arius hulle gehelp het. Dit laat haar dink dat oom Arius 'n goeie mens is wat hulle ook sal help. Meteens is daar dieselfde bloedstollende geluid as die vorige aand agter die huis. Hulle hardloop kombuis toe en is net betyds om oom Arius met Asem se slap liggaam in sy arms te sien binnekom.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *behoedsaam* | baie versigtig sodat niemand hom kan hoor nie. |
| *laslappiedeken* | Verskillende kleure afvalstukke materiaal word in 'n spesifieke vorm gerangskik sodat 'n patroon vorm, dan word dit aanmekaar vasgewerk. Dit vorm dan 'n pragtige deken wat oor 'n bed gegooi kan word om kamer te verfraai. |
| *skuifraam* | In daardie tyd was die raamwerk van vensters meestal van hout. Die venster wat oopgemaak kon word, het 'n houtraam, wat met gaas bedek was, gehad. Die gaas het die insekte buite gehou wanneer die skuifraam opgeskuif word om dit oop te maak. |
| *trepkarretjie* | 'n Perdekar wat deur een perd getrek word. |
| *waansinnig* | Mal/kranksinnig. |

**Vrae:**

1. Aan wie het die klere wat oom Arius vir Sara gegee het behoort? Waar word die klere gebêre? Hoekom dink jy is sy oë seer as hy van haar praat? (3) [1,4]

2. Hoekom wil Leopold en Sara nie met oom Arius oor die Verdwaalding praat nie?

(2) [3]

3. Waarom dink Leopold het oom Barend die houtbeeld gemaak? (2) [2]

4. Wat is Sara se opinie oor Emily? (1) [3]

5. Sara is van mening dat oom Arius hulle sal help. Hoekom dink sy so? (2) [3]

6. Wat dink jy het oom Arius vir die bruin mense in die trepkarretjie gegee? Wat dink jy is die rede vir die geskenk? (2) [4]

7. Hoekom kantel die vertrek voor Leopold se oë toe hy sien wat dit is wat deur die gespierde tollenaar vasgehou word? (2) [3]

## Hoofstuk 21

Oom Arius het die beseerde Asem in die berg gekry; onder ŉ krans waar dit is asof iemand hom ondertoe gegooi het. Leopold en Sara vermoed dadelik dat dit die Verdwaalding se werk is. Terwyl hulle daaroor praat, klink daar ŉ geluid soos ŉ jakkals wat huil vanuit die skoorsteen. Asem vlieg op en storm by die kombuis uit met Sara agter hom aan. Leopold wil haar volg, maar Oom Arius keer hom en sê dat hy hulle sal gaan haal. Leopold begin solank hout kap om vuur te maak. Hy ondersoek die kaggel se skoorsteen om vas te stel waar die geluid vandaan gekom het en ontdek ŉ sakkie diamante wat aan ŉ spyker hang. Oom Arius en Sara kom terug, sonder Asem. Sara is in skok, en vertel vir Leopold dat sy haar voormense se teenwoordigheid in die berg kon aanvoel. Maar dit was nie al nie, die Verdwaalding was ook daar. Net voor hy haar kon gryp, het oom Arius egter te voorskyn gekom en haar gered.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *geharwar* | deurmekaar warboel |
| *juwelekissie* | ’n Netjiese kissie wat gebruik word om ’n vrou se juwele in te bêre. |
| *krampagtig* | ’n Stewige greep met wanhopige kraginspanning. |
| *oorbluf* | geskok/verbaas |

**Vrae:**

1. Wat gebeur toe ŉ geluid soos die gehuil van ŉ jakkals opklink? (1) [2]

2. Probeer verklaar waarom Sara kop verloor en agter Asem aangehardloop het. (1) [5]

3. Volgens oom Arius sal die Verdwaalding nie die dorpsmense verskeur soos hy met die diere in die berg doen nie. Wat sal hy aan die dorpsmense doen? (2) (2)

4. Wat dink Leopold is die rede waarom oom Arius so laat in die nag rondloop? (2) [3]

5. Wat ontdek Leopold in die skoorsteen? Watter afleiding maak hy en hoe skakel dit met die vorige dag se gebeure? (3) [2,3]

6. Wat het Sara ervaar toe sy agter Asem aangehardloop het? (2) [2]

7. Dink jy Sara het nou meer vertroue in oom Arius as voorheen? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

(12 punte)

## Hoofstuk 22

Die volgende oggend gaan Leopold en Sara dorp toe om met Emily te praat. Hulle kry haar in die pas,’n entjie van die tolhuis af, met Asem by haar. Die drie kinders gesels oor die situasie en hulle besluit om oom Arius in hul vertroue te neem. Toe hulle by die tolhuis kom, is hy egter nog nie daar nie. ’n Reënbui sak uit en hulle gaan skuil in Leopold se solderkamer. Dadelik voel Emily ’n hartseer teenwoordigheid in die vertrek aan. Sara snuffel in die doodskis rond en kom op oom Arius se vrou se klere en ’n dagboek af. In die dagboek is twee briewe: Emily voel aan dis ’n brief van trane en ’n brief van haat. Daar is ook ’n foto van ’n vrou en twee kinders: ’n bruin seuntjie en ’n wit dogtertjie. Hulle is ongeveer vyf jaar oud.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *bergrosie* | ’n Soort protea, protea nana/ ’n skaamblom |
| *boerseep* | Dierevet, water en seepsoda is gemeng en vir ure lank oor ’n oop vuur in ’n groot pot gekook. Daarna is soutwater ingevoeg om die harde mengsel van die “loog” te skei. Die harde mengsel wat aan die bokant gevorm het, is dan laat staan om af te koel en daarna is dit uitgehaal en gedroog. Dit het ’n groot stuk seep gevorm wat in kleiner stukke gesny en gebruik is om wasgoed te was. |
| *dagboek* | ’n Boek waarin ’n persoon elke dag se belangrikste gebeure neerskryf. Dagboeke het geskiedkundige waarde omdat dit feite bevat wat die nageslag kan gebruik om dinge wat lank gelede gebeur het na te vors en te bewaar. |
| *gedrog* | Wanskape mens of dier/ ’n monster |
| *gedoentetjie* | Dingetjie. |
| *stersplinters* | Dele van ’n meteorsteen (meteoriet/vallende ster) wat op die aarde geval en in kleiner stukke gebreek het. |
| *voorbode* | ’n Bonatuurlike waarskuwing van iets wat gaan gebeur |

**Vrae:**

1. Verskaf TWEE redes waarom Sara is nie gretig om na Emily te gaan nie. (2) [3]

2. Hoe het Emily daarin geslaag om vir Leopold en Sara in die berg op te spoor? (1) [2]

3. Wat is dit wat Emily kan voel wanneer sy na aan Leopold en Sara staan? (1) [3]

4. Waarom stel Sara voor dat hulle teruggaan na die tolhuis? (1) [2]

5. Hoekom dink jy gaan skuil die jongmense op die solder? Gee TWEE moontlike redes. (2) [2]

6. Noem DRIE dinge, afgesien van die klere en juwele, wat hulle in die kis kry. (3) [1]

7. Noem TWEE emosies wat Emily aangaande hulle ontdekkings kan aanvoel. (2) [3]

8. Wat was oom Arius se vrou se naam? (1) [1]

9. Watter afleiding kan jy uit die foto maak? (1) [3]

10. Verduidelik waarom die volgende stelling onwaar is.
Senator Koekemoer was Vytjie se pa. (1) [4]

11. Gee 'n kort beskrywing van die foto wat hulle ontdek. (1) [2]

12. Dink jy die kinders het reg opgetree deur in oom Arius sêgoed te krap? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

(17 punte)

## Hoofstuk 23

Die drie kinders besef dat oom Arius 'n hartseer verlede wegsteek, veral toe hulle sien hoe vol traanvlekke die ou foto is. Intussen het dit ophou reën. Dit is egter snerpend koud en Emily is bang dit gaan begin sneeu. Hulle besluit om na oom Arius te gaan soek en loop kombuis toe om padkos te maak. Leopold druk sy verkluimde hande in sy jas se sakke en ontdek die sakkie medisyne wat oom Arius vroeër vir oom Barend gestuur het. Hy maak dit oop skud die inhoud op die tafel uit. Dis 'n klip. Emily val flou toe sy dit sien en toe sy bykom wys sy aan die ander dat sy 'n klip het wat net so lyk. Sy verduidelik dat dit een van haar pa se stersplinters is. Tot hul verbasing besef Leopold en Sara dat hulle elkeen ook 'n stersplinter saamdra. Leopold s'n was nog die hele tyd in sy ma se beursie en Sara het hare by haar pa gekry en in 'n sakkie om haar nek gedra. Daar is ook 'n papiertjie in die medisyne se sakkie. Hulle vou dit oop en sien dis 'n raaisel wat in die vorm van 'n gedig geskryf is. In die berg tjank die jakkals en Asem storm buitentoe. Asof iets haar roep, hardloop Sara agterna.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *eggo* | weergalm /weerklink |
| *gesmoorde* | onderdrukte |
| *saampiekel* | Dit oral waarheen jy gaan saamdra. |
| *suikerwater* | Water waarin ’n bietjie suiker opgelos is, dit help vir skok. |
| *raaisel* | ’n Strikvraag waarvan die verklaring deur middel van die leidrade in die raaisel geraai moet word. |
| *vlugsout* | Ammoniumkarbonaat, wat ’n skerp prikkelende geur het, word gebruik om iemand wat sy bewussyn verloor het weer by te bring. |

**Vrae:**

1. Wat het senator Koekemoer gedreig om aan Vytjie te doen? (1) [2]

2. Tot watter gevolgtrekking kom die drie jongmense terwyl hulle na die foto en die brief van oom Arius kyk?

3. Watter ontdekking maak hulle toe Leopold kyk wat in die medisynesakkie is? (1) [2]

4. Waar kom die klippe wat Emily en Leopold besit vandaan? (2) [3]

5. Watter ooreenkoms is daar tussen die klippe? Waar dink jy is die oorsprong van die klippe? (2) [3,4]

6. Hulle ontdek nog iets belangriks in die medisynesakkie. Wat was dit? (1) [1]

7. Ons lees: “Nes die vorige nag is dit of Sara haarself nie kan keer nie.” Waarna word hier verwys? (1) [3]

8. Bestudeer die raaisel. Probeer raai wat die verklaring daarvan is. (1) [5]

(11 punte)

## Hoofstuk 24

Leopold en Emily sit Sara en Asem agterna. Buite is die lug wasig en wit en hulle weet nie regtig waarheen om te gaan nie. Hulle kry ’n voetpaadjie en besluit om dit te volg. Emily probeer uitwerk wat die klippe vir haar wil sê. Die feit dat Leopold, Sara en oom Arius bykans identiese klippe as haar eie het, moet tog sekerlik iets beteken? Dan hou die voetpaadjie plotseling op. Intussen het dit begin sneeu en koud en verdwaal besluit hulle om terug te draai. Leopold sien Sara teen ’n klipkrans, maar toe hy haar roep, vertrek haar gesig van vrees en hardloop sy weg. Bokant sy kop word dit meteens onheilspellend donker.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *halsoorkop* | oorhaastig, sonder om te dink aan die gevolge. |
| *heer* | (Eng. gentleman) ’n Man van aansien wat goeie maniere het. |
| *legkaart* | (Eng. puzzle) Klein stukkies van verskillende vorms en grootte om ’n patroon/prent te bou. |
| *tou opgooi* | Moed opgee. |
| *verskrik* | Bevrees. |
| *ysreën* | Sneeu is soos kristalle wat soos vere uit die lug val, terwyl ysreën reën is wat bevries raak terwyl dit val. |

**Vrae:**

1. Benoem die en verduidelik die beeldspraak wat voorkom in die volgende aanhaling: “... wat die donker kloof Sara en Asem insluk.” (3) [3]

2. Wat het Leopold se ma hom geleer? (Paragraaf 4 op bladsy 125) Hoekom sê hy hierdie woorde? (2) [2,3]

3. Emily dink dat daar is vreemd is aangaande Sara en die berg. Verduidelik. (1) [3]

4. Verduidelik kortliks wat vir Emily vreemd was omtrent die vier klippe wat hulle elkeen gehad het. (2) [2]

5. Wat kan jy aflei uit Sara se gesigsuitdrukking toe Leopold en Emily op haar afkom? (1) [3]

6. Watter simboliese betekenis, dink jy, kan die lug wat donker word aan die einde van hierdie hoofstuk beteken? (1) [4]

(10 punte)

## Hoofstuk 25

Skaars het Leopold besef dat die swart wolk bokant sy kop ’n swerm vlermuise is, of hy sien die opening van ’n holkrans ’n entjie voor hulle. Hy stoot die takke eenkant. Sara sit in ’n hopie in die een hoek en is duidelik vreesbevange. Sy dink Leopold is die Verdwaalding, maar toe hy met haar praat, kalmeer sy en vertel hulle dat die monster die heeltyd op haar spoor is. Emily stap dieper onder die krans in en kom op rotskuns wat diere uitbeeld af. Onder andere is daar ’n tekening van ’n jakkals wat baie soos Asem lyk. Bokant dié tekening is daar ’n handafdruk in rooibruin oker. Toe sy dit sien, herken Sara dit dadelik as die merk van haar voormense.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| *antieke* | baie oud |
| *eland* | ’n Groot wildsbok. |
| *holkrans* | ’n Vlak grot in ’n krans. |
| *silhoeët* | ’n skadubeeld / die omtrek van iemand se beeld. |
| *uitoorlê* | As jy iemand wil uitoorlê, moet jy slimmer wees as die ander en op ’n slinkse manier daardie persoon oortref. |

**Vrae:**

1. Wat was die swart wolk gedroggies in werklikheid? (1) [1]

2. Verduidelik waarom Sara so bang is toe sy vir Leopold sien? (1) [2]

3. Het Sara die Verdwaalding gesien? Hoe het sy geweet dit is daar? Vertel kortliks wat gebeur het. (3) [2]

4. Hoekom is Emily van mening dat dit nie sal help om te vlug nie? Wat glo sy moet hulle eerder doen? (3) [3]

5. Wat ontdek hulle dieper die grot in? (1) [2]

6. Hoe lyk die merk van Sara se voormense wat sy hier sien? Wat is die ooreenkoms tussen die rotstekeninge en Asem? (2) [1]

7. Lug jou mening oor die kultuurerfenis van rotstekeninge. (1) [5]

(11 punte)

**Hoofstuk 26**

Verstom kyk die drie kinders na die handafdruk teen die krans. Sara gaan sit op haar hurke en wieg heen en weer. Sy het so baie van haar voormense se merk verwag en nou is dit niks meer as ’n handafdruk nie. Nes haar pa wat hom dood gesuip het, het haar voorgeslagte haar in die steek gelaat. Dit beteken mos syself is nie veel werd nie. Emily kom af op ’n tekening wat heeltemal anders as die ander lyk. Toe Sara sarkasties sê dat dit net ’n klomp sterre is, besef Emily dis ’n afbeelding van die sterrereën. Die kinders kom tot die gevolgtrekking dat die Verdwaalding die enigste is wat die meteorietval kon beleef het en dus vir dié rotstekening verantwoordelik is. Emily pak die vier klippe langs mekaar uit terwyl sy probeer verstaan wat hulle vir haar wil sê. Op daardie oomblik hoor hulle ’n vreemde trilling buite die holkrans. Sara, wat die Verdwaalding vroeër gehoor het, herken die geluid en Leopold stel voor hulle maak hulle uit die voete, maar Emily hou hulle terug. Sy haal die raaisel uit haar rybroek se sak en saam probeer hulle die leidrade ontrafel: Sara (hede) pas haar hand in die handafdruk op die rots (verlede) en die rots begin gloei – Leopold en Emily besef dat hulle mekaar liefhet en oor ’n lewe saam droom (toekoms). Uiteindelik – terwyl die Verdwaalding se groteske figuur teen dit lug verskyn – beveel Emily vir Leopold en Sara om mekaar te omhels. Sonder dat hulle verstaan waarom, doen hulle dit en so omhels bloed bloed, die liefde oorwin die bose. Voor hulle oë verskrompel

die afskuwelike monster tot 'n patetiese figuur wat in 'n hopie op die grond bly lê. Toe eers herken hulle hom. Dit is oom Arius.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| dwaalspoor | Om deur middel van 'n persoon of verkeerde denke mislei te word. |
| maanhare | Lang nekhare van 'n leeumannetjie. |
| skouspel | 'n Besonderse vertoning. |
| toweragtig | Dit is 'n onwerklike, betowerende ervaring. |
| verskrompel | Die monster se groot lyf krimp ineen en verdwyn. |
| vibreer | bewe. |

**Vrae:**

1. Sara reageer baie vreemd op die ontdekking van hierdie "merk". Vertel kortliks wat haar reaksie op die merk was. (2) [2]

2. Noem een positiewe en een negatiewe eienskap van Sara se pa. (2) [3]

3. Waarom is Emily van mening dat die merk baie spesiaal is? (1) [2]

4. Wanneer hulle die tekening van die sterrereën sien, het Emily 'n verduideliking daarvoor. Wat het sy aan Leopold en Sara hieromtrent vertel? (2) [2]

5. Wie dink hulle is verantwoordelik vir dié tekening? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

6. Emily pak die vier klippe wat hulle by hulle gehad het op die vloer uit. Wat vertel sy vir hulle van dié klippe? (2) [2]

7. Soos wat klink dit wanneer hulle die Verdwaalding hoor naderkom? (1) [2]

8. Hulle besef dat hul enigste verweer is om die raaisel te ontleed.
   (a) "Gister en vandag moet hande vat". Wat is die oplossing hiervoor? (1) [3]
   (b) Wat gebeur met die rots toe Sara dit doen? (1) [2]
   (c) Wat doen Leopold om die "môre" van die raaisel te aktiveer? (1) [1]
   (d) Watter emosie word deur hierdie handeling versinnebeeld? (1) [3]
   (e) "Bloed moet bloed omhels." Wat is die oplossing hiervoor? Hoekom? (2) [1,3]
   (f) Beskryf wat gebeur toe Sara en Leopold mekaar omhels. (4) [2]

9. Is jy verbaas dat oom Arius die Verdwaalding is? Motiveer jou antwoord.(1) [5]

(23 punte)

## Hoofstuk 27

Die drie kinders versorg oom Arius in die kombuis en hy vertel hulle sy lewensverhaal. Sara en Leopold is sy kleinkinders – die kinders van die tweeling wat hy en sy geliefde Vytjie gehad het en wie se foto hulle in die kis gesien het. Die polisie het egter na hulle huis gekom en hy is in die tronk gegooi. Hy het Vytjie nooit weer gesien nie. Nadat hy sy straf uitgedien het, het hy Leopold se ma opspoor en elke maand vir haar geld gestuur. Hy was dus die man met die swart jas na wie sy met haar sterwenswoorde verwys het. Tydens sy tronkstraf was hy een van die bandiete wat die Michellspas moes bou. Snags het hy skelm buitentoe gesluip en in die berge rondgedwaal. So het sy paaie met die geheimsinnige teenwoordigheid van die Verdwaalding gekruis. Die Verdwaalding was ’n buiteruimtelike wese wat saam met die sterrereën op die aarde beland het. In die nag het sy gees en oom Arius se liggaam een geword om so saam die monster te vorm wat die skrikbewind gevoer het. Toe die raaisel ontrafel is, is oom Arius en die Verdwaalding albei vrygestel van die pyn en haat wat hulle saamgebind het. Skaars het oom Arius klaar gepraat of daar is die geluid van ’n rytuig buite by die tolhek. Oom Arius neem afskeid van die kinders en voor hulle hom kan keer, stap hy buitentoe.

**Woordverklarings**

| | |
|---|---|
| ewebeeld | Iemand wat presies soos ’n ander persoon lyk. |
| senator | ’n Politikus wat lid is van die regering. |
| sanatorium | ’n Hersteloord vir siekes (teringlyers). |
| tering | TB/tuberkulose is ’n siekte wat die longe aantas. |
| voetstofie | ’n Houtkassie met gate aan die bokant waarin ’n bakkie met gloeiende kole geplaas word om die voete te verwarm. |

**Vrae:**

1. Die sneeu het opgehou, maar Leopold-hulle moet eers wag voor hulle oom Arius na die dokter kan vat. Hoekom moet hulle wag? (1) [2]

2. Hoe het Emily geweet dat Sara en Leopold bloedfamilie is van mekaar? Wat is die verwantskap tussen oom Arius, Sara en Leopold? () [3]

3. Hoe het senator Koekemoer wraak geneem ná oom Arius met Vytjie getrou het? (2) [2]

4. Waarom het Oom Arius het elke maand vir Leopold se ma geld gestuur? Op watter manier is die geld na haar versend? (2) [3]

5. Hoekom het oom Arius opgehou om geld te stuur? (2) [2]

6. Verduidelik volledig hoe dit gebeur het dat die Verdwaalding van oom Arius besit geneem het. (2) [2]

7. Verduidelik waarom die volgende stelling onwaar is:

   Die Verdwaalding is ’n fisiese monster. (1) [3]

8. Hoe het oom Arius probeer regmaak wat hy verbrou het? (1) [2]

9. Oom Arius se afskeidswoorde aan die jongmense is dat hulle van gister se verkeerd en seer moet vergeet en oor begin. Wat bedoel hy hiermee? (2) [3]

10. In hierdie hoofstuk word daar baie antwoorde gegee op dit wat ons as lesers tot hiertoe nie verstaan het nie. Wat noem ons hierdie ontrafeling van die storie? (1) [3]

11. “Engele het nie altyd vlerke nie, my kind.”

    Na wie word in hierdie aanhaling verwys? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

12. Dink jy dat daar vandag steeds engele sonder vlerke is wat die aarde bewandel? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1) [5]

(21 punte)

## Hoofstuk 28

Die kinders haas hulle na die venster en kyk buitentoe. Estrelita se lykswa staan by die tolhek. Sy is die koetsier en langs haar sit oom Barend en Asem. Leopold hardloop buitentoe om te keer dat oom Arius in die wa klim, maar hy is te laat. Terwyl hy dit agternakyk en sien dat dit geen wielspore in die sneeu agterlaat nie, verstaan hy: Die Sterbrigade het oom Arius kom haal om hom terug te neem na sy geliefde Vytjie en sy kinders toe. Nou weet hy ook hoe die driemanskap inmekaar steek: Asem is die een wat die seer uitsnuffel, oom Barend vervoer dit met sy togwa en Estrelita vat dit weg na ’n plek tussen die sterre waar niemand dit ooit weer sal kry nie. Sara kom staan langs hom, en hy verklaar sy liefde aan haar. Terug in die tolhuis haal Leopold die sakkie met diamante – wat nou hulle erfporsie is – uit die skoorsteen en dadelik begin hulle toekomsplanne maak. Eers kan hulle by Emily-hulle tuisgaan en Leopold kan Mieta en Moos laat kom om in die tolhuis te bly. Hulle beplan ook om die diamante te gebruik om ’n sanatorium vir teringlyers op die dorp op te rig. Vir al drie kinders wink ’n gelukkige nuwe begin in die plek van hulle waar hulle wortels is.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| blink idee | ’n Goeie plan. |
| insittendes | Almal wat in/op die lykswa sit. |
| karwei | Om iets rond te ry. |
| kroontjie | ’n Gedeelte van die kop waar die hare sirkelvormig uitsprei. |
| protesteer | teëstribbel/ beswaar maak teen iets. |

**Vrae:**

1. Wie is almal op die lykswa voor die tolhuis se deur? (3) [1]

2. Emily dink dat juffrou Estrelita aspris ŉ bergrosie laat val het. Hoekom dink sy so? (1) [1]

3. Probeer verklaar waarom daar nie wielspore in die sneeu is nie? (1) [3]

4. Verduidelik hoe die drie lede van die Sterbrigade te werk gaan. (3) [2]

5. "Dis rooi!" roep Leopold onverwags uit. Wat is rooi en hoekom is dit juis nóú so mooi vir hom? (2) [3]

6. Watter bekentenis doen Leopold teenoor Emily? Wat vra hy vir haar? (2) [2]

7. Wat gaan haal Leopold uit die skoorsteen? (1) [1]

8. "Nou begrawe ons die verlede en skep ons eie toekoms." Verduidelik volledig wat die drie jongmense se toekomsplanne is. (3) [2]

9. Hoekom sê Leopold dat die Bokkeveld ook die plek van sý voormense is? (1) [3]

10. Dink jy dit sal maklik wees om die diamante wat Leopold gevind het te verkoop? Motiveer jou antwoord en lug jou mening oor die wettigheid van sodanige transaksie. (2) [5]

11. Leopold het uit die Kaap vertrek om sy fortuin by die diamantvelde te gaan soek, maar nooit daar uitgekom nie. Op watter manier, dink jy, het hy wel sy "fortuin" gevind? (1) [5]

**ANTWOORDE OP KONTEKSTUELE VRAE**

**Hoofstuk 1**

1. Kaapstad. √ "verkeer in Adderleystraat" √ "die oggendmis koel oor Kaapstad" √ (3) [2]

2. Hulle wil na die Britse skip Trojan √ gaan kyk wat elektriese beligting het.√ (2) [2]

3. Dit herinner hom aan sy ma se siekte – die bloed op haar sakdoek. √ (1) [4]
Sy lei moontlik aan tering /TB/Tuberkulose √ omdat daar bloedvlekke op die sakdoek is wanneer sy hoes. √ (2) [3]

4. Sy ma is baie siek en hy vrees dat sy dalk sal doodgaan as hy nie daar is nie. √ (1) [3]

5. Ja. Hy bloos toe hulle koets verbykom en Frans hom daaroor spot. √ (1) [3]

6. Die poskoets was laat en die kluise was vol, daarom het Frans se pa die sak diamante onder die poskantoor se toonbank gebêre waar dit oornag verdwyn het. √ Hy word dalk as medepligtige gesien omdat hy nie die diamant in die kluis gebêre het nie. √ (2) [3]

7. Sy is hoogmoedig / statusbewus √ (1) [3]

8 Honde blaf gewoonlik vir vreemdelinge, maar die hond is spelerig en gaan lê op sy rug sodat Leopold sy pens kan krap. / Dit lyk asof hy vir Leopold ken, maar dit is die eerste keer dat hy die hond sien. √ (1) (3)

9.

9.1 Dit is 'n ou man wat by die hawe gestaan het. / Die hond se eienaar. / 'n Ou man met 'n boggelrug. √ (1) [1]

9.2 Sy gesig is vol plooie. √ Hy het 'n boggelrug. √ (2) [2]

9.3 'n Vergelyking. √ (1) [3]

9.4 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die man het nie Leopold se groet beantwoord nie, maar net omgedraai en verdwyn. / Die man het 'n boggelrug. / Die man vermy oogkontak met Leopold. √ (Enige aanvaarbare motivering) (1) [4]

10. Enige TWEE van die volgende:
Posboot, kapkar, perde, stoomskip, vishoring, spaaider, vryperd, pond, poskoets, pruimpie. √√ (2) [3]

**(21 punte)**

**Hoofstuk 2**

1. Isabella de Villiers √ Innerlike konflik. √ (2) [1,3]

2. Sy is baie sosiaal en sou nuutste danspassies by die passasiers wou aanleer. √ (1) [1]

3. Die Trojan is die eerste stoomskip met elektriese ligte en dit kan net gesien word as dit donker is, maar dit is dag. / Hulle sal net die ligte van die skip kan sien as hulle aan boord van die skip is, maar hulle is tussen die mense op die hawe en sukkel om iets te sien. √ (1) [3]

4. "Frans word rooi en vee oor sy nek." √ (1) [2]

5. Isabella de Villiers se huishoudster. √ (1) [2]

6. Frans se ouers leef albei. Leopold ken nie sy pa nie en sy ma lê op sterwe.
Frans is behep met geld, maar Leopold gee nie om oor die geld nie en is besorg oor sy ma.
Frans hardloop vooruit om die Trojan te sien, maar Leopold wil eerder by sy ma wees.
Frans se pa word verdink van 'n misdaad en almal praat sleg van hulle. Leopold se ma is baie gewild, het baie geld en is geniet 'n hoë aansien.
(Enige TWEE verskille.) √√ (2) [3]

7. Frans wou hê dat Leopold die uitstappie geniet sodat hy kan vergeet van sy siek ma, maar hy dink gedurig aan sy ma en voel skuldig omdat hy nie by haar is nie. √ (1) [3]

8. Die seun is maer en lyk verwaarloos, terwyl die ander ouer mans is wat deel is van die werkers. √ (1) [4].

9. Saam met die boggelrugman √ en die wit hond. √ (2) [1]

10. Die eerste keer het die ou man oogkontak vermy, nou lyk dit asof hy vir Leopold herken en vir hom glimlag. √ (1) [3]

11. Ja, want die seun en die boggelrugman gesels met mekaar, die man sit sy arm om die seun se skouers en hulle verdwyn saam om die hoek. √ (1) [4]

**(15 punte)**

**<u>Hoofstuk 3</u>**

1. Hy is laat, want dit is al ná twaalfuur √ Dit is warm en hy sweet. √ (2) [2]

2.

2.1 Sy was moeg vir hul Hollandse huis, want dit was koud en donker. √ Victoriaanse boustyl was in die mode en sy is byderwets en modern. √ (2) [3]

2.2 Mieta het met 'n tongklik gereageer en het die skinkbord hard op die tafel neergeplak. √ (1) [3]

2.3 Sy sê dat hulle 'n mooi tuin het.
Sy wil nie die kuikens/hoenders agterlaat nie
Sy hou van die vuurherd en wil nie 'n kaggel hê nie. √√ (2) [2]

2.4 Isabella is 'n byderwets en modern en wil nie afsteek by ander mense nie. / Isabella is hoogmoedig en statusbewus, sy sal net met die beste tevrede wees. √ (1) [4]

3. Nee, sy het kort nadat hulle na die nuwe huis getrek het siek geword. Weens haar siekte is sy bedlêend en is dus nie in staat daartoe om te onthaal nie. √ (1) [5]

4. Hy is hulle huisdokter. √ Leopold voel onrustig omdat dit nie die gewone tyd is wat die dokter gewoonlik kom besoek aflê nie. √ (2) [2]

5. Die gordyne is toegetrek √ en die huis ruik na medisyne. √ (2) [2]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 4**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is baie hartseer, want sy weet dat Leopold se ma op haar sterfbed lê. / Sy kry vir Leopold jammer, want sy weet dat sy ma gaan sterf. √ (1) [4]

2. Leopold voel angsbevange/bang/bevrees.√
Enige van die volgende:
'n Donker vrees sypel deur Leopold se lyf. / Alles voel klipswaar. / Die vertrek kantel voor Leopold se oë. /Sy bene is lam. / Hou sy asem op. √ (2) [2]

3. Figuurlik. √ Daar is nie letterlik 'n hopie bene op die bed nie, maar dit is sy ma se uitgeteerde liggaam wat weens haar siekte so agteruitgegaan het dat dit lyk soos 'n hopie bene. √ (2) [3]

4. Sy sê dat hy die swart man/die man met die jas moet opspoor omdat hy weet √ en dat hy dapper moet wees. √ (2) [2]

5. Dit beteken dat sy ma oorlede is. √ (1) [3]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 5**

1. Sy is beeldskoon, skatryk en gewild. √ √ (enige 2) Derdepersoonsverteller/Alwetende /Alomteenwoordige verteller. √ (3) [1,3]

2. Dit beteken dat hy haar moet gaan begrawe. √ (1) [3]

3. Mieta dink dat Leopold baie geld gaan erf. √
Sy dink dat sy en Moos ook iets gaan erf. √
Sy dink dat Oudok dalk vir haar en Moos sal vra om na Leopold om te sien. √ (3) [3]

4. Sy het eers na Leopold se geboorte vir sy ma begin werk en toe was sy ma en hy alleen. √ (1) [1]

5. Daar het 'n aardige huilgeluid deur die begraafplaas getrek. √ Oudok. √ (2) (1)

6.

6.1 Dit word uitgehef deur alliterasie (herhaling van die medeklinker.)/ Die kort sin beklemtoon die woorde. √ (1) [3]

6.2 Klanknabootsing. √ (1) [2]

6.3 Hy het na die St. Stephen's kerk gehardloop. √ (1) [1]

7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld:
Ja, dit is vreemd dat 'n wildvreemde hond op sy ma se begrafnis opdaag en begin tjank. / Die hond sê oor het gegloei. / Die hond het vir Leopold na die boggelrug se wa gelei. (enige soortgelyke antwoord) √ (1) [4]

8. Hy het vir Leopold na die wa met die swart tentseil en rooi wiele gelei. / Na oom Barend en Sarel toe. √ Asem. √ (2) [2]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is asof hy geweet het dat Leopold daar gaan opdaag. / Hy ken vir Leopold van geen kant af nie, maar nooi hom vir koffie. / Hy weet wat Leopold se naam is sonder dat hy hom ken. / Voorheen het dit gelyk asof die man niks met Leopold te doen wil hê nie, nou nooi hy hom om saam met hom na Kimberley te reis. (enige soortgelyke antwoord.) √ (1) [5]

10. Drie en 'n half maande. √ Dit was die tyd toe diamante in Kimberley ontdek is (1866-1871) en baie fortuinsoekers het daarheen gegaan om diamante te gaan delf met die doel om ryk te word. √ (2) [2,3]

11. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy is dalk bang vir die man omdat hy selfs sy naam ken. / Hy dink dalk dat die man om wil ontvoer. / Dit voel vir hom verkeerd om met 'n wildvreemde persoon te gesels wat hom boonop nooi om saam met hom na Kimberley te reis. (enige soortgelyke antwoord.) √ (1) [4]

**(20 punte)**

**<u>Hoofstuk 6</u>**

1. Die begrafnisgangers is weg √ en Oudok het die testament sonder hom voorgelees. √ (2) [2]

2. Hy is moeg en wil vergeet van sy ma wat oorlede is. √ (1) [1]

3. Daar is geen geld in die boedel nie. √ Die huis sal verkoop moet word om die skuld te delg. √ Oudok wil nie vir Leopold sonder 'n erfporsie inneem nie. √ Leopold sal besmoontlik na 'n weeshuis moet gaan. √ (4) [2]

4. Leopold het vir Oudok as 'n pa beskou, maar Oudok wil nie na hom omsien nie omdat hy niks gaan erf nie. / 'n Mens sou verwag dat Oudok vir Leopold sou versorg omdat hy so vaderlik na hom omgesien het op die begrafnis, maar nou wil hy niks van Leopold af weet nie omdat hy geen geldelike voordeel daaruit kan trek nie. √ (1) [3]

5. Hy wil dit hou as 'n gelukbringer. √ (1) [1]

6. Hy wil saam met die transportryer die vreemde in vaar op soek na sy fortuin op die diamantvelde. √ (1) [2]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld:
Nee, dit is gevaarlik vir 'n jong seun om saam met vreemdelinge te reis, hulle kan hom dalk skade aandoen. / Leopold weet niks van diamante nie, hy kan dalk geen diamant kry nie en dan is hy slegter af as wat hy was en boonop in 'n vreemde plek waar niemand hom ken of vir hom sal omgee nie. √ (1) [4]

7. Sy sê dat sy nie sal toelaat dat hy weeshuis toe gaan nie en dat sy vir hom sal sorg al is dit in 'n pondok. √ (1) [3]

8. Dit is 'n monsteragtige figuur √ met 'n gesig vertrek van vrees vir iets waarvoor dit banger is as vir die dood. √ (2) [2]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 7**

1. Hy is hartseer oor sy ma wat dood is en is bang vir die toekoms.
Hy is bang vir die togryer en die houtbeeld wat hy besig is om te maak, het hom nagmerries gegee.
Hy is nie gewoond daaraan om buite op die harde grond te slaap nie. √√
(enige TWEE aanvaarbare redes, binne die konteks van die roman.) (2) [3]

2. Nee, hy het 'n nagmerrie gehad oor monsters, maar dit was Sarel wat hom geskop het om hom wakker te maak. √ (1) [3]

3. Dit is al laat, hy moes die osse op sy eie aanjaag. √ (1) [2]

4. Leopold dink dat dit dalk 'n boodskap van sy ma af is. / Hy dink dit is simbolies van wense wat waar kan word. √ (1) [1]

5. "die eerste keer in sy lewe dat hy buite slaap" √ (1) [3]

6. Hy is bang vir die onbekende wat voorlê, maar sien nie kans om in 'n pondok te gaan leef te midde van die gespot deur ander Kapenaars nie. √ Hy glo dat die diamantveld sy uitkoms is, al is die pad daarheen ver en gevaarlik en al ken hy nie vir oom Barend óf Sarel nie. √ (2) [2]

7. Donkerland, √ Groenberg √ en Vaalvlei. √ (3) [1]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Leopold is nie gewoond aan handearbeid nie en daarom is sy hande sag. √
of
Nee, hy probeer ten minste om sy kant te bring en kan nie help dat hy nog nooit handearbeid verrig het nie. √ (1) [5]

9. Hy is hartseer oor sy ma se dood en sy rykmanslewe in die Kaap wat verby is. √
(1) [3]

10. Personifikasie. √ (1) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 8**

1. ’n Bokwa is sterker as ’n ossewa en kan tot drie ton dra. √ (1) [1]

2. Om hom te leer hoe om die sweep te gebruik. √ Hy sê dat sy hande te sag is omdat hy gewoond is aan ’n rykmanslewe. √ (2) [2]

3. Materiaal en gare, gereedskap, twak, wol en velle en kos soos gedroogde vrugte en biltong. (enige 3) √√√ (3) [1]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die ou man is dalk besig om met iets onwettig handel te dryf soos diamante of ivoor. √ (1) [4]

5. Hy het gesien hoe Asem teen Sarel opspring asof hy hom ken. √ (1) [3]

6. Dat beide hy en Sarel deur Asem as “prooi” uitgekies is. √ Hy is bang die ou man gaan hulle dalk skade berokken. √ (2) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 9**

1. ’n Fisant. √ (1) [1]

2 Die Verdwaalding. √ Dit is ’n monster wat in die Skurweberge ronddwaal. √ Dit is sommer ’n bangmaakstorie. √ (3) [2]

3 Die ouman het geweet wat sy naam is √ en dit was asof hy geweet het dat hy saam gaan kom. √ (2) [2]

4 Hulle is heldersiende / kan iets “sien” voor dit gebeur. √ (1) [2]

5 Verby Paarlberg deur die Wamakersvallei anderkant Tulbagh √ oor die Skurweberge tot by Ceres √ deur Tankwa-Karoo tot by die diamantvelde. √ (3) [2]

6 Sarel se pa. √ (1) [1]

7 ’n Man met die naam Bains het met behulp van ’n klomp tronkvoëls ’n pas (Michellspas) oor die berg gebou. √ (1) [2]

8. wilde diere / roofdiere
Rampokkers/ rowers / skurke
Honger / as jy nie iets kan siet om te eet nie.
Onweer/storms/vloede (enige 3) √√√ (3)[2]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy ma is oorlede en hy het niemand wat vir hom kan sorg nie. / Hy het nog nooit enige verantwoordelikhede geleer nie en het sonder ’n

pa grootgeword. (Enige aanvaarbare antwoord, binne die konteks van die roman.) √ (1) [4]

10. Mieta en Moos. √ (1) [3]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld:
Nee, hy is nog 'n blote kind en kan nie verantwoordelikheid neem vir sy ma se spandabelrigheid nie. Hy is nou alleen en moet na homself kyk. √
of
Ja, hulle het jare lank na hom en sy ma gekyk, nou is dit sy beurt om na hulle om te sien, want hulle is oud en sal sukkel om goeie werk te kry. √ (1) [5]

11. Leopold wil weet wie hy (Sarel) werklik is √ en hoekom hy op pad is Kimberley toe. √ (2) [3]

**(20 punte)**

## Hoofstuk 10

1. Sarel het na hulle rusie nie met Leopold gepraat nie nie en vermy hom sover as moontlik. √ (1) [2]

2. a) metafoor √
b) vergelyking √
c) personifikasie √ (3) [3]

3. Twee pennies per wawiel (4x 2 = 8) √
en 'n pennie vir elke trekdier. (14x1 = 14) √
Ossewaens is gewoonlik deur 14 osse getrek.

(4x2 vir die wa en 14x1 vir die trekdiere = 26 pennies) (2) [3]

4. Hy is baie bang/angsbevange. √ Hy stap huiwerig na die huis, onderdruk 'n gil en stotter toe hy met oom Arius praat daarna hardloop terug wa toe. / Hy is skrikkerig na die stories wat Sarel van die Verdwaalding vertel het. √ (2) [3]

5. Arius. √ (1) [1]

6. Hulle hoor hoe oom Barend en Arius argumenteer. √ (1) [2]

**(10 punte)**

## Hoofstuk 11

1. Dit is die plek van sy voormense. √ (1) [3]

2. Osse uitspan / voerkrip van seil opslaan / trekdiere laat water drink / vuur aansteek – en swart pot oor die kole hang. (enige 3) √√√ (3) [2]

3. 'n Goëlaar het 'n vertoning gegee √ en dit was nagmaalnaweek. √ (2) [2]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is vir hom verskriklik mooi. / Hy raak verlief op haar. √ (1) [4]

5. Oom Barend het voorgegee dat hy baie siek is en Leopold moes hom gaan help. √ (1) [2]

6. Na die tollenaar/Arius √ Hy moet medisyne by hom gaan kry. √ vier myl (6,4 kilometer). √ (3) [2]

7. Hy is bang vir die Verdwaalding wat in die Skurweberge ronddwaal. √ (1) [1]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 12**

1. ’n Verlepte bergrosie (protea) √ (1) [1]

2. Die man vertel dat baie mense wat na hulle fortuin gaan soek het al dood is. √ (1) [3]

3. ’n Lykswa. √ Dit is al laat (donker) – daar is geen ander waens nie. √ (2) [3]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek sou te bang gewees het om so vêr alleen in die donker te loop. √ (1) [5}

5. Oom Barend het met wa en al verdwyn, daar is geen spore van hom nie. √ (1) [2]
Leopold moes so vêr loop omdat die oom siek was en hy medisyne moes gaan haal, maar nou is hy nêrens te sien nie. √ (1) [3]

6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink oom Barend is dalk oorlede. √ (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 13**

1. Op die stoep van Baumann se winkel. √ Seweuur √ (2) [2]

2. Dit het gesneeu √ ’n Kerskaartjie wat sy ma altyd vanaf Engeland gekry het. √ (2) [3]

3. Hy is vuil en verslons √ Hy slaap soos ’n boemelaar wat geen huis het nie op winkelstoep. √ (2) [2]

4. Dit is ’n deftige, blonde vrou met ’n swart broek, wit hemp en manel en ’n pluiskeil op haar kop. √ (1) [2]

5. Leopold dink dat oom Barend oorlede is √ en dat die vrou die hond gevat het omdat sy geen ander heenkome gehad het nie. √ (2) [2]

6. Die beeldskone meisie wat hy vroeër in die dorp gesien het. √ Sy lê op haar rug met haar hande gevou asof sy dood is. √ (2) [2]

7. Sneeuwitjie. / Die Slapende Skoonheid. √ (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 14**

1. Hy het geskrik toe die meisie in die lykswa se oë oopgegaan het. Hy het gedink dit is ’n lyk wat lewendig word. √ (1) [3]

2. Retoriese vrae. √ (1) [2]
Dit betrek die lese by die gebeure sodat hy sal nadink of Leopold wel besig is om te sterf. √ (1) (3]

3. Iemand wat handeklap. √ (1) [1]

4. Hy sien vir Sarel √ al dansende om ’n kampvuur terwyl hy ritmies handeklap. √ (2) [2]

5. Gebraaide duif √ en askoek. √ (2) [1]

6. Oom Barend het nadat Leopold geloop het om die medisyne te gaan haal, opgestaan en soos altyd onder die bokseil ingekruip. √ Hy sê daar was geen negosieware op die wa nie. √ (2) [2]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink oom Barend wou van Leopold ontslae raak omdat hy nie wou hê dat hy verder moet saamry nie. √ (1) [4]

7. Hy ontdek dat Sarel eintlik ’n meisie is. √ (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 15**

1. a) vergelyking. √ (1) [3]
b) Nee, dit is figuurlik. Die mis is so dig dat hy nie kan sien waarheen Sara hardloop nie. √ (1) [2]

2. Sara is op soek na die merk van haar voorouers. √ (1) [2]

3. Albei is weeskinders. / Beide se ouers is oorlede.
Albei se ouers the gesterf voordat hulle iets belangrik aan hulle kon sê.
Albei het ’n geheim wat hulle moet ontrafel. Sara moet uitvind wat die teken van haar voorouers is en Leopold moet uitvind wie die man met die swart jas is. √√
(enige 2) (2) [3]

4. Dat die hond hulle uitgesnuffel het √ Asem het hulle gekies as “prooi” omdat hulle albei weeskinders is. √ (2) [3]

5. spoke √ (1) [2]

6. Sy dink die Verdwaalding is oom Barend √ omdat hy boggel het. √ (2) [3]

7. Daar was baie mis √ en hulle kon nie haar voete sien nie. √ (2) [3]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sal haar volg, want ek is nuuskierige en sal graag wil weet waarom Asem by haar is en wat sy alleen tussen die bosse soek. √
(enige aanvaarbare antwoord, binne die konteks van die roman) (1) [5]

**(13 punte)**

**<u>Hoofstuk 16</u>**

1. Hulle vat jou na die plek waar hulle dood is √ en dan klap hulle jou dat jy net brand ruik. √ (2) [1]

2. Hy het ʼn merk wat lyk soos ʼn handafdruk op sy linkeroor. √ (1) [2]

3. Sy sien iets wat lyk soos ʼn slap liggaam wat aan ʼn lae tak hang. √ (1) [3]

4. Hy het dit vroeër verloor toe dit aan ʼn tak vasgehaak het terwyl hy van die lykswa af weggevlug het. √ (1) [3]

5. Sy wou haar sweep gaan kry √ sodat hulle hulself kan verdedig. √ (2) [2]

6. Hy vermoed dat die meisie dalk hulp nodig het. √ (1) [3]

7. Hy dink dat die persoon wat die geluid maak rasend woedend is √ of dat hy verskriklike pyn verduur. √ (2) [2]

**(10 punte)**

**<u>Hoofstuk 17</u>**

1. Oom Arius / die tollenaar. √ (1) [1]

2. Haar gespot oor "sawwe handjies" √ Hy sê dat hulle verdwaal het in die berg met ʼn spookmeisie en ʼn monster op hul spoor √ en nou hou sy haar braaf en gee voordat sy nie bang was nie. √ (3) [3]

3. Hy is honger en moeg √ en wil met oom Arius praat. √ (2) [2]

4. persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sara was self bang en het geweet sy sal nie op haar eie kan aangaan met haar verstuite enkel nie. √ (1) [4]

5. ʼn Kas / laai / houer /trommel met die noodsaaklikste medisyne. √ (1) [2]

6. Biltong √ en melkkos. √ (2) [1]

7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dat Sara hom nie vertrou nie. / Sy is dalk bang hy spot met haar. √ (1) [4]

8. Hy sê dat oom Barend nie op ’n nagmaalnaweek op Ceres sou oorstaan nie. √ Hy dink dat oom Barend nie ’n gelowige is nie, daarom sou hy nie op Ceres vir die nagmaal oorstaan nie. √ (2) [2]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die tyd om antwoorde te vind op raaisels / verlos (bevry) te word. √ (enige soortgelyke antwoord) (1) [5]

10. Hy bied vir hulle slaapplek aan √ en sê dat hy Leopold sal help om plek te kry op een van die transportwaens. √ (2) [2]

11. Alleenplasing. / Daar is net een enkele sin in die paragraaf. √
Dit skep afwagting en verhoog die spanning in die roman. / Dit maak die leser nuuskierig om verder te lees. √ (2) [3]

**(18 punte)**

**<u>Hoofstuk 18</u>**

1. Dit is koud. √ (1) [3]

2. Beseerde wilde diere: ’n bergskilpad met gekraakte dop √’n hasie met verbinde poot √ duikertjie met wond √ witkruisarend met gespalkte vlerk. √ (4) [1]

3. Hy het gemaak asof hy nie die bloedstollende kreet/geluid gehoor het nie, alhoewel Leopold en Sara dit albei hard en duidelik gehoor het. √ (1) [3]

4. Leopold glo dit is omdat oom Arius hulle nie wil bang maak nie. Hy wou hulle gerusstel. / Hy sê dat oom Arius ’n goeie mens is. √ Sara vertrou nie vir oom Arius nie. √ (2) [2]

5. Oom Arius het dadelik medisyne vir oom Barend gegee, al was oom Barend ongeskik met hom. / Die vorige dag het hy vir hulle gehelp en slaapplek gegee. / Hy versorg die diere wat seer gekry het. √√ (enige 2) (2) [3]

6. Hy wil gaan uitvind wat die swartkopmeisie se storie is. √ (1) [2]

7. Die meisie wat ’n musiekstuk op haar tjello speel. √ (1) [2]

8. Asem √ (1) [1]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dat Asem ’n bonatuurlike hond is wat na mense toe gaan wat hartseer is of mense wat hom nodig het. √ (1) [5]

**(14 punte)**

**<u>Hoofstuk 19</u>**

1. Sy is Emily se goewernante wat na haar moet omsien omrede haar pa altyd in die veld is. √ Sy is ook die bestuurder van die lykswa. √ (2) [3]

2. Sy “sien” dinge omrede die klippe (stersplinters) met haar “praat”. √

Oom Barend. √ (2) [2]

3. Toe haar pa die stersplinters (klippe) by die huis aangebring het. √ (1) [1]

4. Hy is ŉ geoloog. √ (1) [2]

5. Dit bestaan uit drie: een soek die pyn (hartseer of smart), √ die ander vervoer dit √ en die derde neem dit weg na ŉ plek tussen die sterre. √ (3) [3]

6. Hy is al langer as veertig jaar daar. √ Hy sluip in die berge rond, verskeur wilde diere en val plaasdiere. √ Hy is ŉ "bose teenwoordigheid". √ (3) [2]

7. Hulle kan die Verdwaalding se "bose teenwoordigheid" aanvoel. √ (1) [3]

8. Dit is vreemde klippe wat haar pa in die veld optel √ en wat stukke is van ŉ meteoriet /'n ster wat in 1838 op die aarde geval het. √ (2) [2]

9. Hulle moet haar help om die Verdwaalding te kry voor hy almal mal maak en hulle (as mense) mekaar begin verskeur. √ (1) [3]

**(17 punte)**

**<u>Hoofstuk 20</u>**

1. Aan oom Arius se vrou. √ In die swart kis op die solder √ (2) [1]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy was baie lief vir haar en sy is oorlede. / Sy het weggeloop saam met 'n ander man. √ (enige moontlike antwoord) (1) [4]

2. Hulle is verleë oor blyplek √ en wil hom nie ontstel nie, want dan kan hy hulle dalk wegjaag. √ (2) [3]

3. Hy dink dat oom Barend dalk die Verdwaalding raakgeloop het √ en kon nie daarvan vergeet nie, toe het hy begin om die houtbeeld uit te kerf. √ (2) [2]

4. Sy dink dat Emily mal is. √ (1) [3]

5. Sy vertel van die twee bruinmense wat daardie dag met hul trepkarretjie deur die tol gekom het en hoe oom Arius hulle gehelp het deur vir hulle geld te gee. √ Sy dink dat hy hulle ook sal help. (2) [3]

6. 'n Diamant. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy het hulle dalk jammer gekry en het vir hulle 'n diamant gegee sodat hulle dit kan verkoop om geld te kry om van te lewe. / Oom Arius smokkel dalk met diamante en hy gebruik mense wat nie tolgeld kan betaal nie om vir hom te werk. √ (2) [4]

7. Hy is geskok om Asem te sien √ en dit lyk asof Asem dood is. √ (2) [3]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 21**

1. Asem is skielik springlewendig, sy vlieg op en hardloop by die agterdeur uit terwyl die kol op haar linkeroor gloei. √ (1) [2]

2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die geroep van die jakkals het haar dalk betower en dit is asof die hond vir haar iets wou wys. √ (1) [5]

3. Hy sal vrees en haat in hul harte plant. √ Hulle sal kop verloor, mekaar begin wantrou en mekaar uiteindelik vernietig. √ (2) [2]

4. Hy dink dat oom Arius snags in die veld rondloop om die Verdwaalding op te spoor √ en dat hy van hom wil ontslae raak voordat hy skade aan die mense kan aanrig. √ (2) [3]

5. ’n Sakkie met diamante. √ Hy dink dat oom Arius met diamante smokkel. √ (2) [2]

   Dit skakel met die diamant wat hy vir die bruin mense in die trepkarretjie gegee het en toon dat hy moontlik onwettig met diamante handeldryf. √ (1) [3]

6. Sy het haar voormense gesien eers het hulle net geneurie toe begin hulle hande klap hulle was orals, om haar en binne-in haar. √ Sy die Verdwaalding se teenwoordigheid aanvoel. √ (2) [2]

7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy glo hy het haar gered van die Verdwaalding en sy voel nou veilig in sy teenwoordigheid. √ (1) [4]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 22**

1. Sy is bang dat Emily ’n spook is. / Sy dink dat Emily mal is omdat sy dinge kan sien. Sy is bang dat juffrou Estrelita hulle sal sien en dat hulle dan in die moeilikheid sal wees. √√ (enige 2) (2) [3]

2. Asem het haar gewys waar hulle is. √ (1) [2]

3. ’n Krag wat hulle in staat stel om die Verdwaalding te oorwin. √ (1) [3]

4. Sy dink dat oom Arius al terug is en dat hy bly sal wees om te hoor dat Asem veilig is. √ (1) [2]

5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hulle voel dalk veiliger daar, want oom Arius is nog nie terug nie. √ Hulle kan van daar sien as die Verdwaalding of oom Arius na die huis toe kom. √ (2) [4]

6. ’n Dagboek, √’n brief √ en ’n foto. √ (3) [2]

7. Haat √ en hartseer √ (2) [3]

8. Vytjie. √ (1) [2]

9. Jy kan aflei dat oom Barend baie lief was vir die vrou op die foto, want daar is tekens van traanspatsels op die foto. / Jy kan aflei dat die kinders waarskynlik van gemengde bloedlyn is omdat een bruin en die ander een wit is. √ (1) [3]

10. Dit is onwaar, want sy dogter se naam is Matilda en hy dreig om vir Vytjie in die tronk te gooi. √ (1) [3]

11. Dit is van 'n jong bruin vrou met twee kinders: een wit en een bruin op haar skoot. √ (1) [2]

12. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek dink dit is verkeerd om in ander mense se goed te krap, want dit maak inbreuk op hulle privaatheid. √ (1) [5]

**(17 punte)**

**Hoofstuk 23**

1. Hy het gedreig om haar in die tronk te gooi as Arius nie met sy dogter trou nie. √ (1) [2]

2. Hulle vermoed dat die persone op die foto sy gesin is. √ Hulle dink dat die dreigement in die brief uitgevoer is en dat dit baie hartseer veroorsaak het. √ (2) [3]

3. Hulle ontdek 'n klip wat soos Emily s'n lyk. √ (1) [2]

4. Die klip wat Leopold besit het hy in sy ma se beursie gekry. √ Emily se klip is deel van die stersplinters van haar pa. √ (2) [2]

5. Die klippe is swartbruin, het 'n onreëlmatige vorm en ronde punte. √ (1) [3]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink al die klippe is deel van die ster wat in 1838 in die Bokkeveld geval het. √ (1) [4]

6. 'n Raaisel. √ (1) [1]

7. Dit is asof sy net soos die vorige aand haarself nie kan verhelp om agter Asem aan te hardloop nie. √ (1) [3]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit het iets met 'n familiehereniging (reünie) te doen wat sal veroorsaak dat daar weer vrede sal wees. √ (1) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 24**

1. Personifikasie. √
Menslike eienskappe word aan iets leweloos toegeken. √ Die kloof kan hulle nie werklik insluk nie, dit beteken dat hulle verdwyn. √ (3) [3]

2. Dat ŉ ware heer ŉ dame beskerm en haar nie na gevaarlike plekke neem nie. √ (1) [2]
   Hy sê dit, want hy wil verhoed dat Emily saamgaan en sodoende aangevaar blootgestel word. √ (1) [3]

3. Sy dink dat dit is asof die berg vir Sara roep. √ (1) [3]

4. Die vier klippe was deel van een stuk √ hulle pas soos ŉ legkaart in mekaar. √ (2) [2]

5. Dit lyk asof sy bang is vir iets. Bevrees/beangs/angsbevange. √ (1) [3]

6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit dui op iets bonatuurlik / onheil/ die bose. √ (enige soortgelyke antwoord) (1) [4]

**(10 punte)**

**<u>Hoofstuk 25</u>**

1. Vlermuise. √ (1) [1]

2. Sy het gedink dat dit die Verdwaalding is. √ (1) [2]

3. Nee. Sy kon sy teenwoordigheid aanvoel/ voel hoe hy haar dophou. √ Hy was net skielik daar en het op haar hakke gebly √ Sy het sy swart silhoeët teen die silwer lug gesien. √ (3) [3]

4. Sy dink hy sal hulle volg. √ Hulle moet eerder vasstel wat Leopold en Sara se krag is √ en dit gebruik om die Verdwaalding te uitoorlê. √ (2) [3]

5. Rotstekeninge. √ (1) [1]

6. ŉ Rooibruin handafdruk teen die rots. √ Die jakkals op die rotstekeninge lyk soos Asem. √ (2) [1]

7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ons kan baie uit rotstekeninge leer soos watter soorte diere daar was. Dit is belangrik vir die nageslag om die kultuur te bewaar. √ (enige soortgelyke antwoord) (1) [5]

**(11 punte)**

**<u>Hoofstuk 26</u>**

1. Sy het gaan sit met haar gesig in haar hande en wieg heen-en-weer. √ Sy is teleurgesteld oor die merk. √ (2) [2]

2. Positief: haar pa was ’n baie goeie touleier. √
   Negatief: haar pa was ’n dronklap. √ (2) [3]

3. Dit is eeue gelede deur die Xam!-jagters en Khoekon-herders gemaak. √ (1) [2]

4. In 1838 was daar 'n verskriklike slag soos 'n aardbewing. √ Daar was 'n yslike vuurbal, dit het gelyk asof sterre uit die hemel neerreën. √ (2) [2]

5. Die Verdwaalding. √ Die ander rotstekeninge is baie ouer / die tekening van die sterrereën is gemaak ná die sterrereën. √ (2) [3]

6. Sy sê die klippe praat die heeltyd met haar, maar sy kan nie verstaan nie. √ Die stukke pas netjies inmekaar en moes almal deel van die meteoriet gewees het, want dit lyk net soos haar pa se stersplinters. √ (2) [2]

7. 'n Trilling deur die rotse / soos 'n aardbewing. √ (1) [2]

8. (a) Sara moet haar hand (vandag) pas oor haar voormense se afdruk (gister). √ (1) [3]
   (b) Dit word warm. / Dit gloei. √ (1) [2]
   (c) Hy laat Emily haar oë sluit en soen eers haar hande en toe haar mond. √ (1) [1]
   (d) Liefde/hoop. √ (1) [3]
   (e) Leopold en Sara omhels mekaar. √ (1) [1]
   Hulle is bloedverwante. √ (1) [3]
   (f) Die groen sterre begin gloei, die sterre kom los uit die koue klip, dwarrel deur die grot en steek ligte aan in die kinders se verbaasde oë. √ Dit swiep om die donker figuur van die Verdwaalding tot dit hom heeltemal toevou. √ Toe dans dit in 'n silwergroen streep by die bek van die grot uit en omskep die lug in 'n skouspel van lig. √ Die monster verskrompel stadig totdat daar net 'n patetiese figuur op die grond bly lê. √ (4) [2]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee. Ek is glad nie verbaas nie, want hy het elke keer op die onmoontlikste plekke opgedaag soos toe Leopold op pad was na die tolhuis om medisyne te gaan haal was hy skielik daar. / Hy is 'n duister figuur en niemand weet regtig iets van hom af nie omdat hy soos 'n kluisenaar leef.√
   Of
   Ja, hy het dan so mooi na die beseerde diere gekyk en hom ontferm oor Leopold en Sara. Ek kan nie glo dat hy tot boosheid in staat is nie. (Enige aanvaarbare antwoord met 'n deeglike motivering binne die konteks van die roman.) √ (1) [5]

**(23 punte)**

**<u>Hoofstuk 27</u>**

1. Die pas is nog as gevolg van die sneeu te gevaarlik.√ (1) [2]

2. Sy het op die foto gesien dat Sara soos die bruin seun lyk en het afgelei dat dit haar pa is. √ Leopold het soos die meisie op die foto (sy ma) gelyk. √ Oom Arius is hul oupa. Leopold en Sara is neef en niggie. √ (3) [3]

3. Die polisie het Vytjie weggevat en oom Arius is in die tronk gegooi. √ Hulle het mekaar nooit weer gesien nie. √ (2) [2]

4. Haar man het haar verlaat en sy het finansieel swaar gekry, daarom wou hy haar help. / Sy was sy dogter wat hom nooit geken het nie. √ Die geld is na die poskantoor gestuur waar dit deur ’n boodskapper afgehaal is. √ (2) [3]

5. Hy het van haar siekte gehoor en wou ’n sanatorium bou vir teringlyers. √ Hy moes geld spaar vir die sanatorium sodat sy dogter daar versorg kon word, ongelukkig is sy oorlede voordat sy droom waar geword het. √ (2) [2]

6. In die tyd toe hy as bandiet die pas moes bou, het hy saans in die berge in geloop om sy woede en seer uit te skreeu. √ Hy het vreemde klip opgetel wat die verlore wees (Verdwaalding) op sy spoor gesit en dit het van hom besit geneem.√ (2) [2]

7. Dit is net ’n geheimsinnige teenwoordigheid en nie ’n fisiese wese nie. √ (1) [3]

8. Hy het die diertjies wat beseer was, gaan soek en versorg. √ (1) [2]

9. Hy wil nie hê dat die kinders ’n wrok moet koester oor die verlede nie. √ Hy wil hulle waarsku om nie dieselfde foute te maak as wat hy gemaak het nie. √ (2) [3]

10. Ontknoping. √ (1) [3]

11. Oom Barend. √ Hy het vir Leopold en Sara na oom Arius toe gebring en sodoende die Verdwaalding laat verdwyn. √ (2) [3]

12. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit gebeur soms dat iemand in ’n gruwelike ongeluk is waar die voertuig heeltemal verwoes is en dan kom die mense wat in die ongeluk was sonder ’n skrapie daar uit. Dit kan net die werk van engele wees. √ (enige soortgelyke antwoord) (1) [5]

**(20 punte)**

**<u>Hoofstuk 28</u>**

1. Asem, √ oom Barend √ en juffrou Estrelita. √ (3) [1]

2. Sy het elke aand vir haar ’n bergrosie op haar kussing neergesit en gesê dat dit die soen van ’n engel is. / Emily glo dat dit die manier is waarop juffrou Estrelita van haar afskeid neem. √ (1) [1]

3. Dit is moontlik omdat die insittendes engele is en dat die lykswa deur die lug vlieg. √ (1) [3]

4. Asem soek die pyn, √ oom Barend karwei dit √ en juffrou Estrelita vat dit weg. √ (3) [2]

5. Die lewe. √ Omdat hy verlief is op Emily. √ (2) [3]

6. Dat hy lief is vir haar √ of sy die toekomspad saam met hom sal loop. √ (2) [2]

7. Die sakkie met die diamante / hul erfporsie. √ (1) [1]

8. Sara en Leopold wil aan te bly in Ceres, voorlopig sal hulle by Emily-hulle tuisgaan. √ Leopold wil vir Mieta en Moos laat kom om na die tolhuis om te sien √ en Sara sal sorg vir haar voormense se nalatenskap in die berge. √ (3) [2]

9. Dit is waar sy oupa (oom Arius) gebly het en waar sy ma gebore is.√ (1) [3]

10. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, daar was alreeds 'n diamantroof by die poskantoor in die Kaap en hulle kan weer beroof word. / Nee, Leopold is te jonk om handel te dryf met die diamante en skelms kan hom maklik inloop. √
Dit is onwettig om sonder 'n geldige lisensie handel te dryf met diamante en Leopold kan in die tronk beland as hy gevang word. √ (2) [5]

11. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy het die liefde van sy lewe gevind, antwoorde op sy vrae gekry en boonop is hy 'n niggie ryker. √ (1) [5]

**(20 punte)**

## HERSIENINGSVRAE

Die volgende vrae dek die hele roman. Die vrae sal jou help om die karakters, literêre terminologie en die inhoud van die roman beter te leer ken sodat jy voorbereid is vir die eksamen.

**Vraag 1- KARAKTERS**

Pas die naam van die karakter by die beskrywing in Kolom "B"? Skryf elke keer net die betrokke simbool/letter uit Kolom "B" as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Barend | a. 'n Bose teenwoordigheid wat besit neem van Arius. |
| 2. Oudok | b. Hy wil sy fortuin by Kimberley se diamantvelde gaan soek. |
| 3. Trojan | c. Hy is 'n togryer wat met 'n bokwa ry. |
| 4. Verdwaalding | d. Hy was die enigste pa-figuur wat Leopold geken het. |
| 5. Sara | e. 'n Hond met 'n gevlekte oor, |
| 6. Leopold | f. Hy was met Vytjie getroud. |
| 7. Juffrou Estrelita | g. Sy het elke aand 'n bergrosie op Emily se kussing gesit. |
| 8. Arius | h. Sy het haar vermom as Sarel, die touleier. |
| 9. Isabella de Villiers | i. Leopold se ma. |
| 10. Asem | j. Die eerste posboot met elektrisiteit |

**[10]**

**ANTWOORDE**

1. c
2. d
3. j
4. a
5. h
6. b
7. g
8. f
9. i
10. e **[10]**

**Vraag 2- INHOUD**

Die volgende stellings is onwaar. Daar is telkens twee opsetlike foute in elke stelling. Onderstreep die foute en skryf die korrekte antwoorde neer in die spasie wat daarvoor gegee word.

2.1 Leopold se pa is daarvan verdink dat hy by groot diamantroof by die bank betrokke was.

________________________________________

______________________________________ (2)

2.2 Leopold se ma was baie outyds en het nie gehou van moderne goed nie.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.3 Oom Barend, die tollenaar, het Leopold gevra of hy goed kos kan maak.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.4 Die koetsier, Sarel, het Leopold gespot omdat sy hare so lank was.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.5 Die klipbeeld wat oom Barend maak is ŉ beeld van boggelrugman.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.6 Sarel die veewagter se voormense is van die Tankwa-Karoo.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.7 Toe Sara die eerste keer die swewende juffrou Estrelita in die mis gesien het, het sy gedink dat sy die Verdwaalding is.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.8 Die stersplinters is stukke van ŉ sandsteenrots wat Emily se pa in die berg gekry het. Hy die stukke huis toe gevat omdat hy ŉ argeoloog is.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.9 Die Sterbataljon het bestaan uit oom Arius, juffrou Estrelita en Asem, die hond.

______________________________________

______________________________________ (2)

2.10 Dit was dié drie se taak om al die woede en haat op te spoor en uit die grond te verwyder. Asem se werk was om die woede en haat te verjaag.

______________________________________

______________________________________ (2)

**[20]**

**ANTWOORDE**

2.1 Frans se pa √ poskantoor √ (2)
2.2 modern/byderwets √ outydse √ (2)
2.3 togryer √ goed kan skiet √ (2)
2.4 touleier √ hande so sag is / sawwe handjies √ (2)
2.5 houtbeeld √ Verdwaalding / ongedierte / monster √ (2)
2.6 touleier √ Ceres / Skurweberge √ (2)
2.7 Emily √ ŉ spook √ (2)
2.8 meteoriet √ geoloog √ (2)
2.9 Sterbrigade √ Barend √ (2)
2.10 wêreld √ op te spoor √ (2)

**[20]**

**<u>Vraag 3 - INHOUD</u>**

Gebruik onderstaande raaisel as vertrekpunt om die volgende sinne te voltooi deur telkens die ontbrekende woorde in te voeg.

*Eers wanneer gister, vandag en môre hande vat,*
*Eers wanneer bloed mekaar omhels*
*Sal die trane en die haat wegwaai*
*En die hemel met groen sterre besaai.*

3.1 Leopold, Sara en Emily het hierdie raaisel in oom Arius se .................... gekry. (1)

3.2 Wanneer die drie kinders volgens die raaisel hande vat verteenwoordig .................... *gister*, Leopold *vandag* en .................... *môre*. (2)

3.3 Leopold en Sara omhels mekaar. Hoekom? (2)

3.4 Die *trane en haat* verwys na ...................., want hy was getroud met .................... en hulle het .................... kinders gehad. Sy vrou en kinders is van hom af weggevat en hy is in die tronk gegooi waar hy as bandiet moes help om die .................... te bou. Snags het hy vol woede en .................... in die berge rondgedwaal en daar het die ...................., wat ŉ bose gees vanuit die ruimte was, hom beetgekry en besit geneem van sy siel. (6)

3.5 Die hemel wat *met groen sterre besaai* word, verwys na die .................... wat plaasvind wanneer ŉ .................... die atmosfeer binnedring. Emily het na hierdie klippe wat met haar "gepraat" het as .................... verwys. (3)

3.6 Hierdie raaisel hou verband met die .................... van die boek. (1)

**[15]**

**ANTWOORDE**

3.1 dagboek √ (1)
3.2 Sara √ Emily √ (2)
3.3 Hulle was neef en niggie √ en daarom bloedfamilie van mekaar. √ (2)
3.4 oom Arius √ Vytjie √twee √ Michellspas √verbittering (haat) √ Verdwaalding √ (6)
3.5 sterrereën √ meteoriet √ stersplinters √ (3)

3.6 titel √ (1)

**[15]**

**Vraag 4 – Literêre terminologie**

Kies uit die term in die blokkie hieronder telkens die beskrywing wat die beste pas by die leidraad wat gegee word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Inleiding/Eksposisie | Motoriese moment | Personifikasie | Ruimte |
| Karakterisering | Uiterlike konflik | Alwetende verteller | Vergelyking |
| Klimaks | Ontknoping | Titel | Innerlike konflik |

4.1 Die verhaal speel hoofsaaklik in Kaapstad en Ceres af. (1)

4.2 Die voordeel van hierdie tipe verteller is dat dit nie beperk is tot ’n sekere ruimte nie. Die verteller weet wat elke karakter dink of sê en is oral teenwoordig. (1)

4.3 In hierdie eerste gedeelte leer ons die karakters ken en vind uit in watter tyd en ruimte die verhaal afspeel. (1)

4.4 Sarel skop vir Leopold op sy maermerrie en dreig hom toe hy meer wou uitvind van sy herkoms. (1)

4.5 Deur die beskrywing van oom Barend leer die leser die karakter ken. (1)

4.6 Aan die einde van die verhaal wys Leonard vir Sara en Emily die diamante en maak die drie jongmense toekomsplanne. (bl. 154 – 155) (1)

4.7 “’n Skyfie goue son loer net-net oor die horison ...” (1)

4.8 In die deurskynende oggendlig lyk dit sprokiesmooi, soos die prentjies op die Kerskaartjies wat sy ma altyd van Engeland af gekry het. (1)

4.9 Die spanning bou geleidelik op en kom tot ’n hoogtepunt na die sterrereën in die grot die Verdwaalding vernietig. (1)

4.10 Die stersplinters is deel van die ster wat in 1838 in die Bokkeveld geval het. (1)

**[10]**

**ANTWOORDE**

4.1 Ruimte √ (1)

4.2 Alwetende verteller √ (1)

4.3 Inleiding/ Eksposisie √ (1)

4.4 Uiterlike konflik √ (1)

4.5 Karakterisering √ (1)

4.6 Ontknoping √ (1)

4.7 Personifikasie √ (1)

4.8 Vergelyking √ (1)

4.9 Klimaks √ (1)

4.10 Titel √ (1)

**[10]**

## LANGER VRAE

**Beantwoord die volgende vrae so volledig as moontlik.**

Let wel: Hierdie vrae kan óf skriftelik deur die leerders beantwoord word, óf dit kan as onderwerp vir ŉ groepsgesprek óf individuele mondeling hanteer word.

1. Wanneer Leopold en Frans op pad is na die hawegebied kry ons as lesers die indruk dat hy nie regtig daar wil wees nie. Verduidelik volledig hoekom hulle op pad is na die hawe en waarom Leopold eerder huis toe wil gaan. Wat gebeur op pad terug huis toe? (10)

2. Aan die begin van die roman sê Leopold dat die kleur van die dood rooi is en nie swart nie. Aan die einde van die roman is hy egter van mening dat rooi die kleur van die lewe is. Verduidelik volledig wat alles aanleiding gegee het tot hierdie verandering in sy siening. (10)

3. Die Sterbrigade. Die oggend op Groentemarkplein op pad terug huis toe, ná hy by die hawe was, ontmoet Leopold twee lede van die Sterbrigade. Die derde een sou hy eers later ontmoet. Verduidelik wie en wat die Sterbrigade is en wat hul taak eintlik was. (10)

4. Wat was die Sterbridgade se eintlike taak in hierdie verhaal? Verduidelik volledig hoekom juis dié persoon geoormerk is om "bevry" te word. (10)

5. Asem, die snuffelhond, het beide Leopold en Sarel as "prooi" uitgesnuffel om saam met die togryer na Kimberley te reis. Wat was oom Barend, die togryer, se plan hiermee? Waarom was Emily ook belangrik in hierdie opsig? (10)

6. Hierdie roman is ŉ vermenging van werklikheid en fantasie. Stem jy saam? Verduidelik hoekom jy so sê. (10)

**MEMORANDA VIR LANGER VRAE**

1. Baie mense is op pad na die hawe √ om na die Engelse skip Trojan te gaan kyk √ Dit is die eerste stoomskip met elektrisiteit. √ Leopold is bekommerd oor sy ma, √ want sy is baie siek. √ Oudok het gesê dat hy sy swart klere gereed moet kry √ omdat sy ma sterwend /begrafnis ophande is. √ Leopold wil eerder by die huis wees. √ Hy koop by Groetemarkplein boontjies vir Mieta. √ Hy sien 'n wit hond, 'n boggelrugman en 'n maer seun. √ (10)

2. Leopold se ma is siek. √ Daar is rooi bloed op haar sakdoek. √ Daar is rooi rose in die voortuin, √ 'n rooi roos op kis. √ Dit bring alles in verband met die dood. √ In Ceres tel Leopold die bergrosie wat deur meisie agtergelaat word op. √ Hy sien rose in haar dubbelverdiepinghuis se tuin. √ Wanneer juffrou Estrelita met lykswa vertrek, bly rooi roos agter as geskenk. √ Leopold raak verlief op Emily. √ Hy glo nou dat rooi die kleur van liefde/lewe en 'n simbool van hul toekoms saam is. √ (10)

3. Die Sterbrigade moes al die pyn en haat in die wêreld opspoor. √ Hulle moet dit dan na iewers tussen die sterre √ verwyder / wegvat. √ Asem, die hond, √ snuffel die pyn uit; √ oom Barend, die togryer, √ vervoer die pyn √ en juffrou Estrelita √ vat die pyn met haar vlieënde lykswa √ weg na 'n plek iewers tussen die sterre. √ (10)

4. Oom Arius, die tollenaar, was getroud met Vytjie. √ Hulle het twee kinders gehad. √ 'n Senator wat Arius wou dwing om met sý dogter te trou √ het gesorg dat Arius gearresteer word √ en sy vrou en kinders is weggevoer. √ Arius het hulle nooit weer gesien nie. √ Hy moes as bandiet die Michellspas help bou. √ Hy dwaal snags in berge rond, want hy is verbitterd en vol pyn en haat. √ Ná die meteorietstorting neem die Verdwaalding, as bose energie, van hom besit. √ Die Sterbrigade wou hom van hierdie pyn verlos. √ (10)

5. Oom Arius se twee kinders was Sarel/Sara se pa en Leopold se ma. √ Sara en Leopold is dus neef en niggie √ en bloedfamilie √ van oom Arius, die tollenaar, wat hul oupa is. √ Die Sterbrigade wou hulle drie bymekaarbring √ sodat oom Arius tot berusting kan kom / vrede maak met die verlede (Leopold en Sara) √ en ook die toekoms kan sien (Leopold/Emily) √ en van die bose Verdwaalding bevry kan word √ voor hy met juffrou Estrelita se lykswa √ na 'n plek tussen die sterre gevlieg word. √ (10)

6. Die werklikheid is Kaapstad / die hawe / Leopold se ma se dood en begrafnis. √ Die fantasie begin met hond (Asem) se vreemde gedrag. √ Die boggelrugman ken Leopold en Sarel by die naam. √ Oom Barend openbaar vreemde gedrag, want hy wil nie hê hulle moet sien wat op die wa is nie. Later vind Sarel (Sara) uit dat daar geen negosieware op sy transportwa is nie. √ Op Ceres raak oom Barend onverklaarbaar siek, hy stuur vir Leopold om medisyne te gaan haal, maar verdwyn dan sonder spoor. √ Emily kan die klippe hoor "praat". √ Hulle hoor die Verdwaalding se gebrul en Sara voel sy teenwoordigheid aan. √ Sara hoor ook haar voormense wat met haar praat/sing. √ Die jongmense het 'n konfrontasie met die Verdwaalding. Hulle los van die raaisel op om oom Arius van die bose gees te bevry. √ Die Sterbrigade se lykswa laat geen spore nie en verdwyn met oom Arius tussen die sterre. √ (10)

## KONSEP-VRAESTELLE

## KONTEKSTUELE VRAE

Die volgende vrae is gebaseer op die hele roman. Hierdie kontekstuele vrae sal die leerling help om vir die eksamen voor te berei. Elke vraag begin met 'n uittreksel uit die roman. Die reëls is aan die regterkant genommer. Die vrae is opgestel volgens die KABV-vereistes en voldoen aan die vereiste kognitiewe vlakke: 40% vrae is vlak 1-2 vrae, 40% vrae is vlak 3 en 20% is vlak 4-5. Die punte wat elke vraag tel is in ronde () hakies en die kognitiewe vlak word in vierkantige [] hakies aangedui.

# Vraestel 1

### Vraag 1

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

> "Leopold?" Geraamtevingers vou om syne.
>
> "Ek's hier, Ma."
>
> Haar ooglede fladder. "Ek moet . . . praat." Sy begin hoes en soek-soek na haar sakdoek. Leopold kry dit tussen die lakens en hou dit teen haar lippe. Toe hy dit wegvat, is dit vol donker spatsels.
>
> "Stadig nou, Ma," sê hy toe dit lyk of sy weer asem het. "Rus eers 'n bietjie."
>
> Isabella se kop rol heen en weer op die kussing. "Jy moet weet. Van hom . . ."
>
> Leopold druk haar saggies terug. "Van my pa?" vra hy die vraag wat hom al van kleintyd af pla. Isabella maak 'n gebaar met haar hand. "Swart. Die swart man. Hy weet." 'n Nare roggel rasper uit haar keel. "Jy moet uitvind wat gebeur het. Die boodskapper . . . Daar's fout."
>
> Dit lyk of die praat haar uitgeput het, want haar lyf smelt weg tussen die beddegoed.
>
> "Ma!" Leopold tik teen haar wang. "Asseblief, Ma, moenie my alleen los nie." Hy sak op sy knieë af en slaan sy arms om haar lyf.
>
> "Jy móét dit kry, Leopold. Anders ..."

1.1 Benoem die beeldspraak wat voorkom in die onderstreepte woord in reël 1. Verduidelik die funksie van hierdie beeldspraak. (2) [2.3]

1.2 Verduidelik volledig wat die donker spatsels op Isabella se sakdoek is. (2) [2]

1.3 Terwyl Leopold saam met Frans by die hawe was om na die Trojan te gaan kyk, voel hy skuldig omdat hy nie by sy ma is nie. Wat word hierdie tipe konflik genoem? (1) [2]

1.4 Waarna verwys Isabella in reël 7 wanneer sy sê: "Jy moet weet." (1) [3]

1.5 Wie is die swart man (reël 9) na wie sy verwys? Waarom word daar na hom verwys as die "swart man"? (2) [3]

1.6 Sou jy Leopold se ma as 'n sosiale vlinder beskryf? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

1.7 Verduidelik waar die geld vandaan gekom het wat betaal het vir Isabella en Leopold se luukse lewe. Waarom het die geld opgeraak? (2) [3]

1.8 Leopold se ma sterf as 'n bekommerde vrou. Waaroor was sy so bekommerd?

(1) [3]

1.9 Dink jy dit was ’n wyse besluit van Leopold om na sy ma se dood saam met Barend te reis om sy fortuin op die diamantvelde te gaan soek? Motiveer jou antwoord met twee redes. (2) [4]

1.10 Noem die name van drie belangrike persone wat Leopold op sy reis na Ceres ontmoet het. (3) [2]

1.11 In sy ma se beursie het Leopold ’n klip ontdek. Watter verband het die klip met die titel van die roman? (1) [3]

1.12 Leopold se ma sê op haar sterfbed dat hy dapper moet wees. Beskou jy vir Leopold as ’n dapper persoon? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

1.13 Verduidelik waarom Leopold die protagonis (hoofkarakter) in die roman is. (1) [2]

**[20]**

**Vraestel 2**

**<u>Vraag 2</u>**

“Oom Barend?” Toe die ou man net ’n hoesie gee, kniel Leopold langs hom.

“Die waterbalie, gou!” beveel hy in Sarel se rigting terwyl hy sy baadjie uittrek en onder Barend se kop indruk.

Barend maak ’n flou gebaar met sy hand. “Water . . . sal . . . nie . . . help . . . nie . . .” sukkel hy om die woorde oor sy lippe te kry.

“Nou wat dan, Oom?” Leopold kyk radeloos na Sarel wat net sy kop skud.

“Arius . . . Arius . . .” Barend se oë dop om en vir ’n oomblik is Leopold bang hy gaan sy bewussyn verloor.

“Iewers moet hier ’n dokter wees.” Sarel se stem bewe.

“Ek vra gou rond.”

“Nee,” Barend skud sy kop. “Leopold moet . . . tolhuis toe. Arius . . . Arius het medisyne.”

“Tolhuis toe?” herhaal Leopold uit die veld geslaan.

“Maar dis amper donker, ek sal mos nooit . . .”

“Luister na die ouman!” sis Sarel in sy oor. “Wat gaan van ons word as hy lepel in die dak steek?”

2.1 Waarheen was Leopold saam met oom Barend op pad? (1) [1]

2.2 Wie het vir Leopold na oom Barend gelei? (1) [1]

2.3 Verduidelik watter vreemde gedrag oom Barend tydens die eerste ontmoeting met Leopold openbaar het. Waarom was sy optrede oor die ware wat hy vervoer het tydens die reis verdag? (3) [3]

2.4 Verskaf TWEE redes vir die uiterlike konflik tussen Sarel, die touleier en Leopold. (2) [2]

2.5 Wat dink jy probeer oom Barend bereik deur voor te gee dat hy siek is? (2) [4]

2.6 Verduidelik waarom Leopold bang was om na die tolhuis te gaan om die medisyne te gaan haal. Gee TWEE redes. (2) [3]

2.7 Leopold het eers baie later ontdek wat die medisyne in werklikheid was. Wat het Emily dit genoem? Waarom het Sara en Leopold se voorwerpe wat hulle bewaar het ooreengestem met hierdie item? Waarom het Leopold dit bewaar? (3) [3]

2.8 Was Sarel die persoon wie hy voorgegee het om te wees? Verduidelik. (1) [2]

2.9 Watter ontdekking het Leopold gemaak toe hy teruggekeer het na Ceres? Watter vreemde verskynsel sien Leopold die volgende oggend? (2) [2]

2.10 Wat beteken dit as iemand "lepel in die dak" steek? (reël 14) (1) [2]

2.11 Stem jy saam dat dit klippe deel was van 'n bonatuurlike gebeurtenis? Motiveer jou antwoord met twee redes. (2) [5]

**[20]**

**Vraestel 3**

**<u>Vraag 3</u>**

"Dis oom Arius se private goed," sê Leopold weer, maar hy kyk nogtans oor haar skouer toe sy plat op die vloer gaan sit en die swart skryfboek op haar skoot neersit.

Emily staan op van die matras en stap nader.

Sara maak die boek oop. Leopold sien die eerste bladsy is vol geskryf in 'n sterk, vloeiende handskrif.

"Dis 'n dagboek," sê Emily. "En dis vol trane."

"Raas jou kop?" Sara kyk met skrefiesoë na haar. "Hoe kan 'n boek vol trane wees?"

"Wag, ek steek die kers aan." Leopold vroetel met die tontel en gou flikker daar 'n vlammetjie in die skemer vertrek.

Hy sit die vetkers op die vloer langs Sara neer. "Toe, lees!" por hy haar aan.

Sara trek 'n gesig. "Doen jy dit liewer," sê sy en druk die boek in Emily se hande.

Emily huiwer 'n oomblik, gooi haar hare dan oor haar skouer, gaan sit langbeen langs Sara en begin hardop lees.

3.1 Waar bevind die jongmense hulle en hoekom is hulle daar? (2) [2]

3.2 Waar het hulle die dagboek gekry? Wat was die "private goed" waarna Leopold verwys? (2) [2]

3.3 Wat bedoel Emily wanneer sy sê dat die boek "vol trane" is? Hoe weet sy dit? (2) [3]

3.4 Later ontdek hulle 'n brief in die dagboek. Verduidelik wat die dreigement in die brief behels het. Het Arius hom gesteur aan die dreigement? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

3.5 Wat word bedoel wanneer gesê word dat iemand se kop "raas"? (1) [3]

3.6 Hoekom, dink jy, gee Sara die dagboek vir Emily aan om te lees? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2) [4]

3.7 Wie is die drie persone op die foto wat die kinders ontdek het? (3) [1]

3.8 Wat word geïmpliseer wanneer Emily sê dat die foto vol trane is? (1) [3]

3.9 Waarom dink jy het Arius geglo dat hy verantwoordelik was vir die dood van die vrou op die foto? (1) [4]

3.10 Wat is die familieverwantskap tussen Leopold en Sara? Hoe beïnvloed hierdie verwantskap dat die raaisel opgelos word? (2) [3]

3.11 Verduidelik hoe jy sal voel as iemand jou dagboek lees. (1) [5]

3.12 Watter tipe werk doen Arius? (1) [2]

**[20]**

## <u>VRAESTEL 4</u>

### <u>Vraag 4</u>

“So die Verdwaalding is nou ook vry?” vra Emily. “Dan beteken dit mos ek het verkeerd ‘gesien’. Leopold en Sara is nie hierheen gestuur om hom weg te jaag nie, maar om hom te help om terug te gaan na sy plek tussen die sterre.”

“Ek is julle diep dankbaar.” Daar is ’n krakie in Arius se stem. “Niks is vreesliker as om vasgeketting te wees waar jy nie hoort nie.”

“Net nog een ding: Waar pas oom Barend en Asem in die prentjie?” wil Sara weet.

’n Geheimsinnige glimlag kruip oor Arius se <u>leeragtige</u> gesig. “Engele het nie altyd vlerke nie, my kind.”

Verbaas kyk Leopold na hom. “Bedoel Oupa hy het ons aspris hierheen gebring? Om Oupa te help? Maar ek dog dan julle is kwaaivriende!”

Die geklop van ’n disselboom onderbreek die gesprek.

Arius staan op van die bankie. “Wie is in sulke weer op reis?” wil hy weet en stap na die agterdeur.

Sara sit haar hand op sy arm. “Moenie nou uitgaan nie, Oupa,” keer sy.

4.1 Verduidelik wie of wat die Verdwaalding was en hoe dit op die aarde beland het. (2) [2]

4.2 Op watter wyse is die Verdwaalding bevry? (2) [3]

4.3 Verklaar die gebruik van die enkel aanhalingstekens in reël 2 (1) [3]

4.4 Hoekom is oom Arius dankbaar teenoor Leopold-hulle? (1) [2]

4.5 Wanneer oom Arius sê dat niks erger is as om vasgeketting te wees waar jy nie hoort nie, verwys hy eintlik na TWEE dinge – een letterlik (fisies) en een figuurlik (geestelik). Wat bedoel hy? (2) [3]

4.6 Na watter engele verwys oom Arius wanneer hy sê dat engele nie altyd vlerke het nie. (3) [2]

4.7 Waarom het Leopold gedink dat oom Arius en oom Barend kwaaivriende is? (1) [2]

4.8 Waarna verwys die disselboom wat buite gehoor word? (1) [3]

4.9 Het die boek Raaiselklip jou oortuig van die bestaan van engele en bonatuurlike verskynsels? Motiveer jou antwoord deur afsonderlike verwysing na engele en bonatuurlike verskynsels. (2) [5]

4.10 Waarom dink jy kan die leser tot die gevolgtrekking kom dat Leopold wel sy fortuin gekry het? Gee TWEE redes. (2) [4]

4.11 Verduidelik waarom die metafories verwysing na Arius se gesig in reël 7 effektief is. (1) [3]

4.12 Watter karaktereienskap van Sara kom na vore in haar dialoog in reël 14? (1) [3]

4.13 Verduidelik wat het gebeur toe Arius wel na buite gegaan het. (1) [2]

**[20]**

**<u>KONSEPVRAESTELLE</u>**

**<u>NASIENRIGLYNE:</u>**

**Vraestel 1**

**Vraag 1**

1.1 Metafoor. √ (1) [2]

Leopold se ma se maer vingers word gelykgestel aan die van ’n geraamte. / Haar maer vingers is soos die vingers van iemand wat reeds oorlede is. / Die metafoor beklemtoon dat Isabella op haar sterfbed lê. √ (1) [3]

1.2 Die donker spatsels is bloed. √ Sy hoes bloed omdat sy tering/TB/tuberkulose het. / Sy is in ’n gevorderde stadium van tering, daarom hoes sy bloed. / Die bloed dui op haar naderende dood. √ (2) [2]

1.3 Innerlike konflik. √ (1) [2]

1.4 Sy wil hê dat Leopold moet weet van sy herkoms/ familiegeskiedenis / wie sy oupa is. √ (1) [3]

1.5 Oom Arius/haar pa / die tollenaar/ sy oupa. √
Leopold se ma het ’n geheimsinnige man met ’n swart jas ontmoet wat haar vertel het dat sy erfgeld van ’n geheime bewonderaar gekry het en dat sy elke maand ’n bedrag geld sal ontvang. √ (2) [3]

1.6 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy het gehou van moderne, modieuse dinge soos nuutste kleremodes en moderne (Victoriaanse) huis. / Sy het ook daarvan gehou om te dans en wou by al die belangrike geleenthede teenwoordig wees. / Frans sê dat Isabella hulle op die Trojan sou kry. / Sy het 'n moderne huis gekoop omdat sy graag mense wou onthaal. √ (enige soortgelyke antwoord) (1) [4]

1.7 Isabella het elke maand van Arius ontvang wat deur 'n boodskapper by die poskantoor afgehaal is. √ Arius het opgehou om die geld te betaal, want hy wou dit spaar om 'n sanatorium in Ceres te begin waar Isabella behandeling vir haar siekte sou kry. √ (2) [3]

1.8 Sy was bekommerd oor wat van Leopold gaan word na haar dood, want sy het geweet dat sy geen geld het nie en dat sy te veel skuld het. / Sy het haar bekommer oor Leopold wat wees gelaat sal word omdat sy geen geld gehad het nie. / Sy was bang dat Leopold weeshuis toe gestuur sal word omdat hy geen ander heenkome gehad het nie. √ (1) [3]

1.9 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, as hy nie saam met hom gereis het nie kon hy dalk in die weeshuis beland het. / Hy sou nooit sy oupa Arius en vir Sara, sy niggie, ontmoet het as hy nie saam met Barend gereis het nie. /Hy sou nie die diamante wat hy in oom Arius se skoorsteen ontdek het as hy nie saam met Barend gereis het nie. / Hy sou nie vir Emily ontmoet het nie. √√ (enige 2 of soortgelyke motiverings)
of
Nee, 'n mens kan nie enige iemand vertrou nie, oom Barend kon hom ontvoer en skade aangedoen het. / 'n Man in Ceres het gesê dat baie mense wat hul fortuin op die diamantvelde gaan soek het al dood is as gevolg daarvan. / Omdat hy nie gewoond is aan harde werk nie kon oom Barend hom dalk weggejaag het en dan het hy geen ander uitkoms gehad nie. / Dit is onveilig om saam met vreemdelinge te reis en boonop is daar roofdiere en skurke lang die pad wat hom kon doodmaak. √√ (enige 2 of soortgelyke motiverings) (2) [4]

1.10 Emily/ Arius / juffrou Estrelita / Sara √√ (3) [2]

1.11 Die klip was eintlik 'n stersplinter wat deel was van 'n reeks klippe en gelei het tot die oplossing van die raaisel oor die Verdwynding. √ (1) [3]

1.12 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy was dapper om op sy eie na 'n ander heenkome te gaan soek. / Hy was dapper om in die nag na die tolhuis te gaan om "medisyne" vir oom Barend te gaan haal/ Hy was dapper omdat hy vir Sara gaan soek het nadat sy agte Asem aangehardloop het. (enige ander motivering wat dui op dapperheid.) √ (1) [5]

1.13 Hy is die hoofkarakter, want al die gebeure in die roman draai om hom. / Die meeste verteltyd word aan hom afgestaan. / Hy is die fokuspunt in die intrige. / Hy ondergaan karakterontwikkeling (is 'n ronde karakter) omdat hy van 'n bang onervare seun van 'n ryk vrou verander in iemand wat bereid is om gevare te trotseer en sy man te staan. √ (1) [2]

**[20]**

**Vraestel 2**

**Vraag 2**

2.1 Hulle was op pad na die diamantvelde in Kimberley. √ (1) [1]

2.2 Asem / die wit hond met die gevlekte oor. √ (1) [1]

2.3 Hy het geweet wat Leopold se naam was. / Hy het geweet dat Leopold saam met hom op die transportwa gaan ry. √
Oom Barend het verhoed dat Sarel en Leopold kan sien wat op die wa gelaai was, √ maar Sarel het later uitgevind dat daar geen negosieware op die was, was nie. √
(3) [3]

2.4 Sarel het op Leopold neergekyk omdat hy nie in staat was om harde werk te doen nie. /Hy het hom "sawwe handjies" genoem en gedink dat hy ryk is. √
Leopold het daarop aangedring om meer te wete te kom oor Sarel en dit het aanleiding gegee tot konflik. √ (2) [2]

2.5 Hy wil Leopold dwing om terug te gaan na die tolhuis sodat Arius sy kleinseun kan sien en ontmoet. √
Hy wil hê dat Leopold moet help om Arius van die Verdwaalding te bevry. √
(oorweeg soortgelyke antwoorde) (2) [4]

2.6 Hy was bang omdat hy alleen in die donker twee myl na die tolhuis en twee myl terug na Ceres moes loop. / Hy was bang dat hy sou verdwaal. √
Hy was bang vir die Verdwaalding wat in die nag op die Skurweberge rondloop. √
(2) [3]

2.7 ’n Klip /deel van ’n meteoriet / stersplinters. √
Dit was alles deel van die ster wat uit die hemel geval het en die dit het soos ’n legkaart inmekaar gepas. √
Leopold het sy klip in sy ma se beursie gekry en dit bewaar as ’n gelukbringer. √
(3) [3]

2.8 Nee. Hy was eintlik ’n meisie (Sara) wat voorgegee het dat sy ’n seun is sodat oom Barend haar as touleier sou gebruik. √ (1) [2]

2.9 Hy het ontdek dat oom Barend, Sarel en sy was spoorloos verdwyn het. √ Hy sien ’n lykswa met ’n vroue koetsier en ’n beeldskone meisie wat in ’n doodskis lê. √
(2) [2]

2.10 Idioom: Om dood te gaan; te sterf. √ (1) [2]

2.11 Ja, die klip wat Emily onder haar kop gesit het, het veroorsaak dat sy gedroom het van Leopold en Sara wat spesiale krag het. / Emily glo dat die klippe met haar praat. /
Die klippe het hulle gelei na die holkrans met die rotstekeninge. /
Die klippe het vir Sara, Leopold en Emily bymekaargebring. √√
(enige twee gemotiveerde feite. (2) [5]

**[20]**

**Vraestel 3**

**Vraag 3**

3.1 Op die solder √
Dit reën en hulle soek skuiling, want oom Arius is nie by die huis nie. √ (2) [2]

3.2 In die kis √ vroueklere √ (2) [2]

3.3 Dit is vol hartseer/tragiese inskrywings van oom Arius se vrou en kinders. √ Sy is heldersiende / met die helmet gebore / "weet" dinge intuïtief. √ (2) [3]

3.4 Dit was 'n dreigbrief van senator Koekemoer, hy om vir Arius te laat arresteer as hy nie met sy dogter wil trou nie. √ Nee, hy het met Vytjie getrou en het twee kinders by haar gehad. √ (2) [3]

3.5 Dat so 'n persoon stapelgek / kranksinnig / van sy verstand af is. √ (1) [3]

3.6 Sy kan nie lees nie. √ Emily sê in die laaste hoofstuk dat Leopold en Sara by hulle kan woon en dat Sara by die nuwe goewernante kan leer lees. √ (2) [4]

3.7 Vytjie/ Arius se vrou √ sy dogter /Leopold se ma √ en seun /Sara se pa √ (3) [1]

3.8 Dit impliseer dat Arius baie hartseer was omdat Vytjie en sy kinders van hom af weggeneem is. / Arius het berou gehad oor Vytjie se dood, sy seun wat niks van hom wou weet nie en sy dogter aan wie hy nie sy identiteit bekend gemaak het nie. /Hy het baie gehuil wanneer hy na die foto van sy gesin gekyk het. √ (1) [3]

3.9 Hy het gevoel dat hy haar lewe in gevaar gestel het om met haar te trou. /Hy het besef dat die verontagsaming van die dreigement veroorsaak het dat sy dood is. √ (1) [4]

3.10 Hulle is niggie en nefie / hulle ouers was broer en suster / Hulle is oom Arius se kleinkinders. √

Hulle moes as deel van die raaisel mekaar omhels om die Verdwaalding te laat verdwyn. √ (2) [3]

3.11 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sal baie kwaad wees, want ek skryf persoonlike goed in my dagboek en wil nie hê almal moet daarvan weet nie. √ (enige aanvaarbare verduideliking wat gevoelens uitdruk) (1) [5]

3.12 Hy is 'n tollenaar / Hy vorder tolgeld by die tolhuis. √ (1) [2]

**[20]**

**Vraestel 4**

**Vraag 4**

4.1 Hy was 'n "geheimsinnige teenwoordigheid" √ wat saam met die vallende ster op die aarde beland het. √ (2) [2]

4.2 Die drie jongmense het hom gekonfronteer met die verlede, hede en toekoms (liefde) √ en die sterre het losgekom van die rots, hom omsirkel en hy het in die hemelruim verdwyn na waar hy vandaan kom. √ (2) [3]

4.3 Die woord word buite konteks gebruik. / Dit verwys na die feite dat Emily heldersiende is, sy het dit nie fisies (letterlik) gesien nie. / Dit beklemtoon die figuurlike betekenis van sien. √ (1) [3]

4.4 Hy is dankbaar omdat hulle hom (as oupa) vergewe het vir die onreg van die verlede. / Hy is dankbaar dat hulle hom van die Verdwaalding bevry het. (enige 1) √(1) [2]

4.5 **Letterlik**. Die Verdwaalding wat nie kon terugkeer na sy tuiste nie – en besit geneem het van sy (oom Arius) se liggaam. √
**Figuurlik**. Hy (oom Arius) wat vasgevang was deur sy haat, woede en skuldgevoel. √
(2) [3]

4.6 Asem (die hond), √ oom Barend (die togryer) √ en juffrou Estrelita (die koetsier). √
(3) [2]

4.7 Hy en Sarel (Sara) het gehoor hoe dié twee in die tolhuis argumenteer. √ (1) [2]

4.8 Die lykswa wat gearriveer het. √ (1) [3]

4.9 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, ek glo dat engele bestaan, veral beskermengele, want daagliks word mense op 'n vreemde wyse beskerm teen gevare. √
Nee, ek glo nie aan bonatuurlike verskynsels nie, baie dinge wat gebeur kan wetenskaplike verklaar word al lyk dit soms asof dit bonatuurlik is. √
(Hierdie vraag kan positief of negatief beantwoord word. Ken punte afsonderlik toe vir elke deeglike motivering) (2) [5]

4.10 Persoonlike opinie, byvoorbeeld:
Hy het sy eie familie leer ken en voel nie meer asof hy alleen op aarde is nie. / Hy het sy niggie Sara leer ken. /
Hy het diamante in die skoorsteen ontdek en het nie meer finansiële hulp nodig nie. /
Hy kan nou vir Moos en Mieta laat haal en vir hulle sorg. /
Hy het die liefde van sy lewe gekry en kan met Emily trou. √√

(enige aanvaarbare redes gegrond op die inhoud van die roman) (2) [4]

4.11 Dit is effektief, want oom Arius is oud/ sy vel is verweer deur die son en lyk soos leer. √ (1) [3]

4.12 Besorgdheid / liefdevol / vertedering /simpatiek/ agterdogtig / behoedsaam. √
(1) [3]

4.13 Hy het op die lykswa geklim en is weggevoer deur die Sterbrigade. √ (1) [2]

**[20]**

# VERRYKINGSAKTIWITEITE

## MONDELINGE OEFENINGE: Voorbereid en onvoorbereid

**Wenke vir geslaagde toesprake, dialoë en monoloë**

- Praat hard en duidelik.
- Maak oogkontak met die gehoor – moenie net voorlees nie.
- Dramatiseer die karakter. Moenie net met jou gewone stem en lyftaal praat nie – jy moet bereid wees om kanse te vat!
- Luister wanneer die ander karakter tydens ŉ dialoog praat. Maak asof jy die woorde werklik vir die eerste keer hoor.
- Moenie vrae gebruik waarop net met ŉ "ja" of ŉ "nee|" geantwoord kan word nie.
- Gee kreatiewe antwoorde om dit vir die gehoor interessant te maak om daarna te luister.

**<u>OPDRAG 1: Dialoog</u>**



Jy en ŉ maat is op pad na die Kaapstadse hawegebied om na die Engelse stoomskip *Trojan* te gaan kyk. Jou vriend is baie bekommerd omrede sy ma sterwend is. Vertroos jou vriend met bemoedigende woorde terwyl hy aan jou verduidelik hoe bekommerd hy is oor hul vooruitsigte. Trouens, hy wil nie eintlik saam met jou na die hawe gaan nie en jy probeer hom gerusstel omdat jy nie sonder hom wil gaan nie. (Wenk: probeer ook om van die argitektuur en modes van daardie tyd by jul dialoog te betrek – met ander woorde – gee ook aandag aan die visuele aspekte van die omgewing/buurt waarbinne julle bevind.)

[20]

**OPDRAG 2: Dialoog**



Ten tye van Leopold se ma se afsterwe was sy ŉ baie bekommerde persoon. Vertel aan ŉ klasmaat wat jou bekommernis presies is. Daardie klasmaat kan die rol van Mieta, óf ŉ vriendin óf Oudok vertolk. Jou klasmaat moet probeer om jou raad te gee en/of te bemoedig.

[20]

**OPDRAG 3: Eie mening**



Wat dink jy? Sou jy vriende wou wees met enigeen van Leopold, Sara of Emily? Dink ŉ bietjie daaroor na en motiveer jou antwoord. Verduidelik onder andere ook hoekom jy nie juis met die ander twee vriende sou wou wees nie. [20]

**OPDRAG 4: Eie mening.**

*Raaiselster* is ŉ historiese roman. Hou jy daarvan om historiese romans te lees? Hoekom dink jy is dit belangrik om historiese romans te lees OF hoekom is dit ŉ mors van tyd? [20]

**OPDRAG 5: Voorbereide toespraak**

Hieronder is 'n foto van 'n transportwa se wiel. Sou jy daarvan gehou het om in die tyd te gelewe het toe goedere daarmee vervoer is? Doen 'n bietjie navorsing en vertel die klas hoe die lewensomstandighede daardie tyd was. Dalk was daar selfs voordele aan verbonde. Wat dink jy? [20]




**OPDRAG 6: Groepsgesprek/Debat**

Spoke. Glo jy in spoke of bonatuurlike wesens? Verdeel die klas in twee groepe. Die een groep glo wel in spoke en die ander groep dink spoke bestaan nie. Gesels met jou klasmaats en gebruik soveel argumente daarvoor óf daarteen wat julle op daardie oomblik aan kan dink. Dit is nie nodig om hiervoor voor te berei nie. Die onderwyser kan aan die einde besluit watter groep se redenasie hom/haar oortuig het. [20]



**OPDRAG 7: Voorbereide toespraak**

Meteoriete. Berei 'n formele toespraak voor oor meteoriete. Probeer ook op spesifieke gevalle van 'n meteoriet wat in Suid-Afrika geval het, by jou toespraak te betrek. [20]



**OPDRAG 8: Voorbereide toespraak**






Sara se voormense is van die eerste mense wat ooit geleef het en hul beskawing is van die oudstes waarvan ons weet. Berei 'n formele toespraak voor oor die Khoikhoi en San-kulturele wat gesamentlik bekend staan as die Khoisan. Probeer om soveel visuele materiaal as moontlik tydens jou aanbieding te gebruik. [20]

**OPDRAG 9: Onvoorbereid óf voorbereide toespraak**

Diamantontdekking. Hieronder is 'n foto van diamantdelwers buite Kimberley. Stem jy saam dat die ontdekking van diamante 'n besonder belangrike rol in ons land se geskiedenis gespeel het? Verduidelik hoekom jy so dink. [20]



**OPDRAG 10: Rolspel**



Hofsaak. Skep ŉ dramatiese voorstelling van oom Arius se verhoor. Daar moet ses persone aan hierdie hofsaak deelneem: die regter, aanklaer, advokaat vir die verdediging, oom Arius as aangeklaagde, plus senator Koekemoer en sy dogter wat as getuies optree. Beide die aanklaer en advokaat vir die verdediging moet die geleentheid kry om sowel die aangeklaagde as die twee getuies te ondervra. Die regter gee deurentyd leiding aan die verhoor en spreek ten slotte die vonnis uit. [20]

**OPDRAG 11: Rolspel**



Jy en twee maats is oom Barend, Asem en juffrou Estrelita. As lede van die Sterbrigade is dit jul taak om oom Arius van die Verdwaalding te bevry. Maar hoe kan dit gedoen word? Hoe gaan julle daarin slaag om al die bitterheid en woede uit sy sisteem te kry sodat die Verdwaalding nie meer ŉ houvas op hom het nie? [20]

**OPDRAG 12: Monoloog**

Jy is oom Arius. Dit is die oggend ná jy bewus geword het van ŉ vreemde teenwoordigheid wat van jou besit geneem het. Jy sit met die verskeurde karkas van ŉ bokkie voor jou en jy wonder wat gebeur het dat jy só ŉ verskriklike daad kon pleeg. Probeer om sin te maak uit jou lewe op dié tydstip. [20]



**OPDRAG 13: Monoloog**

Jy is Emily. Jy het die jongman, Leopold de Villiers, gesien waarvan die stersplinters jou vertel het. Wat nou? Gaan dit hulle wees wat die Verdwaalding gaan verjaag en tot die dorp se redding kom?! Gee jou gedagtes weer. [20]




**Opdrag 14: Improvisasie**

Dit is die oomblik in die tolhuis ná oom Arius besef dat hy bevry is van die Verdwaalding. Voor hom staan sy kleinkinders met hul vriendin, Emily. Hulle het baie vrae en soek antwoorde. Ook oom Arius, want hoe het hulle geweet wat om te doen?!

Voer nou dié situasie op in ŉ ensemble van vier. Gebruik stukke dialoog uit die teks indien julle wil, maar voel ook welkom om te improviseer. Dit sou byvoorbeeld interessant wees om dié gegewe oor te plaas na die moderne tyd. Eindig die improvisasie wanneer die geluid van die disselboom buite gehoor word – of is dit die geluid van ŉ helikopter wat kom land? – terwyl die jongmense desperaat probeer keer dat oom Barend buitentoe gaan en in die hemelruim verdwyn. [20]

## BLOKKIESRAAISELS: Karakters, plekke en strukturele elemente

### <u>Blokkiesraaisel 1: Karakters</u>




**<u>AF</u>:**

1. Hy was soos 'n pa vir Leopold.
2. Hy was meer 'n teenwoordigheid as 'n fisiese wese.
4. Die soeker na haat en pyn.
6. Huishoudster.
7. Bergrosie.
9. Hulle roep my naam! Hulle klap hande.
11. Niks is erger as om vasgeketting te wees waar jy nie hoort nie.

**<u>DWARS:</u>**


3. Rooi is die kleur van dood.
5. Die transportryer.
6. Mieta en ...
8. Die koetsier.
10. Jy móét dit kry, Leopold. Anders ...
12. Leopold se vriend.

**ANTWOORDE**

Oudok
Verdwaalding
Asem
Mieta
Emily
Sara
Arius

Leopold
Barend
Moos
Estrelita
Isabella
Frans

## Blokkiesraaisel 2: Plekke




**AF:**

1. Emily bly in so 'n huis.
2. Diamantveld.
3. Anderkant Ceres lê die ..... Karoo.
4. Almal gaan hier na die goëlaar kyk.
5. Hier sneeu dit dikwels.
10. Waar die Verdwaalding ronddwaal.
12. Arius se huis.

**DWARS:**


6. Duskant Ceres.
7. Dit is waarheen die Sterbrigade al die seer vat.
8. Die Verdwaalding kom vanuit die .....
9. Hulle hou nagmaal.
11. Sien die boggelrugman hier.
13. Waar die jongmense die rotstekeninge kry.
14. Leopold-hulle se huis is in dié buurt.

**ANTWOORDE**

Dubbelverdiepinghuis
Kimberley
Tankwa
Hotel
Matroosberg
Skurweberge
Tolhuis

Wamakervallei
Sterre
Ruimte
Ceres
Groentemarkplein
Grot
Tuine

## Blokkiesraaisel 3: Struktuurelemente




**AF:**

1. Wat tot die finale konfrontasie aanleiding gee.
3. Wanneer antwoorde op al die vrae verskaf word.
5. .... is om die leser visueel binne 'n bepaalde ruimte te plaas.
8. Leopold gaan saam met die togryer Kimberley toe.
10. Sara, Emily en oom Arius.
12. As Sara Leopold spot oor sy "sawwe handjies".
15. Die hoogtepunt waarheen die spanningslyn opbou.
18. Die teenoorgestelde word gesê as wat bedoel word.
21. Die sentrale (belangrikste) idees waaroor die storie handel.

**DWARS:**

2. 'n Botsing tussen persone of idees.
4. Konflik kan óf innerlik óf ..... wees.
6. 'n Deurlopende tema of motief.
7. Die morele les.

**ANTWOORDE**

krisis
ontknoping
inkleding
ontwikkeling
newekarakters
sarkasme
klimaks
ironie
temas

konflik
uiterlik
leitmotief
boodskap

| | | |
|---|---|---|
| 9. | Die optrede van karakters. | handeling |
| 11. | As die verteller 'n karakter is, is dit 'n ..... verteller. | interne |
| 12. | Om te wil weet wat volgende gaan gebeur. | spanning |
| 13. | Oom Barend raak onverwags siek. | verwikkeling |
| 14. | Wanneer die verteller op 'n karakter fokus word daar ..... | gefokaliseer |
| 16. | 'n Ander woord vir "agtergrond" of "ruimte" en tyd. | milieu |
| 17. | Die ..... begin wanneer Leopold se ma sterf. | intrige |
| 19. | Die derdepersoonsperspektief is 'n ..... verteller. | alwetende |
| 20. | Die chronologiese volgorde van gebeure. | storie |
| 22. | 'n Ander woord vir "karakters". | personasies |
| 23. | Hoe vinnig gebeure op mekaar volg. | tempo |

**Die tolhuis in Michellspas.**




*Foto met vergunning verkry uit die Togryersmuseum se fotoversameling, Ceres*
*http://www.ceresmuseum.co.za/*

**SKRIFTELIKE OPDRAGTE:**

**Opdrag 1: Informele brief (Isabella de Villiers aan Leopold)**

Dit is duidelik dat Isabella de Villiers baie bekommerd is oor Leopold se toekoms omrede daar geen erflating is vir hom nie. Verbeel jou jy is Isabella. Skryf ŉ brief van 120 tot 140 woorde aan jou seun Leopold waarin jy probeer verduidelik hoe dit gebeur het dat hy nou wees gaan wees en sonder heenkome ná jou dood. [10]

**Wenke:**

Onthou om eers jou brief te beplan. Aspekte wat jy waarskynlik sal wil betrek, is die volgende:

- Jou omstandighede in die Kaap sonder ouers.
- Jou swak keuse ten opsigte van ŉ lewensmaat (Leopold se pa).
- Die man met die swart jas wat jou elke maand ŉ bedrag geld gegee het.
- Die boodskapper wat jy elke maand moes stuur om die geld te gaan kry.
- Die geld wat opgedroog het, kort ná jy siek geword het.
- Jou leefstyl – die liefde vir modieuse klere en die moderne huis.
- Beklemtoon hoe belangrik dit is om die man met die swart jas op te spoor.
- Vertel hom hoe lief jy is vir hom. Bedank hom vir die goeie seun wat hy is.

Onthou die regte formaat:

- Jou adres kom REGS BO.
- Onthou die datum. Probeer self uitwerk wat die regte datum min of meer is.
- Hoe sal jy jou seun aanspreek in die aanhef van jou brief?
- Hoe sluit jy jou brief af? Onthou hierdie is ŉ historiese tyd toe die mense geneig was om baie formeel te wees met mekaar.

**Opdrag 2: Informele brief (Leopold aan Mieta)**

Jy is Leopold en ná afloop van die gebeure skryf jy ŉ informele brief van 120 tot 140 woorde aan Mieta. Vertel hoe dit gebeur het dat jy op Ceres beland het, die meisie van

jou drome ontmoet het en óók jou erflating. Vertel van jou niggie Sara en jul toekomsplanne. En dan – ten slotte – nooi jy haar en Moos om in die tolhuis te kom bly. Probeer om dit so oortuigend as moontlik te stel. [10]



**Opdrag 3: Dagboekinskrywing (Emily)**

Jy is Emily. Pas het jy vir Leopold raakgesien op die dorpsplein en jy besef dat dit die seun is waarvan die klippe (stersplinters) jou vertel het; die een wat die Verdwaalding gaan verdryf. Daardie aand skryf jy in jou dagboek ...

(Ongeveer 120 – 140 woorde) [15]

**Opdrag 4: Dagboekinskrywing (Leopold)**

Jy is Leopold. Tydens die reis met die transportwa hou jy dagboek. Jy is veral ontsteld oor Sarel, die touleier, se aggressiewe houding teenoor jou. Jy kan nie verstaan hoekom hy so afsydig is nie. En dan is daar ook nog oom Barend en die hond Asem wat bra eienaardig optree. Maak nou ŉ dagboekinskrywing oor jou ervarings tot dusver.

(Woordtelling: 120 – 140 woorde.) [15]

**Wenke**

Onthou, ŉ goeie dagboekinskrywing sal die volgende wees:

- Dit is ŉ uitdrukking van ŉ mens se persoonlike ervarings en emosies en daarom gebruik ons "ek" as vertellersperspektief.
- Dui emosie aan met ŉ uitroepteken óf vraagteken.
- Die inskrywing is privaat en daarom mag jy dinge skryf wat jy nie noodwendig teenoor iemand anders sal sê nie.
- Die inskrywing moet ŉ datum by hê.

**Opdrag 5: Resensie**

Hieronder is ŉ voorbeeld van ŉ resensie wat deur Lona Gericke geskryf is en wat sy op haar webtuiste geplaas het.

Gebruik dit as vertrekpunt en skryf jou eie resensie (bespreking) van *Raaiselster*. [25]

**Wenke:**

Onthou om die volgende inligting boaan jou resensie te plaas:

- Die boek se titel.
- Die uitgewer en jaar van publikasie.
- Die aantal sterre wat jy toeken (uit 5).
- Jou naam as resensent.

Daarna volg:

- ŉ Kort inleiding waarin jy verwys na Troula Goosen as skrywer en ook na haar vorige boeke.
- ŉ Kort opsomming van die storie, met die hoofkarakters as fokus.
- Dinge wat jy as besonder goed beskou.
- Dinge wat jou gehinder het.
- Samevatting.

**Goosen, Troula: *Raaiselster* (H&R, 2019).**

Met die eerste boek in hierdie historiese jeugroman reeks, *Raaiselklip*, het Troula Goosen reeds 12 – 14 jariges betower met die kombinasie van fantasie en avontuur wat afspeel in die Kaap van lank gelede.

*Raaiselster* neem sommer vanuit die staanspoor die leser mee op ŉ opwindende en verrassende avontuur met Leopold en sy reis saam met die togryer na die diamantvelde van destyds.

Die storie se ”verhoog” word geskep met Leopold wat na sy ma se dood haweloos en geldloos met net sy ma se beursie en onervare ŉ togryer se handlanger word omdat die ou man se hond Asem hom uitgesoek het om een of ander onverklaarbare rede. Sarel is die ander metgesel, en hy vertel hom gou dat dit ŉ gevaarlike rit gaan wees, veral met gerugte van die Verdwaalding wat in die Skurweberge ronddwaal. Die trio word aangevul deur die tolwagter Arius en in Ceres met die pragtige donkerkop meisie wat in ŉ lykswa ry en hom dadelik betower.

Emily se pa is ŉ geoloog, en hy bring gereeld stersplinters van ŉ ster wat in 1838 geval het huis toe.

Die raaisel verdiep as ook Leopold ontdek dat hy ŉ soortgelyke “klip” van sy ma ronddra, en wat is in die sakkie wat Arius vir oom Barend gestuur het? En toe is Sarel ook ŉ meisie Sara! Emily glo hulle is gestuur om haar te help om die raaisel van die stersplinters te verstaan.

Die swart doodskis van Arius ontsluit nog meer geheime oor hul herkoms; en dan is daar nog altyd die rondsluipende Verdwaalding waarvoor hulle almal baie bang is, en wat die leser menigmaal na jou asem laat snak!

Die verhaal ontwikkel tot ŉ interessante klimaks met Sara wat haar voorouers se teken vind, en vir al die karakters word die simboliese betekenis van die stersplinters, en die openbaring van die ware identiteit van die Verdwaalding waarin hulle almal ŉ sentrale rol speel, duidelik.

Hierdie is ŉ uitmuntende verhaal waarin geskiedenis, avontuur, raaisels, kalwerliefde en interessante karakters elkeen met ŉ persoonlike rol en plek, nou verweef word tot ŉ leeservaring wat jongmense sal betower. Stadig maar seker word elke stukkie van die raaisel bymekaar gebring, en die boodskap is duidelik dat elke individu kan bydra om iets positiefs en blywend te laat gebeur, en dat haat en hartseer tog met deernis uit hierdie Skurweberge kan verdwyn voordat dit die hele gemeenskap oorweldig en vernietig.

Troula Goosen verdien ŉ groot kompliment vir haar heerlike verbeeldingsvlug wat sy gebruik om soveel lesers te betrek by die genot van lees en die blywende waarde van ŉ goed beplande en deurdagte leeservaring.

Hoogs aanbeveel.

(Kyk by: http://lonareviews.blogspot.com/2019/08/van-towermeisie-en-n-kat-tot-n.html)

**Opdrag 6: Advertensie**


Wanneer Leopold-hulle in Ceres arriveer is daar omtrent ’n miernes van bedrywighede omrede dit daardie naweek nagmaal is, maar ook omdat ’n bekende goëlaar dié Saterdagaand in die plaaslike hotel optree. Gebruik nou jou verbeelding en ontwerp ’n advertensie vir die goëlaar se optrede.

**Wenke**

Inligting wat die advertensie behoort te bevat, is die volgende:

- Wie tree op?
- Wanneer vind dit plaas?
- Waar vind dit plaas?
- Hoe laat begin dit?
- Wat kos dit?
- Word daar eet- en drinkgoed verkoop?
- Is daar enige reëls of reëlings waarvan die mense moet weet?
- Waar kan meer inligting bekom word?
- Het jou plakkaat ’n treffende opskrif of slagspreuk?
- Is jou plakkaat kleurvol en interessant?
- Het jy dalk ’n prent van die goëlaar?

Hieronder volg ’n advertensie wat dalk as voorbeeld gebruik kan word.




**<u>Opdrag 7: Koerantberig</u>**

Gestel jy is ŉ verslaggewer by die *Ceres Herald*. Skryf ŉ koerantberig oor die gebeure aan die einde van die roman. (Woordtelling: 120-140 woorde.) [30]

**Wenke**

Onthou die volgende eienskappe waaraan ŉ goeie koerantberig moet voldoen:

- ŉ Treffende opskrif wat die leser se aandag trek.
- Deur wie is die berig geskryf?
- Die datum van die berig.
- ŉ Kort, samevattende eerste paragraaf wat die leser se aandag vasvang.
- Die vyf essensiële elemente van inligting, naamlik –
    - WIE het WAT gedoen;
    - WAAR het dit gebeur;
    - WANNEER het dit gebeur;
    - En WAAROM het dit gebeur.
- Bly by die feite en vermy onnodige woorde en beskrywings.

> ➢ As verslaggewer lewer jy bloot verslag van wat gebeur het en daarom moet 'n eie mening vermy word.

## Moontlike opstel-onderwerpe

**Opdrag 1**

By TWEE geleenthede word daar aan Leopold gesê dat hy dapper moet wees: eers deur sy ma op haar sterfbed en later deur oom Arius net voor hy buitentoe stap om met die Sterbrigade se lykswa na 'n plek tussen die sterre geneem te word. Wat is jou mening? Was Leopold 'n dapper persoon?

Skryf 'n **verhalende opstel** van ongeveer 150 tot 200 woorde met die volgende opskrif:

Die held in my lewe.

[30]

**Opdrag 2**

Die mense en hul doenighede moes sekerlik baie snaaks gewees het vir Asem, die snuffelhond. Skryf 'n **beskrywende opstel** van ongeveer 150 tot 200 woorde vanuit sy perspektief oor die gebeure waarvan ons lees. [30]



**Opdrag 3**

"Vergeet van gister se verkeerd en seer. Vat mekaar se hande, wees dapper en moenie toelaat dat die verlede julle toekoms steel nie."

Skryf 'n opstel van 150 tot 200 woorde waarin die woorde in die aanhaling voorkom. [30]

**Opdrag 4**

**Spoke**

Skryf 'n beredenerende opstel oor bogenoemde onderwerp.

**Opdrag 5**

# Engele het nie altyd vlerke nie

Skryf 'n verhalende, beskrywende of beredenerende opstel oor bogenoemde onderwerp.

**Verrykende aktiwiteit: Redigering**

Hieronder volg uittreksels uit Arius se dagboek. Die gedeelte is opsetlik oorgeskryf in die taal van daardie tyd, wat Hollands was. (Onthou: Afrikaans het toe nog nie bestaan nie!) Kyk nou of jy die foute kan regmaak sonder om na die Afrikaanse teks in die boek te kyk. Skryf dan die gedeelte oor en vergelyk dit met die oorspronklike teks op bl. 117. [10]

> *Gebore is ik op 27 April 1825 op de plaats Gatsfontein in de Bokkeveld van mijn moeder Hester en mij vader Franciscus van Aarde. Ek begin dese dagboek op 3 November 1845, op de vooraand van mijn huwelijk met mijn geliefde Vytjie. Wie dat later in de hande mog neemt tot kritiek, moet onthou dat ik dat schrijft sodat ons op gevorderde leeftijd kan terugkijk op de schoonste jare van onse lewe.*
> […]
> *De skuld voor Vytjies dood is mijn. Ek heb mijn straft gedragen.*
> *Maar ek heb mijn zoon verloor en mijn dochter in de steek gelaat.*
> *Hoe zal ik ooit daarvoor kan vergoed?*



## Bronnelys


Burger, Willie. *Die wêreld van die storie*. (2018: Van Schaik Uitgewers, Pretoria.)
Cloete, TT. *Literêre terme en teorieë*. (1992: HAUM-Literêr, Pretoria.)
Goosen, Troula. *Raaiselster*. (2019: Human & Rousseau, Kaapstad.)
Labuschagne, FJ et al. *Verklarende Afrikaanse woordeboek.* (2007: NB-Uitgewers, Kaapstad)
Meij, Koos et al. *Verhaal en student*. (1986: HAUM-Literêr, Pretoria.)
Metz, W et al. *K-TV Alles oor Suid-Afrika.* (1992: Struik Uitgewers, Kaapstad.)
Scheepers, Riana et al. *Die Afrikaanse Skryfgids*. (2012: Penguin Uitgewers, Johannesburg.)
Smuts, J P. *Die roman, 'n inleidende studie.* (1998: Human & Rousseau, Kaapstad.)


### Internetskakels


Resensie: J B Roux, Netwerk24
https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/historiese-roman-vir-vandag-se-kinders-20190804

Artikel. Rick Marais, Netwerk24
https://www.netwerk24.com/ZA/Hermanus-Times/Nuus/bettysbaaier-se-nuwe-raaisel-boek-20190710-2

Aankondiging. Boek-bederf, Facebookblad
https://hi-in.facebook.com/Boekbederf/posts/2266764010068287

Artikel: Netwerk 24, 'n ryke geskiedenis, 10 Junie 2013
https://www.netwerk24.com/tuis/Dekor/n-ryk-geskiedenis-20170914

Artikel: FAK-webtuiste
https://www.afrikanergeskiedenis.co.za/?p=14357